# E.G. JANSEN SE ROL IN BELANG VAN DIE AFRIKANERS IN NATAL

**P.J.J. PRINSLOO**
M.A., T.H.O.D.

Proefskrif voorgelê ter verkryging van die graad

**DOCTOR LITTERARUM**

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
(Departement Geskiedenis)

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

**PROMOTOR: PROF. P.F. VAN DER SCHYFF**

**VANDERBIJLPARK**
**JANUARIE 1987**

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

"Ek is gebore in Natal, het my hele lewe, buiten die laaste jare, in Natal gewoon en gewerk, en ek staan vir niemand terug wat betref my liefde vir Natal of my eerbied vir wat die Voortrekkers daar presteer het nie."

Persverklaring van adv. Jansen, Oktober 1936.

# INHOUD


VOORWOORD (vi)

INLEIDING 1

Voetnote : Inleiding 8

HOOFSTUK 1 : DIE KULTUURSITUASIE IN NATAL VOOR 1906

1.1 Die twee Blanke kolonisasies van Natal 10

1.2 Algemene lewensomstandighede in Natal en hoe dit adv. Jansen geraak het 13

1.3 Die sosiale, ekonomiese en maatskaplike toestande in Natal gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu 17

1.4 Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op Natal 21

1.5 Faktore en omstandighede wat die proses van Afrikaanse kultuurontwaking ingelui het 25

Voetnote : Hoofstuk 1 28

HOOFSTUK 2 : ADV. JANSEN EN DIE NATALSE POLITIEK

2.1 Adv. Jansen en die Natalse Boereverenigings : Voorlopers van die Afrikaner se politieke organisasie 35

2.2 Adv. Jansen en die Natal Volksvereniging 44

2.3 Adv. Jansen en die Suid-Afrikaanse Party 47

2.4 Adv. Jansen en die Natalse Nasionale Party 50

2.5 Aspekte van adv. Jansen se politieke loopbaan, 1929-1950 94

Voetnote : Hoofstuk 2 124

HOOFSTUK 3 : ADV. JANSEN EN DIE NATALSE PERSWESE

3.1 Adv. Jansen se betrokkenheid by Natalse tydskrifte 152

3.2 Adv. Jansen se betrokkenheid by Natalse nuusblaaie 158

Voetnote : Hoofstuk 3 177

## HOOFSTUK 4 : ADV. JANSEN EN DIE NATALSE TAALSTRYD


4.1 Inleiding 186

4.2 Adv. Jansen en die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging 192

4.3 Adv. Jansen se rol in die Suid-Afrikaanse Akademie, die Waak=saamheidskommissies en die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende in Natal

4.3.1 Inleiding 212

4.3.2 Adv. Jansen se Natalse verbintenis met die Suid-Afrikaanse Akademie 214

4.3.3 Adv. Jansen se rol in die Waaksaamheidskommissies 224

4.3.4 Adv. Jansen se rol in die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende in Natal 234

4.4 Adv. Jansen se rol in die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings 242

Voetnote : Hoofstuk 4 285


## HOOFSTUK 5 : ADV. JANSEN EN DIE POGINGS OM KULTUURHISTORIESE BAKENS TE VESTIG


5.1 Adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling 317

5.2 Adv. Jansen se rol in die bewaring van die Geloftekerkie op Pietermaritzburg 327

5.2.1 'n Oorsig oor die geskiedenis van die Geloftekerkie 327

5.2.2 Die Geloftekerk word weer volkseiendom 328

5.2.3 Die Geloftekerk as Voortrekkermuseum - die oordrag van die museum aan die regering 342

5.3 Adv. Jansen se rol in die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig 356

5.3.1 Die kiemgedagte van die monumentideaal 356

5.3.3 Die nasionalisering van die Voortrekkermonumentideaal 373

5.3.4 Adv. Jansen se rol in Natalse Voortrekkermonumentekomitees en -bewegings na 1931 379

5.4 Adv. Jansen se rol in die Pietermaritzburgse Voortrekkermuseum=komitee na 1938 450

Voetnote : Hoofstuk 5 480

HOOFSTUK 6 : 'N SAMEVATTING VAN ADV. JANSEN SE ROL IN BELANG VAN DIE AFRIKANERS IN NATAL 520

Voetnote : Hoofstuk 6 528

SUMMARY 530

BYLAE : 'N KORT LEWENSKETS VAN ERNEST GEORGE JANSEN 535

Voetnote : Lewenskets 549

BRONNE 553

# VOORWOORD

In die geskiedenis van Suid-Afrika is daar baie openbare figure wat 'n stempel op hul gemeenskap gelaat het. Baie min van dié persone het egter so 'n indrukwekkende rekord van volksdiens soos E.G. Jansen gelewer.

Die omvangrykheid van 'n studietema soos dié oor E.G. Jansen se bydrae tot die kultuurontwikkeling in Natal het noodwendig 'n uitwerking op die duur van die studie gehad. Aanvanklik is vir doeleindes van 'n M.A.-verhandeling aan die tema **E.G. Jansen se rol in die Afrikaanse kultuurlewe** gewerk. In die finale stadium van dié projek is, in oorleg met my studieleier, en juis as gevolg van die omvang wat dit toe reeds aangeneem het, besluit om die tema oor te hou en dit later vir 'n doktorale proefskrif aan te wend. Inmiddels is 'n ander tema, **Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag**, vir M.A.-doeleindes (en as deel van 'n omvattende projek van die Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO) aangepak en voltooi. Hierna is teruggekeer na die Jansen-tema en is dit deur verdere navorsing en 'n inkorting van die terrein omvorm tot die proefskrif wat nou voorgelê word.

Die finale omvang van die proefskrif mag moontlik die gemiddelde vereiste wat vir 'n doktorsgraad gestel word, oortref; die eenheidskarakter en afgerondheid van die tema het egter swaarder geweeg en tot gevolg gehad dat volstaan is met die massa navorsingsmateriaal wat oor vele jare en met groot moeite byeen gebring is.

'n Ander faktor wat die duur van die studie bepaal het, was die verspreidheid van bronne, hoofsaaklik in Pretoria, Bloemfontein en Natal. Navorsing moes hoofsaaklik gedurende vakansietye gedoen word.

Deeglike koerantstudie maak 'n noodsaaklike deel uit van 'n projek soos hierdie. Dit was tydrowend om 'n periode van byna vyftig jaar in hierdie bronne te deurvors, te meer so vanweë die feit dat die hoofbron, naamlik **Die Afrikaner**, slegs in Pretoria en Pietermaritzburg geraadpleeg kon word. Die gebrek aan toepaslike data in Engelstalige koerante het dit ook moeilik gemaak om die werklike kulturele verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende Natallers te peil. Baie belangrike gebeure in die Natalse Afrikanergeledere is nie in die Engelstalige nuusblaaie gerapporteer nie.

Daar is baie gewik en geweeg oor die indeling wat by die verwerking van die stof gevolg moes word. Eventueel is op 'n tematiese indeling besluit en wel omdat gevoel is dat dit Jansen se rol op die velerlei terreine die beste weergee. Onvermydelik bemoeilik dit die inskakeling van kleiner en oënskynlik losstaande dele. Ter wille van 'n geheelbeeld, word 'n beknopte lewenskets van Jansen as 'n bylae tot die proefskrif aangeheg.

Ten opsigte van die tegniese versorging van die proefskrif kan genoem word dat die name van die verskillende komitees en verenigings wat ter sprake is, in hul oorspronklike spelvorm behou is, byvoorbeeld Saamwerk-Unie en nie Saamwerkunie nie.

Hoewel dit normale praktyk is dat voetnote onder aan elke bladsy aangebring word, is vanweë praktiese oorwegings by die tik van die proefskrif van hierdie geykte manier afgewyk en die voetnote aan die einde van elke hoofstuk gelys. As gevolg van uiteenlopende bestaande stelsels vir die samestelling en skryfwyse van voetnote is geen besondere rigting of "skool" nagevolg nie, maar is eerder daarop gekonsentreer om deurentyd duidelik en eenvormig te wees.

'n Spesiale woord van dank aan al die personeellede van die argiefbewaarplekke en biblioteke waar die navorsing gedoen is. Ek wil graag my promotor, prof. Piet van der Schyff, baie hartlik bedank vir sy rol en aandeel in die vorming van my historiese bewussyn en akademiese ontwikkeling. Ek wil ook my opregte dank teenoor mev. Elza van Rooyen vir haar tikwerk en dr. Daan Wybenga vir die taalversorging van die proefskrif uitspreek.

P.J.J. Prinsloo
Januarie 1987

## INLEIDING

E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal was in wese 'n lewenslange volksdiens wat hy met grootse patriotisme enduit volvoer het. Hierdie onbaatsugtige diens aan sy volk was deel van 'n merkwaardige proses van kulturele ontwaking wat hom gedurende die eerste helfte van hierdie eeu landswyd in Afrikanergeledere voltrek het.

Die doel van hierdie studie is om die rol van E.G. Jansen in dié proses van kulturele ontwaking van die Natalse Afrikaner te ontleed.

Vir die ontleding is dit nodig om begrippe soos kultuur, selfbewussyn, nasionale kultuurbeeld en subkulturele groepe te omskryf, soos dit in die konteks van die studie gesien word.

Die begrip "kultuur"[1)] word in die konteks van die studie gesien as iets (**sui generis**) wat verklaar word deur die wyse waarop dit deur die Natalse Afrikaner gebruik is.[2)] Daarom word die begrip "kultuur"in die studie gebruik in terme van die struktuur, waardes en standaarde wat die Natalse Afrikaner in hulle eiesoortige omstandighede daaraan gegee het.[3)] Hierdeur word die begrip "kultuur" nie aan 'n definisie gekoppel nie, maar kry dit 'n dinamieser betekenis. Die Natalse Afrikaner se kultuurbegrip het immers saam met hulle selfbewussyn ontwikkel.

Dié ontwikkeling van die Afrikaner se selfbewussyn het deur 'n drieledige proses met 'n bepaalde ontwikkelingsvolgorde op dreef gekom. Die bepaalde ontwikkelingsvolgorde op die verskillende terreine van die Natalse Afrikaner se volkslewe was soos volg: die eerste terrein van

georganiseerde optrede was die onderwysgebied, tweedens die politieke terrein en derdens het die algemene kultuurverenigings soos debatsverenigings hernude lewe gekry.[4] Adv. Jansen se rol het veral om die politieke en algemene kulturele (geestelike goedere) ontwikkelingsprosesse gewentel. Adv. Jansen het self verklaar dat hy sedert 1905 altyd gepoog het om sy volk na die beste van sy vermoë op politieke en maatskaplike gebied te dien.[5]

So gesien, vorm die politiek ook deel van die algemene omskrywing van die woord "kultuur". Dit word tereg as 'n deel van die geestesgoedere van die begrip beskou.[6] In die ontwikkeling van die selfbewussyn van die Natalse Afrikaner is dit ook as karperd ingespan.[7] In dié studie word die politieke loopbaan van adv. Jansen as gevolg van die omvang van die onderwerp nie volledig bespreek nie. Daar word slegs op hooftrekke van daardie politieke bedrywighede van adv. Jansen gekonsentreer wat 'n invloed op sy loopbaan, en sy rol in belang van die ontwikkelende selfbewussyn van die Natalse Afrikaner gehad het.

Die bogenoemde standpunte oor die kulturele stelsel van die Natalse Afrikaner moet egter in 'n breër perspektief gesien word.

In die eerste plek is dit nodig om in 'n eksterne onderskeiding, die kulturele ontwaking wat in die geledere van die Natalse Afrikaner plaasgevind het, in nasionale verband te sien. In gekompliseerde multikulturele stelsels, soos in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik om tussen 'n "nasionale kultuurbeeld"en subkulturele groepe of sosiokulturele segmente te onderskei.[8]

Dit impliseer dat die Afrikaner 'n sosiokulturele segment van die "nasionale kultuurbeeld" van Suid-Afrika is.[9] In 'n studie soos hierdie

wat oor die Afrikaner handel, kan daar egter van 'n "nasionale kultuurbeeld" van die Afrikaner gepraat word en vorm die Natalse Afrikaner 'n subkulturele groep van die nasionale kultuur van die Afrikaner. Ander konsepte van die nasionale kultuur is onder meer, die nasionale kulturele karakter, institusionele gedrag en nasionale kultuurprestasies, wat alle segmente van die samelewing beïnvloed.[10)]

Hoewel die tweeledige onderskeid tussen nasionale en subgroepe getref kan word en elke segment afsonderlike behandel móét word, funksioneer die twee so interafhanklik dat nie een volkome verstaan kan word as dit nie met die ander in verband gebring word nie.[11)] In hierdie studie word die "nasionale kultuurbeeld" van die Afrikaner en die gepaardgaande interafhanklikheid van die Natalse Afrikaner se kultuurbeeld daaraan, nie beskryf nie. Daar word slegs op die aspekte gefokus as dit adv. Jansen se rol in Natal beïnvloed.

In die tweede plek moet 'n interne onderskeid oor die bogenoemde standpunt van die kulturele stelsel van die Natalse Afrikaner gemaak word. Dit vorm slegs een van drie komponente in die sosiale-aksie-sisteem wat in die studie ter sprake gaan kom. Die sosiale-aksie-sisteem bestaan uit drie onontbeerlike komponente, te wete die sosiale stelsel, die persoonlikheidstelsel van die verskillende individue, en die kulturele stelsel.[12)] Hulle - die samelewing, die mens en die kulturele stelsel - funksioneer ten opsigte van mekaar op basis van 'n bepaalde kragverhouding. Die samelewing en die kultuur dek mekaar nie volledig nie, die samelewing is grootliks 'n selfregulerende meganisme, terwyl die kultuur deur sy stelsel normes en waardes toeken wat vir die mens opdragte inhou.[13)]

Die funksionering van dié drie komponente van die sosiale-aksie-sisteem is in hierdie studie ondersoek en aan die hand van die navorsingsmateriaal getoets.[14)] Die rol van adv. Jansen, in belang van die Natalse Afrikaner, is uit die resultate gerekonstrueer.

Adv. Jansen se rol in Natal word tematies beskryf. In 'n oorsig van die kultuursituasie in Natal voor 1906 word eerstens gepoog om 'n agtergrond, waarteen adv. Jansen se optrede gesien moet word, te skep. Die agtergrondskets word deur 'n oorsig van sy politieke bedrywighede opgevolg. Dit het sy loopbaan bepaal en sy werksaamhede op die Natalse kultuurakker beïnvloed. Daar word derdens op adv. Jansen se rol in die Natalse perswese gelet. Hierna word sy betrokkenheid in die Natalse taalstryd beskryf. In die vyfde tema volg adv. Jansen se poging om kultuurhistoriese bakens vir die nageslag te vestig. Die werk word deur 'n kort samevatting van adv. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal afgesluit.

Hierdie tematiese indeling het in twee opsigte 'n bevredigende eindresultaat tot gevolg. Hierdeur word die beeldbaarheid van die **proses** van kulturele ontwaking van die Natalse Afrikaner verhoog. In die tweede plek tree die ontwikkelende selfbewussyn van die Natalse Afrikaner, wat deur die bogenoemde proses tot wasdom gekom het, ook deur die tematiese metode duideliker na vore.

Afgesien van dié tematiese indeling word die rol van adv. Jansen in belang van die Natalse Afrikaner ook deur verskeie fases gekenmerk.

Daar was eerstens 'n fase (1906-1917) waar adv. Jansen, in die gemeenskapsake van die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekendes, direk

en persoonlik betrokke was. Die jare vanaf 1906 tot 1910 was in hoofsaak 'n tydperk van ontluiking.[15] Die laaste gedeelte van die fase, die jare vanaf 1910 tot 1917, is deur 'n era van bewuswording van 'n eie waarde gekenmerk.[16]

Die eerste suksesse van dié ontluikende selfbewussyn in die Natalse Afrikanergeledere, het vir adv. Jansen 'n tweede fase ingelui. Dit was 'n fase van indirekte en minder persoonlike betrokkenheid by plaaslike kultuursake, maar dit het op provinsiale en nasionale vlak groter betrokkenheid van hom geverg. Die tydperk van 1917 tot 1929 kan seker 'n era van konsolidering genoem word.[17] Gedurende die volgende twintig jaar, sedert 1930, was adv. Jansen 'n deelgenoot van die Afrikaner se skeppende selfbewussyn op kultuurgebied.[18] Vanaf 1951 tot 1959 het hy die vrugte van sy lewenstaak gesien en nog steeds 'n bydrae gelewer.

Die fases is wel deur adv. Jansen se politieke loopbaan beïnvloed, maar dit is nie daardeur bepaal nie. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. 'n Rede is dat sy kulturele werksaamhede in tye van voorspoed en in tye van teëspoed onbaatsugtig voortgegaan het.[19] 'n Ander rede is dat hy nie vir materiële gewin sy volksgenote in dié opsig gedien het nie.[20] Die belangrikste rede hiervoor is seker dat adv. Jansen se werk op die Afrikaner se kultuurakker deur nuwe arbeidsvelde bepaal is, wat juis deur dié groep se ontwikkelende selfbewussyn geskep is.

Ten spyte van die talle algemene werke oor Natal en tientalle artikels waarin adv. Jansen figureer, is sy werksaamhede op die Afrikaner se kultuurakker nog nie volledig te boek gestel nie. Die volgende agt werke neem aspekte van adv. Jansen se openbare lewe onder die loep:

Uit die pen van G.S. Nienaber[21)] het gedurende 1933 die geskiedenis van die Afrikanerkultuursaak in Natal, vanaf 1838 tot 1928, as 'n eietydse baanbrekerswerk verskyn. Hoewel dit 'n algemene werk is, bevat dit die milieu waarin adv. Jansen se kultuurtaak ontplooi het.

In opvolging hiervan het adv. Jansen[22)] in 'n kort oorsig oor die werksaamhede van die Boereverenigings, ook sy aandeel in die verband, die lig laat sien.

O.J.O. Ferreira[23)] het in sy M.A.-verhandeling van 1970 die eerste wetenskaplike bydrae gelewer, waarin adv. Jansen se rol in die Sentrale Volksmonumentekomitee te vinde is. Die studie is gedurende 1975 gepubliseer.[24)]

Hierdie werk van Ferreira is ook die voorloper van 'n aantal wetenskaplike studies wat ander aspekte van adv. Jansen se openbare lewe nagevors het. A.J. van Wyk[25)] het gedurende 1977 'n doktorale proefskrif oor die politieke woelinge in Natal vanaf 1910 tot 1915, die lig laat sien. Hierin word die rol van adv. Jansen in die wordingsjare van die Natalse Afrikanerpolitiek weerspieël. 'n Gedeelte van die proefskrif is ook gedurende 1982, in 'n verwerkte en bygewerkte vorm, gepubliseer.[26)]

J.M. Aucamp[27)] was die derde student wat in 1979 'n studie voltooi het, waarin adv. Jansen se tweede kabinetstermyn nagevors is.

Die laaste wetenskaplike bydrae in dié verband het in 1981 verskyn. Mev. T. Jacobs[28)] het mev. M. Jansen se kulturele rol in Afrikanergeledere, in 'n M.A.-verhandeling weergegee. Uit die aard van die onderwerp word daar ook heelwat na adv. Jansen verwys.

Afgesien van adv. Jansen se omvangryke dokumentêre versameling[29) - in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en privaat versamelings van tydgenote en organisasies in die Vrystaatse, Transvaalse en Natalse Staatsargiefbewaarplekke, bied een bron 'n byna volledige beeld (tot 1932) van die Natalse kultuursake. Dit is **Die Afrikaner,** die enigste Nederlandse/Afrikaanse dagblad in Natal.[30) Die nuusblad bevat byna alle notules, verslae, artikels, lesings, toesprake en nuusberigte wat op die leefwyse van die Natalse Afrikaner in georganiseerde verband betrekking het. Vir die navorser wat dié mondstuk van die Natalse Afrikaner wil deurwerk, wag daar kostelike inligting. Dit is inderwaarheid 'n spieëlbeeld van die Afrikaner se geskiedenis in Natal.[31) 'n Volledige stel van die koerant word tans deur die Staatsbiblioteek op mikrofilm verfilm. Hierdeur sal navorsingswerk oor Natal vergemaklik word, omdat daar tans net dié een volledige stel van die koerant, te Pietermaritzburg, vir navorsing beskikbaar is.

**Voetnote : Inleiding**

1) Vergelyk R. Peterson, Production of culture, in Peterson, R.A. (ed.), The production of culture, p.8; L.A. White, The concept of cultural systems, pp.5, 125; R.L. Beals (etc.), An introduction to Anthropology, pp.25, 27, 38; M.J. Herskovits, Cultural relativism (ed. F. Herskovits), pp.147, 148; C. Geertz, The interpretation of cultures, p.5.

2) Vergelyk L.A. White, The concept of cultural systems, p.5.

3) Vergelyk M.J. Herskovits, Cultural relativism (ed. F. Herskovits), pp.39, 41, 90; G.C. de Haas, Cultuur en Cultuurbeleid, p.50.

4) Kyk p.192; vergelyk G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.121.

5) Die Afrikaner, 9.8.1927: Berig.

6) Vergelyk J.J. Honingman, Understanding culture, p.3.

7) Kyk p. 35 e.v.

8) R.L. Beals (etc.), An introduction to Anthropology, p.29; J.H. Steward, Theory of culture change, p.47.

9) G. Butler, The development of a South African national character , in Forum, vol. 10, no. 6, October 1961, p.9.

10) J.H. Steward, Theory of culture change, pp.64, 70.

11) J.H. Steward, Theory of culture change, p.67.

12) C. Geertz, The interpretation of cultures, p.145.

13) G.C. de Haas, Cultuur en Cultuurbeleid, p.52.

14) Vergelyk R.L. Beals (etc.), An introduction to Anthropology, pp.9, 10.

15) Kyk pp.37, 192, 328.

16) Kyk pp.42, 224, 242, 341.

17) Kyk pp. 54, 230, 257, 343.

18) Kyk pp.94, 372.

19) Kyk pp.82, 93, 109, 349, 371, 449.

20) Kyk pp.81, 186.

21) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal.

22) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911.

23) O.J.O. Ferreira, Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee.

24) O.J.O. Ferreira, 'n Volk se hulde.

25) A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915.

26) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal. Stigting en eerste verkiesing.

27) J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950.

28) T. Jacobs, Martha Mabel Jansen (1889 tot 1979) - 'n Kultuuroorsig.

29) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, PV 94.

30) Kyk p.159.

31) Vergelyk A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, pp. x, xi; A.J. van Wyk, Die Afrikaanse Koerantwese in Natal in NEON 18, Augustus 1975, pp.99, 100; A.J. van Wyk, Openbare mening, die pers en die historikus, in Historia, jrg. 21, nr. 2, Sept. 1976, pp.118, 119.

# HOOFSTUK 1

# DIE KULTUURSITUASIE IN NATAL VOOR 1906

## 1.1 Die twee Blanke kolonisasies van Natal

> "Die Afrikaner kon nog nooit, van volkswording af, sy kultuur en beskawing ongestoord ontplooi nie, daar was altyd groepe meer of minder aktiewe 'medespelers op die veld'".[1)]

Dié bewering ten aansien van die kulturele ontwikkeling van die Afrikaner in die algemeen, is soveel meer betekenisvol wanneer die kultuursituasie van die Afrikaner in Natal in oënskou geneem word. E.G. Jansen se rol in belang van die Natalse Afrikaner kan alleen in die regte perspektief gestel word as dit in die milieu gesien word waarin hy geleef het, en die knelpunte in die algemene lewensomstandighede in Natal aangetoon word. Dit het adv. Jansen se belangstelling in kultuuraangeleenthede tot skeppingsdade gebring, wat vandag kernaspekte van ons volkskultuur is. Dit sluit kultuuraspekte in soos tradisionele bedrywe van die Afrikaner, sosiale gebruike, die volkstaal, kerklike en verenigingslewe en tradisionele vermaak, en die vele ander samestellende onderdele van die volkskultuur.[2)]

In die oorsig van die Natalse kultuursituasie wat volg word die begronding en motivering van verskeie van die bogenoemde kultuuraspekte wat in die loop van die studie beskryf gaan word, gevind.

Natal is in oppervlakte die kleinste van die vier provinsies en geografies taamlik afgesonder van die res van die land. Vanaf seevlak tot aan

die voet van die Drakensberge klim die landskap weswaarts in die vorm van terrasse.[3] Die Drakenberge lê soos 'n reuse arm op die grens van die smal provinsie en skei dit van die res van die land. Dit is asof die afgesonderdheid en verwydering van die res van die land een van 'n mens se eerste gewaarwordings oor Natal is.[4]

Naas die Zoeloevolk, het die klein Britse nedersetting in Port Natal teen 1837 nog steeds net in die nabyheid van hul handelspos gewoon. In dié jaar het die eerste Voortrekkers langs die oostelike hange van die Drakensberge afgesak.[5] Die groot groep nuwe intrekkers het Natal vir die Westerse beskawing beveilig en 'n republikeinse staat tot stand gebring. Deur die tussenkoms van die Britse besetter is die Voortrekkerrepubliek tot niet gemaak en die kultuurbotsing tussen Boer en Brit op Natalse bodem ingelui.

Die oorsaak van die tweespalt tussen dié twee Blanke kultuurstrome in Natal lê in die andersheid van hul volksaard.

Die Afrikaner is kenbaar teen die agtergrond van sy landelike herkoms : as die 17de-eeuse veeboer-pionier leef die Afrikaner geïsoleerd in die binneland op basis van die ou Hollands-Afrikaanse kultuur. Dan volg 'n proses van kultuurdifferensiëring en eie kultuurvorming, waardeur die Afrikaner saamgebind word tot 'n nasionale lewenseenheid met 'n ontluikende bewussyn van nasionale apartheid. Die ontwikkeling is met die vestigingsfase van die Groot Trek bevestig, deur die vorming van 'n staatkundige vrye Afrikanernasie, onafhanklik van sentiment teenoor die buiteland.[6]

Hierteenoor staan die Engelssprekende met 'n ongeëwenaarde gebondenheid aan sy Britsheid en sy "home". Hierdie gebondenheid

aan die moederland deur 'n kulturele naelstring, kenmerk die geskiedenis van die Engelse nasionalisme in Natal. Hulle was in der waarheid: "'more English than the English' ... because of inherent fears of losing their identity, they are more ardently disposed to an unreal conception of England, English life, and the English connection."[7]

Onder sulke omstandighede is die handhawing van 'n tradisionele Britse kolonie in Suid-Afrika begryplik, omdat Britse sentiment uit iets meer as net hulde teenoor Brittanje spruit.[8] Dit het meegebring dat die Afrikaner in Natal eenvoudig nie te verstaan is sonder kennis van die innerlike en uiterlike beïnvloeding wat hy van die Brit ondergaan het nie.[9]

Die proklamasie van Natal in Mei 1843 as Britse kolonie,[10] het 66 jaar van ongesteurde Britse kolonisasie ingelui, waardeur die eertydse Republiek deur verskeie immigrasiepogings[11] in 'n ultra-Britse kolonie omskep is.[12] Na die anneksasie sou die Afrikaanssprekendes as politieke ondergeskiktes in 'n kulturele handhawingstryd gewikkel raak, om nie hul eiendomlikheid in die snel ontwikkelende Britsheid van Natal te verloor nie.[13]

Waar die Afrikaner kort tevore uit 'n Britswordende Kaapkolonie getrek het, het die meerderheid teen 1846 in die sogenaame "tweede trek"weer golf op golf uit die Britsbeheerde Natal getrek en daarna die moontlike herwinning van hul eertydse kortstondige magsposisie finaal uitgeskakel. Dié wat agtergebly het, het 'n oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap gevorm, geleë in die klein driehoek in die noord-weste van Natal, begrens deur die Drakensberge en die Buffels- en Tugelarivier.[14] Dié gebied, die Tugela-bekken, was van oudsher af gesog: "... from the beginning, like all frontier lands, they were wild and uncontrolled. To the old trekkers, these lands were the choices in all Natal. Well watered,

spacious, and with superb pasturage, they formed an ideal home for so rugged a community".[15)]

Dié Afrikaners kon geen politieke of kulturele drukgroep teen die steeds instromende Britse immigrante vorm nie, aangesien daar teen 1846 slegs ongeveer sestig Afrikaanse families in Natal woonagtig was.[16)]

## 1.2 Algemene lewensomstandighede in Natal en hoe dit adv. Jansen geraak het

Die regeringsvorm het heelwat onder die Britse vlag verander, want in 1843 was : "the machinery of government at a complete standstill; there was not a sixpence in treasury ... The sentences of the law courts were in most instances completely disregarded ... There was hardly one who had been in office but who candidly admitted that the Republic of Natal was a failure".[17)]

Britse setlaars het ook 'n gees van politieke vryheid in Natal laat posvat. Op 31 Mei 1844 is Natal as 'n aparte distrik onder beheer van die Kaapkolonie geplaas.[18)] In Desember 1845 het Martin West die eerste luitenantgoewerneur van Natal geword.[19)] Vanaf 1856 was Natal 'n afsonderlike kolonie met 'n gedeeltelik verkose wetgewende raad, wat van tyd tot tyd verander is. In 1893 volg die instelling van 'n parlementêre regering met genomineerde hoërhuis- en verkose laerhuislede. Die setlaars het na 'n halwe eeu van stryd met die Britse regering, verantwoordelike regering vir Natal verkry.[20)]

Die onderwysstelsel het met anneksasie ook grootliks verander, omdat dit met die oog op Britse belange georganiseer en uitgebou is.[21)] Terwyl die amptelike medium van onderrig voortaan Engels sou wees, is Nederlands slegs by vergunning toegelaat.[22)] Hoewel Nederlands nie

die Afrikanerkind se spreektaal was nie, was dit die skryf-, onderrig- en kerktaal.[23] Rondgaande onderwysers het Afrikanerkinders in talle privaatskooltjies en klasse in Nederlands onderrig.

Na die instelling van verteenwoordigende regering is 'n komitee aangestel om Natalse onderwystoestande te ondersoek. Dr. R.J. Mann is in 1859 as die eerste superintendent van onderwys aangestel. Tydens 'n legendariese inspeksiereis in 1860, het hy deeglik met die onderwystoestande in veral die Afrikaanssprekende gemeenskappe kennis gemaak. Sy verslag bied 'n beeld van die toestande in die plaasskole wat oor die Natalse platteland versprei was en waaroor informasie maar min was.[24]

Vir die nagenoeg 800 Natalse skoliere het die regeringsondersteunde onderwysgeriewe in 1860 uit die twee regeringskole te Pietermaritzburg en Durban, asook nege kleiner dorpskole bestaan. In die Afrikaanssprekende gemeenskappe was daar sewe of agt privaatskole waar rondgaande "onderwysers"hul onderrig gegee het. Die "skoolgeboue" van die een man onderwysers was meestal in plaasgeboue en skure ingerig. Hoewel dr. Mann waardering vir die werk van die rondgaande onderwysers gehad het, het hy voorkeur aan gevestigde skole gegee. Dié skole met Engels as voertaal was weer vir die konserwatiewe boere onaanvaarbaar. Die Afrikaanssprekende boere was wantrouig oor die koloniale regering se voorneme op onderwysgebied.

In 1875 het inspekteur Robert Russel 'n verslag oor regeringsondersteunde onderwys opgestel, wat op 181 besoeke aan 75 skole gebaseer was. Hy het weinig verbetering in onderwystoestande gevind. Plaasskole was nog steeds in waenhuise, skure, stoorkamers en huise ingerig en met karige meublement toegerus.

In 1876 is die probleem van bevordering na die sekondêre skool oorbrug deur die instelling van "Elementary Examinations", wat later die Natalse standerd-vi-sertifikaateksamen geheet het.

Die plaasskole het sedert 1887 'n subsidie per leerling van die regering ontvang, wat die noodsaaklikheid vir hul voortbestaan bevestig het. Op die wyse kon dié skole tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog die plattelandse Afrikanerkind onderrig en so sy eiesoortigheid handhaaf.

Natal het eers na die verlening van verantwoordelike regering in 1893, 'n Departement van Onderwys gekry.[25)]

Adv. Jansen het ook van al die bogenoemde onderwysgeriewe gebruik gemaak, wat die onderwysstelsel gebied het.[26)] Hy het sy eerste onderrig van sy vader ontvang. Die behoefte om iemand te kry wat Engels kon onderrig het daartoe gelei dat 'n mej. Wilcox, 'n dame uit Engeland, later as onderwyseres by hul plaasskool aangestel is. Sy het vir twee jaar by die Jansens ingewoon.[27)]

Dit het op 'n periodieke basis gebeur dat die leerlinge van 'n paar plaasskole op 'n sentrale plek vir inspeksie byeengebring is. Tydens een so 'n inspeksie het die inspekteur, mnr. Robert Russel, jong Ernest se skoolloopbaan soos volg beïnvloed: "I am not aware that I showed any particular promise but it was Mr. Russel who first suggested to my father that he should send me to a public school."[28)] Later het ds. H.F. Schoon, die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Ladysmith, die saak beklink. Hy het aangebied dat die elfjarige Ernest by hulle kon inwoon om die dorpskool by te woon. Ernest het na drie jaar tot standerd VII gevorder.

Mej. Wilcox, vir wie die Jansen-familie 'n groot geneëntheid gekoester het, het intussen na Durban verhuis waar sy by 'n getroude suster gewoon het. Sy het aangebied dat Ernest by hulle kon loseer, om sy skoolloopbaan voort te sit. Ernest was vir twee jaar die enigste Afrikaanssprekende skolier aan die Durban Boys' High School.[29]

As begaafde jong seun is "Janie"[30] se bekwaamhede aan die groter skool se strawwer mededinging onderwerp. Op die skoolbanke het hy en 'n Barrett-seun om die eerste plek in hul klas gewedywer.[31] Op die sportveld het Ernest aan die meeste van die sportsoorte deelgeneem.[32] Hy het sokker gespeel,[33] was 'n bouler vir die eerste krieketspan,[34] by twee geleenthede die Victor Ludorum en 'n knap Bisleyskut gewees.[35] Ernest het in 1897 die Cambridge Local Examination en die volgende jaar die matrikulasie-eksamen afgelê.[36]

Hierna het hy hom vir die "Exhibition" voorberei. Dit was 'n toets om vir 'n beurs aan 'n Engelse universiteit te kwalifiseer, en dit het met die Intermediêre Sertifikaateksamen van die Universiteit van Kaapstad saamgehang. Tot sy teleurstelling het skarlakenkoors hom 'n paar dae voor die eksamen platgetrek en die skoolhoof, mnr. Nicholas, het boonop besluit om die skool te sluit.[37] Weens die siekte en die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is Ernest vir 'n tydlank huis toe. In Augustus 1900 is hy terug na Durban Boys High en het in Desember die Intermediêre Sertifikaateksamen geslaag.[38]

Ernest het deur privaat studie vir die B.A.-graad aan die Universiteit van Kaapstad ingeskryf. Sommige van die onderwysers van die Durban Boys High School het hom gedurende 1901 met sy studie gehelp. Na slegs een jaar het hy die eindeksamen suksesvol afgelê.[39] Hierna het hy vir 'n tyd onderwys gegee.[40]

Ernest Jansen het na die voltooiing van sy B.A.-graad besluit om hom in die regte te bekwaam. In Mei 1902 het hy hom in Pietermaritzburg gevestig, waar hy by die firma van adv. K.H. Hathorn ingeskryf is. Terwyl hy sy leertyd by Hathorn en Kie uitgedien het, het hy deur privaatstudie in 1904 die L.L.B.-Preliminêr en 'n jaar later sy finale L.L.B.-graad verwerf.[41)] In 1906 is hy toegelaat om as prokureur te praktiseer. In 1908 is hy tot die Balie toegelaat, waarna hy tot 1910 vir sy eie rekening in Pietermaritzburg gepraktiseer het. In 1910 het adv. Jansen by H. Murray aangesluit en hulle prokureursfirma het as Murray en Jansen bekend gestaan. Die vennootskap wat 'n uitgebreide praktyk behartig het, het tot 1917 geduur.[42)]

## 1.3 Die sosiale, ekonomiese en maatskaplike toestande in Natal gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu

Die sosiale, ekonomiese en maatskaplike omstandighede van die Blanke setlaar in Natal, het die leefwyse van 'n pioniersamelewing weerspieël.

Pietermaritzburg is in die begin van die veertigerjare as 'n Boerelaer beskryf wat uit 100-150 strooihutte en 15 huise bestaan het. Selfs Durban het teen 1850 weinig tekens van bewoning getoon. Die hoofstraat was 'n stofgetrapte pad met 'n paar hartbeeshuisies aan weerskante daarvan.[43)]

Teen dié agtergrond het die nagenoeg 5 000 Britse immigrante, hoofsaaklik gesetel in die dorpe, 'n verstewiging van die Natalse bevolking bewerkstellig en 'n sosiale patroon geskep wat in die volgende dekades 'n trotse Victoriaanse karakter sou dra.[44)]

Die verskille onder die setlaars het van gegoede grondbesitters tot 'n bont versameling werkloses gestrek.[45] Die leefwyse in Pietermaritzburg het ook dié verskille weerspieël: "Polished boots would be the silliest thing. The woman wear no stockings and in house no shoes." Tog het Eliza Feilden opgemerk dat sy ten spyte van groot armoede in Natal geen bedelaars op straat gesien het nie: "Those who can scarcely get a sufficient meal will be seen with a silk dress, perhaps, on Sunday, unless they have been obliged to sell it."[46] Al die pioniers het met ontberings geworstel, wat meer as die helfte van die vroeë setlaars geruïneer het. Die oudste georganiseerde welsynsvereniging in Natal, die Benevolent Society, is in 1855 in Durban gestig.[47]

Die ekonomiese ontwikkeling van Durban en Pietermaritzburg is deur 'n gemengde ekonomie en 'n gees van bedrywigheid gestimuleer.[48] So het die kosmopolitiese gemeenskap[49] 'n ekonomiese raamwerk daargestel waarin deur veeboerdery, suiker-, katoen-, koffie- en teeverbouing Natal ekonomies op dreef kon kom.[50]

Teen 1887 was meer as die helfte van die 35 866 Blanke bevolking van Natal in die twee groot stedelike gebiede, Pietermaritzburg (9 251)en Durban (8 762) woonagtig. Hoewel Durban nie die voordele van 'n hoofstad soos Pietermaritzburg gehad het nie en ook nie oor 'n garnisoen beskik het nie, het die dorp groot vooruitgang getoon, Die verlenging van die spoorlyn na die steenkoolmyne in die Transvaalse goudvelde, die verbetering van die hawe na 1882 en die gevestigde suikerindustrie, het groot ekonomiese voordele vir Durban ingehou. Die Durbanse Korporasie het meer sake en industriële maatskappye verteenwoordig as wat die geval met Pietermaritzburg was. Durban was teen 1887 die belangrikste ekonomiese sentrum van Natal.[51]

'n Georganiseerde sosiale patroon het gouer in Pietermaritzburg as in Durban tot ontluiking gekom.[52)] Van 1843 tot 1914 was daar 'n Britse garnisoen in Fort Napier gestasioneer wat 'n belangrike rol in die sosiale en kulturele lewe van Pietermaritzburg gespeel het. Die garnisoensorkes het in die middae vir die dorpenaars musiek verskaf, voorsien in die behoefte van hubare vrygeselle en 'n mode vir amateur toneelopvoerings neergelê wat 'n kenmerk van die Pietermaritzburgse leefwyse was.[53)]

In 1844 is die Maritzburg Turf Club gestig en pogings is aangewend om 'n dramavereniging tot stand te bring.[54)] Daar was selfs 'n filharmoniese vereniging.[55)] Ander Pietermaritzburgse verenigings was die Natal Rifle Association, die Horticultural Society, die Sir Moses Montefiore Benevolent Fund, die Young Men's Christian Association (Y.M.C.A.), die Swimming Club, die Natal Football Association, die Natal Law Society en die Chamber of Commerce. In 1887 was daar elf Vrymesselaarslosies, drie Friendly Societies en 'n tak van die beroemde Victoria Club. Op kulturele front is ook The Mechanics' Institute gestig, 'n Victoriaanse gemeenskapsentrum vir dans, debatteerkuns, konserte en lesings. Ander vermaaklikhede was wedlope, verfynde aandpartye en busritte na Durban.[56)]

In Februarie 1846 het **The Natal Witness** aan die bykans duisend inwoners van Pietermaritzburg die stigting van die Book Society of Pietermaritzburg bekend gemaak.[57)] Hierdie vereniging en die openbare biblioteek het weer die weg gebaan vir The Natal and East African Society, wat in 1857 gestig is. Die vereniging wou 'n ware beeld van Natal, as drempel tot Oos-Afrika, vir Britse setlaars voorhou.[58)]

**The Natal Witness/De Natalsche Getuige** het op 27 Februarie 1846 sy verskyning in Pietermaritzburg gemaak. David Dale Buchanan het dit

tot Maart 1847 as 'n tweetalige weekblad uitgegee. Sedert dié datum is die **Witness** 'n eentalige nuusblad. Naas beriggewing oor regeringsake het dit Britse imperiale politiek luid in Natal verkondig. 'n Gematigder ondersteuner op dié gebied was die **Natal Mercury** wat in 1852 verskyn het.[59)]

Later het twee ander Engelse dagblaaie en verskeie Engelse dorpskoerante die invloed van die Natalse Britsheid, in propvol kolomme help bestendig.[60)]

Teen 1850 was Durban en Pietermaritzburg "hard at work trying to change themselves from frontier outposts, colonial dumps, or 'drops', into replicas of Victorian cities and suburbs, with coffee houses and assembly halls for meetings where the townsfolk closely followed the news of court, society and fashions in the weekly newspapers and in the serious reviews arriving regularly, and only six to eight weeks old, by steamers from Britain".[61)] In 1857 het Durban selfs sy eerste kunsuitstalling beleef.

In die sestigerjare van die vorige eeu het 'n Engelse besoeker Pietermaritzburg as 'n "clique-ridden" dorp beskryf.[62)] Die Britse gees is ook deur die vele immigrasieverenigings en -maatskappye versterk. Soos die stigting van The Female Middle Class Emigration Society in 1862, deur Maria Rye, wat ter aansporing laat hoor het: "to 'teach your portegees to emigrate, send them where the men want wives, the mothers want governesses, where the shopkeepers, the schools and the sick will thoroughly appreciate your exertions and heartily welcome your women'".[63)]

Na 'n anderhalf dekade en gestimuleer deur voortdurende immigrasie

vanuit die moederland, was die Britsheid van Natal 'n voldonge feit. Die Victoriaanse setlaar het die hartslag van die magtige Ryk sterk in hom voel klop, en sy Britsheid is voortdurend deur die vele Victoriaanse kweekplekke versterk wat sedert 1860 reeds hul invloed laat geld het.[64] Hierdeur kon die Britse kultuur tot 1900 'n gerieflike meerderwaardigheid opbou.

## 1.4 Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op Natal

Die Tweede Vryheidsoorlog het die kultuurstryd op Natalse bodem verskerp. Natal as 'n ten volle Brits-georiënteerde gebied was tydens die krygsverrigtinge 'n slaaf van sy dualistiese karakter.

Reeds voor die uitbreek van vyandelikhede was dit duidelik dat Natal as gevolg van sy strategiese ligging en historiese betekenis bestem was om veral in die eerste fase van die oorlog 'n belangrike rol te speel. Die Engelse was van mening dat die Boere Natal as hul regmatige eiendom wou herower.[65] Vanaf die uitreiking van die ultimatum van die Suid Afrikaanse Republiek, was die belangstelling van elke waarnemer in die eerste plek op Natal toegespits.[66]

Die Natalse regering was 'n slaafse navolger van Milner[67] en die breë Engelse publiek het hulle onvoorwaardelik agter Brittanje geskaar, vir onmiddellike en kragtige afrekening met Kruger. Hierteenoor het die Afrikaners simpatiek of rebels hul lotsgebondenheid aan die republieke getoon. So was die Natalse Volunteer Force 1 712 man sterk,[68] teenoor die ongeveer 560 Natallers wat hulle lot by die Transvalers ingewerp, en hulle so in gevaar gestel het om voor die geregshowe gedaag te word.[69]

In die distrikte Dundee en Newcastle is ongeveer 560 Natalse Afrikaners deur die Boere gewerf en bewapen. 'n Groot persentasie van die opgekommandeerdes wou neutraal bly, maar is eenvoudig gedwing om aan te sluit waarskynlik om te verhoed dat hulle later in hoogverraadsake teen werklike "rebelle"getuienis sou lewer.[70] Die Natalse goewerneur het op 15 Oktober 1899 krygswet oor al die Noord-Natalse distrikte afgekondig, waardeur simpatiseerders met die Boere moeilik met hulle kontak kon maak. Die Boere se aantog in Suid-Natal in November 1899 het verskeie Engelsgesinde inwoners suidwaarts laat vlug - hul besittings 'n heerlike buit vir bure, Swartmense en Boere.[71]

Op 26 April 1901 het Lord Kitchener verlof van die Britse Oorlogskantoor en Kabinet gevra om alle Kaapse en Natalse rebelle te skiet.[72] Chamberlain het op 20 Januarie 1902 verklaar dat aan bogenoemde rebelle nie soos aan die Kanadese rebelle van 1837 amnestie verleen kon word nie, aangesien eersgenoemde geen rede tot opstand gehad het nie, en volgens koloniale wette gestraf moes word.[73]

Die vernietigende oorlog het byna onuitwisbare spore op die land en die Afrikaanssprekendes gelaat: "Boereplase, tot kort tevore nog die bakermat van 'n eiesoortige beskawing, was kaal gestroop; afgebrande boerewonings, verwaarloosde landerye en weivelde bleek bespikkeld met die geraamtes van kuddes groot- en kleinvee, was alles swygsame getuienis van die beleid van verskroeide aarde wat op byna barbaarse wyse deur 'n meedoënlose vyand toegepas is. Die republikeinse Afrikaner was moeg en moedeloos, na siel en liggaam skynbaar gebreek en 'n willose werktuig van Britse oorheersing gemaak. Diep in baie harte het twyfel bestaan of hy ooit van die slag sou herstel en weer in die rigting van 'n eie bestemming sou kon beweeg."[74]

Dit is asof dié beskrywing van die uitwerking van die oorlog, 'n bevestiging van Ben Vorster (die mede-eienaar van **De Afrikaner**) se reisindrukke van die Natalse platteland is. Hy het in 1908 gevind dat die platteland op sommige plekke en in die lewensomstandighede van sommige Afrikaners, nog nie die spore van die oorlog kon uitwis nie.[75)]

Ben Vorster het die plattelandse Afrikaners in drie klasse ingedeel: Die eerste klas Afrikaners was "geleerd", ryk met aardse goed bedeel, en Engels magtig. Die groep het in die meeste gevalle Engelse tydskrifte en koerante gelees en so by die Britse denk- en kultuurwêreld ingeskakel. Die tweede klas was ook "geleerd" en in baie gevalle Engels magtig. Hulle pligsbesef het egter by die handhawing van hul volkseie gelê. Dit was in hoofsaak dié middelklas wat vir die Natalse Afrikaner se kulturele ontwaking verantwoordelik was. Die derde klas is as 'n groep beskryf wat "niets willen weten en denken als zij iets anders dan de Bijbel lezen ... En het helpt niets om met hen te spreken, zij weten van niets. Zij leven doelloos".[76)]

Hoewel die Natallers na die oorlog hul verwaarloosde plase weer opgebou en op stoflike gebied die vooruitsigte belowend gelyk het, het Vorster tog tot 'n ander gevolgtrekking gekom. Wat veral sy aandag getrek het was die vele "monumente" van die oorlog - die murasies van verwoeste wonings wat teen 1908 nog steeds op byna elke plaas te sien was. Sommige eienaars kon blykbaar nie sover kom om die plaashuis te herbou nie. In sommige gevalle het die familie in 'n opgeknapte waenhuis gewoon. Die meeste mense "zijn schijnbaar moedeloos geworden door de verwoestende oorlog".[77)]

Die minderwaardige posisie van die Afrikaner na die Tweede Vryheidsoorlog sou die Britse meerderwaardigheid in Natal nog verder

beklemtoon. Veral die faktore wat hieronder bespreek word, het bevorderlik op die Britse oorheersing in Natal ingewerk.

Die getalle van die Britse immigrante was voldoende om hulself te kon handhaaf. Die Afrikaner in Natal kon dus nooit die waarheid van die Engelse gesegde "there is safety in numbers" ervaar nie. Die gevoel van veiligheid wat getalle verskaf, het hy nie gehad nie.[78)] In Pietermaritzburg en Durban is die Afrikaner se invloed beperk deur die groot meerderheid Engelssprekendes, asook die feit dat byna alle sleutelposte deur "homeborn" Britte gevul is wat Britse idees en tradisies vooropgestel het. Teen die einde van 1887 was daar slegs twee Afrikaners (T.J. Nel en G.T. van Rooyen) in die Wetgewende Raad van dertig lede aanwesig.[79)]

Die lojaliteit van die Brit teenoor sy "home" het meegebring dat sy patriotisme eerder Brittanje as Natal tot voorwerp gehad het. Dit het hom 'n meerderwaardigheidsgevoel teenoor die Afrikaner gegee. Selfs die vestigingsbeleid van die Britse immigrante het Natal se Britsheid bevorder. Immigrante is so gevestig dat hulle hulle beroepe kon voortsit sonder enige kontak met Afrikaners.[80)] Hierteenoor het die geïsoleerde lewe op die verafgeleë plase begin verdwyn, want in Afrikaanssprekende gemeenskappe het nuwe modes en gewoontes posgevat: "Farmers of Cape-Dutch descent complained that their daughters were 'destroying their hair by cutting fringes on their foreheads', and insisting on fashionable English names, such as 'Lily' in place of 'Katarina'."[81)] Die Natalse Afrikaner het hom bedreig gevoel in dié skitterende juweel van die Britse kroon.[82)]

Die Voortrekkers het deur die oorwinning oor Dingaan, Europese kolonisasie in Natal moontlik gemaak. Met die Afrikaner se "tweede trek" uit Natal sou die koloniseringsmoontlikhede deur Britse immigrasie

benut word. Daarbenewens het die Britte die Zoeloes se militêre monargie weer in 1879 vernietig.[83] Die bogenoemde sake het die gevoel by Engelssprekendes laat posvat dat hulle die eintlike grondleggers van die Westerse beskawing in Natal is.[84]

Hierdie faktore, die diepgewortelde Victoriaanse tradisie in Natal, die Brit se roemryke verlede en trotse kulturele erfenis, tesame met die magspolitiek van 'n wêreldimperium, sou in Afrikanergeledere denasionalisering, onttaling en die ontwrigting van hul kulturele lewe teweegbring.

## 1.5 Faktore en omstandighede wat die proses van Afrikaanse kultuurontwaking ingelui het

Teen dié magdom Britse invloede moes die handvol Natalse Afrikaners veg om hul geestelike eiendomlikheid te handhaaf. Die Afrikaners het gevoel dat in 'n samelewing waar slegs Engels gegeld het, 'n tradisie posvat wat teenstrydig was met hul opvattings en lewenswyse.[85] Dit het 'n strewe na kultuurbehoud en selfhandhawing[86] laat ontkiem wat die Afrikaner se kultuurstryd in Natal ten grondslag gelê het. Hierdie strewe het tot die volgende reeks pogings gelei wat sedert 1844 voortdurend uit Afrikanergeledere geloods is.

In die eerste plek het nege Nederlandse koerantjies sedert 1844 voortdurend gepoog om die Afrikaner se saak in Natal te bevorder.[87]

Die gebrek aan voldoende kapitaal, swak belangstelling en ondersteuning van die Natalse Afrikaners, en die feit dat hulle getalle nie 'n winsgewende koerant kon verseker nie, het dié pogings gekelder. Die gevolg was dat dit met 'n mondstuk vir die Afrikanerbelange maar sukkelend gegaan het.[88]

In die tweede plek het die vestiging van die Nederduits-Gereformeerde kerk in Natal die voortbestaan van Nederlands verseker en so die Afrikaner se kulturele eiendomlikheid help handhaaf. Die kerk het die Afrikaners bymekaar gebring en waar gemeentes gestig is, het skole ontstaan. Kerkrade en die Natalse Sinode het hulle ook voortdurend vir verbeterde onderwys beywer.[89)]

In die derde plek het die Boereverenigings sedert 1885 die leiding geneem om die Afrikaner se belange te behartig. Die verenigings het in wese ook die Eerste Taalbeweging in Natal verteenwoordig.[90)] Na die oorlog het die verenigings in die noordelike distrikte herontwaak en veroorsaak dat die Nataller se volksbewussyn geheraktiveer is.[91)]

In die vierde plek het 'n hele paar debatsverenigings en Christelike Jongeliedeverenigings, reeds voor 1900 geywer om die taalkultuur in Natal lewendig te hou.[92)]

In die vyfde plek het die drang na kulturele skeppings grootliks na die Tweede Vryheidsoorlog op dreef gekom. As verowerde volk het die Afrikanerkultuurleiers hul toevlug tot die taal, geskiedenis en godsdiens geneem. 'n Gelouterde selfbegrip oor eie aard en wese en 'n geestelike verinnerliking het die Afrikaner na 'n eiesoortige volkspersoonlikheid gedra.[93)] In elk van die vier provinsies het verenigings en organisasies ontstaan, wat 'n duidelike openbaring was van 'n ontluikende volksbewussyn, 'n drang om aan eie aard getrou te wees.[94)] Die Afrikaner het besef dat hy in die naoorlogse toestand nie alleen in naam Afrikaner moes wees nie, maar ook verstandelik en geestelik. Waar dié pogings voor die Tweede Vryheidsoorlog ongekoördineerd en met wisselende sukses geloods is, het die spoorslag van 'n breër nasionale beweging na die oorlog groter momentum aan die Natalse kultuurstryd gegee.[95)]

In Natal het 'n ontluikende kulturele bewussyn vanuit Pietermaritzburg momentum gekry, hoewel slegs 'n halfdosyn Boerefamilies teen 1905 daar woonagtig was. Dit was veral **De Afrikaner**[96] wat 'n uiters belangrike rol gespeel het om die taalsaak op oortuigende wyse by die publiek tuis te bring en so die weg vir georganiseerde optrede gebaan het.[97] Hoewel die koerant hom veral tot die Afrikaanse bevolking in die noordelike distrikte gerig het, was daar in byna elke uitgawe iets wat sy lesers se volksgevoel gestreel het, of bereken was om hul taalliefde op te wek.[98]

Die Afrikaanse beweging in Natal was dus meer as 'n strewe om die Nederlandse taal sy regmatige plek te gee. Dit was 'n stryd vir alles wat saamhang met 'n taal en nasionale identiteit - dit was 'n kultuurstryd, 'n bestaanstryd vir die behoud van wat raseg was, en dit het die Afrikaanse kultuur in Natal van ineenstorting gered.[99]

Dit was in die naoorlogse fase waarin adv. Jansen se kultuurarbeid in Natal ontplooi het en waardeur die selfbewussyn van die Natalse Afrikaner ontwikkel is.

## VOETNOTE : HOOFSTUK 1

1) P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy kultuur I, p.37.

2) P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy kultuur I, p.91.

3) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.9, 11.

4) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.9; Die Volksblad, 23.9.1929 : Berig; W.P. Morrell, British Colonial Policy in the Mid-Victorian Age, p.94; G.H. Calpin, At last we have got our country back, p.193; B. Biermann, Die sewe stede van Durban, in G.S. Nienaber (red.), Tuinprovinsie Natal, p.103.

5) P.A. Barnett and G.W. Sweeney, Natal. The State and Citizen, p.25; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.14.

6) P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy kultuur I, pp.33, 95, 129; C.F.J. Muller, Oorsprong van die Groot Trek, p.22; H.M. van der Westhuysen, Kultuurbewuswording van die Afrikaner, in P. de V. Pienaar (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p.273; P.C. du Plessis, Wie en wat is 'n Nataller?, in Die Huisgenoot, 24.2.1961, p.18.

7) H.E. Egerton, A short history of British colonial policy, p.345.

8) Besonderhede met betrekking tot hierdie immigrasiepogings kan gevind word in A.F. Hattersley, The British settlement of Natal, in E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A history of Natal, p.65; R. Currey, The English speaking section, in G.H. Calpin (ed.), The South African way of life, p.24; R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.109; J.S. Christopher, Natal, Cape of Good Hope, p.145; A.F. Hattersley, Intercolony Migration in early Victorian times, in The South African Journal of Economics, vol. 24, no. 3, September 1956, p.282.

9) G.H. Calpin, There are no South Africans, p.13.

10) P.C. du Plessis, Wie en wat is 'n Nataller?, in Die Huisgenoot, 17.2.1961, p.9.

11) W.J.B. Pienaar, Die Britse stamverwantskap en kulturele beïnvloeding, in P. de V. Pienaar (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p.7.

12) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.42; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.85.

13) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.25-195.

14) C.F.J. Muller, Die Oorsprong van die Groot Trek, pp.13, 22, 47; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.18; A.F. Hattersley, Portrait of a Colony, p.47.

15) J.P. Nieuwenhuysen, The industrialisation of the Tugela Basin, p.22.

16) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.52.

17) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.41.

18) B.J. Leverton, Verbasende groei in 'n paar jare, in Natalse Provinsiale Administrasie, Die Potensiaal van Natal. Republiekfees Gedenkbrosjure 1966, p.151.

19) B.I. Buchanan, Pioneer Days in Natal, p.2.

20) B.J. Leverton, Verbasende groei in 'n paar jare, in Natalse Provinsiale Administrasie, Die Potensiaal van Natal. Republiekfees Gedenkbrosjure 1966, p.151; E.H. Brookes and C. de B Webb (ed.), A History of Natal, p.75 e.v., p.168 e.v.

21) E.G. Malherbe, Education in South Africa 1652-1922, pp.183-199; P. de V. Pienaar, Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p.222; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Suid-Afrika, p.191.

22) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.42 e.v.

23) Vergelyk E.G. Malherbe, Education in South Africa II, 1923-1975, p.12; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.101.

24) Vergelyk J. Clark, The First Sixty Years, The growth towards Afrikaans as seen in the early records of Natal Education, in NEON, 18 Augustus 1975, p.8.

25) N. Meiring, Onderwys in die Vroeë Jare, in Lantern, jrg. XXIII, nr. 3, Maart 1974, p.53; J. Clark, The First Sixty Years, The growth towards Afrikaans as seen in the early records of Natal Education, in NEON, 18 Augustus 1975, p.6 e.v.; vergelyk ook G.H. Calpin, The South African way of life, p.94.

26) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 51 : Speech, Natal Teachers Conference, 23.7.1935.

27) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183.

28) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 56 : Speech by His Excellency on the occasion of the opening of the swimmingbath at the Durban Boys' High School, 28.7.1951.

29) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183.

30) Dit was E.G. Jansen se bynaam op Durban Boys High. INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 8 : Brief Alec Findlay - Jansen, 2.2.1954.

31) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 9 : Brief Jansen - Middleton Peel, 15.9.1956.

32) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 56 : Speech by his Excellency on the occasion of the opening of the swimming=bath at the Durban Boys' High School, 28.7.1951; The Natal Daily News, 26.11.1959 : Berig.

33) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 56 : Speech by his Excellency on the occasion of the opening of the swimming bath at the Durban Boys' High School, 28.7.1951.

34) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 9 : Brief Middleton Peel - Jansen, 20.9.1956.

35) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 9 : Brief Jansen - Middleton Peel, 28.3.1957.

36) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183.

37) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 9 : Brief Middleton Peel - Jansen, 20.9.56; Brief Jansen - Middleton Peel, 28.3.1957.

38) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183.

39) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 51 : Speech, Natal Teachers Conference, 23.7.1935; en Lêer 58: Toespraak, Gradeplegtigheid Universiteit van Natal, 26.3.1955; G.S. Nienaber, Ernst George Jansen , in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, 1961-1962, p.183.

40) Die Afrikaner, 6.7.1928 : Berig.

41) De Afrikaner, 1.2.1906 : Berig.

42) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183; Die Afrikaner, 6.7.1928 : Berig; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 58 : Toespraak, Gradeplegtigheid Universiteit van Natal, 26.3.1955.

43) S.E. Wood, Life in the Early Days, in Lantern, jrg. XXIII, nr. 3, Maart 1974, p.36.

44) Vergelyk S.E. Wood, Life in the Early days, in Lantern, jrg. XXIII, nr. 3, Maart 1974, p.28.

45) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.111.

46) S.E. Wood, Life in the Early Days, in Lantern, jrg. XXIII, nr. 3, Maart 1974, p.38.

47) E. du Preez, Welsynswerk in Natal, in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (red.), Die Vrou VII, p.382.

48) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.67.

49) Vergelyk B.J. Leverton, Verbasende groei in 'n paar jare, in Natalse Provinsiale Administrasie, Die Potensiaal van Natal. Republiekfees Gedenkbrosjure 1966, p.15.

50) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.15.

51) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, pp.158, 161.

52) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.113.

53) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, pp.51, 159, 254; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.56.

54) S.E. Wood, Life in the Early Days, in Lantern, jrg. xxiii, nr. 3, Maart 1974, p.38.

55) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.113.

56) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, pp.112, 160.

57) B.J. Leverton, The Natal Society, in Lantern, jrg. xv, nr. 4, Junie 1966, p.40.

58) B.J. Leverton, The Natal Society, in Lantern, jrg. xv, nr. 4, Junie 1966, p.40.

59) M.J.A. Basson, Een en ander oor die vroegste tydskrifte in Natal, in Die Afrikaner, 1.9.1925; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.58, 59, 210; A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p.ix.

60) Die Engelse dagblaaie was The Natal Witness, The Times of Natal, The Natal Mercury, The Natal Advertiser. Die belangrikste Engelse dorpskoerante was The Greytown Gazette, The Newcastle Advertiser and Northern Post, The Zululand Times. Kyk A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, pp.vii-x.

61) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.113.

62) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.114.

63) R. Lewis and Y. Foy, The British in Africa, p.175.

64) Kyk p. 13 e.v.

65) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika III, 1899-1902, pp.143-145, 156-161.

66) H.A. Mocke, Die slag van Colenso, p.2. Die Engelse was van mening dat die Boere Natal as hul regmatige eiendom wou herower.

67) G.H.L. le May, British Supremacy in South Africa 1899-1907, p.40.

68) Colony of Natal, Statistical Year Book 1901, p.202.

69) J.C. Vermaak, Die Boere in Natal tydens die Tweede Vryheidsoorlog, p.1.

70) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika III, 1899-1902, p.377; J.D. Kriel, Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog, p.17.

71) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika III, 1899-1902, pp.207, 373.

72) M.A. Gronum, Die Engelse Oorlog 1899-1902, p.88.

73) M.A. Gronum, Die Engelse Oorlog 1899-1902, p.169; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.1.

74) A.N. Pelzer, Die Afrikaner-Broederbond. Eerste 50 Jaar, p.2.

75) Ben Vorster, Mijn reis door Natal, in De Afrikaner, 31.8.1908, 24.9.1908, 7.12.1908, 31.12.1908.

76) Ben Vorster, Mijn reis door Natal, in De Afrikaner, 31.8.1908.

77) Ben Vorster, Mijn reis door Natal, in De Afrikaner, 31.8.1908.

78) G.D. Scholtz, Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?, p.163.

79) E.H. Brookes and C. de B. Webb (eds.), A History of Natal, pp.158, 254.

80) G.H. Calpin, At last we have got our country back, p.48.

81) A.F. Hattersley, Portrait of a Colony. The story of Natal, p.98.

82) "A Lady", Life at Natal a Hundred Years ago, p.96.

83) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, p.41.

84) P.A. Barnett and G.W. Sweeney, Natal the State and Citizen, p.24; M. Smuts, Eenheid in taal en kultuur, in Eenheid, Referate gelewer tydens die Agtiende Bondskongres van die ASB te Stellenbosch, Julie 1966, p.15.

85) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.92-96.

86) Vergelyk "A Lady," Life at Natal a Hundred Years ago, p.87.

87) Kyk p.159, 179.

88) Vergelyk John M. Herschensohnn, Hollands in Natal en in Zuid-Afrika, in De Afrikaner, 22.4.1909; A.J. van Wyk, Die Afrikaanse Koerantwese in Natal, in NEON 18, Augustus 1975, p.95.

89) John M. Herschensohnn, Hollands in Natal en in Zuid-Afrika, in De Afrikaner, 22.4.1909; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.53.

90) A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p.38 e.v.; G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.63, 66, 81 e.v.

91) Kyk p.23 e.v.

92) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.121.

93) P. de V. Pienaar, Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, pp.269, 277.

94) G.S. Nienaber, Die Afrikaanse Taalverenigings, p.32; G.S. Nienaber, Die Afrikaanse Beweging I, p.162.

95) O. Maarschalk, Die Betekenis van die Saamwerk-Unie, in Die Saamwerk, Maart 1935, nr. 59, p.4.

96) Die lidwoord De is op 17 Januarie 1919 deur Die vervang.

97) Vergelyk G.S. Nienaber, Die Afrikaanse Beweging, p.124; G.S. Nienaber en P.J. Nienaber, Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal, pp.53, 56.

98) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.108.

99) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.12.

# HOOFSTUK 2

# ADV. JANSEN EN DIE NATALSE POLITIEK

## 5.1 Adv. Jansen en die Natalse Boereverenigings : Voorlopers van die Afrikaner se politieke organisasie

Die vooroorlogse bedrywighede van die Boereverenigings was om 'n saambindende liggaam gesentreer wat as "Het Kongres" bekend gestaan het.[1)] Die Tweede Vryheidsoorlog het, soos op vele ander terreine, ook die Boereverenigings ontwrig. Na vredesluiting het 'n geruime tyd verloop voordat daar weer genoegsame belangstelling in landbou of politieke verenigings ontstaan het. 'n Paar van die vooroorlogse Boereverenigings het op 'n spontane wyse herleef. Hiernaas het die Transvaalse distrikte Vryheid, Utrecht, Paulpietersburg, asook 'n deel van Wakkerstroom, wat as deel van die vredesooreenkoms by Natal ingelyf is, uit protes teen die gedwonge inlywing ook Boereverenigings gestig om hulle belange te behartig.[2)]

Dié Boereverenigings het afgevaardigdes na die oorwegend Engels georiënteerde Natalse Landbou-Unie kongresse gestuur, maar het nie daar tuis gevoel nie. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die taalkwessie en die feit dat die Landbou-Unie alle politiek uit hulle vergaderings geweer het. Baie Afrikaners van die noordelike distrikte was van mening dat hulle belange meer doeltreffend deur 'n eie koördinerende organisasie hanteer kon word.[3)]

Die eerste koördinerende poging is in die Vryheiddistrik geloods. Die Boereverenigings in die distrik was in verskeie wyke verdeel, en het 'n oorkoepelende liggaam die sogenaamde Centraal Bestuur in die

lewe geroep.[4] Die leiers in dié distrik was egter van mening dat 'n organisasie gestig moes word wat al die Boereverenigings van Natal moes insluit. Hulle het die voorbeeld van die vooroorlogse Boereverenigings gevolg en op 17 Maart 1906 'n gesamentlike organisasie gestig, wat ook as Het Kongres bekend gestaan het.[5]

A.J. van Schalkwyk het in sy openingsrede van die eerste naoorlogse sitting van Het Kongres gesê dat dié stap 'n lang gekoesterde behoefte is, wat in Afrikanergeledere realiseer. Hy het noodsaaklikheid van eensgesindheid en organisering beklemtoon. Hy het ook gesê dat Het Kongres "niet alleen de boerderij belangen bespreken, maar ook onze politieke belangen, want die twee zaken kunnen onmogenlik van elkander gescheiden worden en behoren hand aan hand te gaan".[6]

Hoewel Het Kongres die Afrikaanssprekendes in Noord-Natal saamgesnoer het, het dit vir die Natalse Afrikaner in die algemeen, veel meer beteken. Die inlywing van die Transvaalse distrikte by Natal het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep in Natal versterk is.[7] Die lewenskragtigheid van die Boereverenigings in dié distrikte het ook as stimulus vir die stigting van Boereverenigings in Newcastle, Estcourt, Helpmekaar en Pietermaritzburg gedien.[8] Het Kongres was 'n liggaam wat die belange van alle Afrikaners kon behartig, en het om die rede gefloreer. Dit het hom nie net by landbousake bepaal nie, maar ook aan die politieke debat deelgeneem. Dit was die enigste organisasie van die aard wat daar vir die belange van die Afrikaners bestaan het.[9] Die geleidelike uitbreiding van Het Kongres se arbeidsveld het daartoe gelei dat dit alreeds in 1910 'n politieke en landbouorganisasie genoem kon word.[10] Op dié wyse is die maatskaplike lewe van die Natalse Afrikaner positief beïnvloed.[11] Het Kongres se stigting in 1906 het immers as stimulus gedien vir die georganiseerde basis van Natalse Afrikaners se kulturele ontwaking.[12]

Adv. Jansen is op 'n sonderlinge wyse by die werksaamhede van die Boereverenigings, as stryders vir Afrikanerbelange, betrek. Hy is skaars 'n maand na die stigting van Het Kongres, in April 1906, deur mnre. A. von Levetzow (Vryheid) en P.J. Meyer (Babanango) by sy werkplek te Hathorn en Cameron in Pietermaritzburg besoek.[13)] Mnre. Levetzow en Meyer het die omstandighede van die Boereverenigings aan die jong regsgeleerde verduidelik en by adv. Jansen aangedring om 'n tak van die Boerevereniging in Pietermaritzburg te probeer stig.[14)] Die besoek het nie net sy lang politieke loopbaan begin nie, maar ook sy gemeenskapsbetrokkenheid, wat hy vir die volgende 53 jaar sou voortsit, ingelui.

Kort na dié besoek van mnre. Levetzow en Meyer het adv. Jansen en 'n paar Afrikaners in 'n woonhuis vergader en voorlopige reëlings getref om 'n Boerevereniging in die stad te stig. Mnr. C.J.A. Scheepers, wat naby Umlaasweg geboer het, sou die groepie op die eerste naoorlogse kongres in Mei 1906 verteenwoordig.[15)]

Die Pietermaritzburgse Boerevereniging het op 30 Junie 1906 'n swak ondersteunde algemene vergadering in die huis van A. Bakker gehou. 'n Bestuur met Jansen as sekretaris is verkies, 'n reglement is goedgekeur, en mnr. Scheepers het verslag oor Het Kongres se sitting gedoen. Dié Boereverenigingtak het hom ten doel gestel om die belange van die Natalse Afrikaners op politieke, maatskaplike en handelsgebied te bevorder. Nederlands was die voertaal van die vereniging.[16)]

Die reaksie van **De Afrikaner** oor dié stap was dat "de oude Boeren hoofstad, so lang opgegeven als verloren voor alle Hollands-Afrikaanse invloeden, het hoofd weder begint op te heffen en van zich laat horen".[17)] Soos in die tallose hoofartikels in die jare wat sou volg, was dié daarop

gemik om die belangelose Afrikaner se verantwoordelikheid teenoor hulle volkskap en toekoms te beklemtoon. Adv. Jansen het ook sy mede volksgenote aangemoedig om 'n lewendiger belangstelling in die sake van die Boerevereniging te ontwikkel, omdat die lewenskrag en invloed daarvan van elke lid afgehang het.[18)]

Vir die paar jaar van sy bestaan het die Pietermaritzburgse Boerevereniging as 'n noodsaaklike belangegroep van die Pietermaritzburgse Afrikaners gedien. Dit het naas kerksake, probleme in die algemene lewensomstandighede van die groep hanteer, en as sulks die grondslag vir georganiseerde optrede in Pietermaritzburg gelê. Dit het ook die jong E.G. Jansen, as sekretaris van dié Gideonsbende in die Natalse hoofstad, van meet af in kontak met sy gemeenskap en sy vraagstukke gebring. Van die kulturologiese vraagstukke op sy eerste agendas en in sy eerste notules sou vir baie jare nog deel van E.G. Jansen se gemeenskapstake wees.

Hierdie vraagstukke het veral om die sake wat vervolgens genoem word, gewentel. Op hul eerste ledevergadering in Oktober 1906 is die gedagte van 'n Vrouemonument ter ere van vroueslagoffers uit die Tweede Vryheidsoorlog gesteun,[19)] in Januarie 1907 het hulle 'n aanbeveling oor die netelige kwessie van Nederlandse onderwys geformuleer,[20)] hulle het die probleme van die teisterende Ooskuskoors en die Militiewet en die instelling van inkomstebelasting onder oog geneem, in Februarie 1908 het hulle betoog dat die huwelike tussen Blank en Nie-blank deur die wet verbied moet word en les bes besluite oor Naturellewetgewing geneem wat voor die Natalse parlement sou dien.[21)]

Op die langeduur het die klein getal belangstellende stedelinge en ewe min boere in die omgewing, die lewenskragtigheid van die tak aan bande gelê.

Die vergaderings wat elke drie maande tydens nagmaal gehou is, is soms so swak bygewoon dat daar nie 'n kworum van stemgeregtigde lede teenwoordig was nie. Die stigting van die Suid-Afrikaanse Party in 1911 het vir die Afrikaners van die Natalse hoofstad 'n nuwe forum gebied, om hul belange te behartig. Die Pietermaritzburgse Boerevereniging het so tot sy einde gekom.[22)]

Die Pietermaritzburgse Boerevereniging het adv. Jansen, as sekretaris daarvan, ook op provinsiale vlak laat figureer. Tydens 'n takvergadering op 8 Februarie 1908, is adv. Jansen en B.I. Vorster as afgevaardigdes na die derde sitting van Het Kongres gekies.[23)]

Dié kongressitting van 23 April 1908 te Dundee, is deur agt Boereverenigings bygewoon. Adv. Jansen het verskeie kere aan die besprekings van die 37 besprekingspunte deelgeneem en het 'n paar kongresvoorstelle geformuleer.[24)] Adv. Jansen, A.T. Spies en K.P. Spies het ook 'n gekose komitee gevorm wat vir die kongres die voorgestelde Naturellewetgewing van die Natalse regering moes oorweeg.[25)] Tydens die bestuursverkiesing is A.T. Spies deur adv. Jansen as sekretaris van Het Kongres vervang.[26)] Na twee jaar as lid van die Boerevereniging was adv. Jansen een van die sewe manne wat Het Kongres moes lei.[27)]

Adv. Jansen het as sekretaris van Het Kongres ywerig gepoog om die liggaam se werksaamhede op provinsiale vlak te koördineer en te rig.[28)]

Hy het die werksaamhede van die gekose komitee oor die voorgestelde Naturellewetgewing in die pers gerapporteer.[29)] Op 4 Maart, 8 en 26 April 1909 het hy die Natallers oor die komende sitting van Het Kongres

deur middel van die pers ingelig.[30] Ten spyte van adv. Jansen se reëlings het slegs 11 van die 28 afgevaardigdes, as gevolg van 'n spoorwegstaking, in Pietermaritzburg vir die kongressitting opgedaag. Te midde van 'n lewendige debat oor die voortsetting al dan nie van die kongressitting het adv. Jansen die aanwesiges daarop gewys dat mnr. Deane, die minister van Landbou, teenwoordig was. Hy het voorgestel dat die minister eers sy boodskap moes oordra voordat besluite oor die sitting geneem word. Die afgevaardigdes is onverrigter sake uiteen. Adv. Jansen en ander belanghebbende Afrikaners in die Natalse hoofstad was teleurgesteld omdat die kongressitting uitgestel is.[31]

Hierdie oënskynlike onbelangstellende houding van Boereverenigings het egter nie die ware toedrag van sake in hul geledere weerspieël nie. Gebeure op nasionale vlak het hernude belangstelling, besieling en aktiwiteit in Het Kongres se geledere tot gevolg gehad. Die invloed van die Nasionale Konvensie en die Natalse referendum wat uniewording voorafgegaan het,[32] is deur 'n nuwe gees en veranderende selfbegrip van die Natalse Afrikaner gekenmerk.[33] Adv. Jansen se kennisgewing van die "verdaagde zitting"[34] het ook die feit benadruk dat die 1909 kongressitting in belangrike tye plaasgevind en dat alle Boereverenigings daarom verteenwoordig moet wees.

Die uitgestelde sitting van Het Kongres het op 16 Junie 1909 te Dundee plaasgevind. Die voorsitter, mnr. J.H. Klopper, het die Natallers in sy openingsrede gelukgewens met die uitslag van die referendum, waardeur Natal ten gunste van uniewording gestem het. Die besprekingspunte het soos op die vorige kongresse om landbou-ekonomiese, algemeen kulturele, maar veral die politieke sake gewentel.[35] In die gees van uniewording se herskikkingsmilieu en die gepaardgaande partypolitieke ontwikkeling wat landswyd in Afrikanergeledere op dreef

gekom het, is Het Kongres se belange tydens die sitting onherroeplik op die politieke vaarwater geplaas.

Dié verruiming van Het Kongres se doelstellings is waarneembaar in die statute wat tydens die kongressitting goedgekeur is: "Het Kongres heeft ten taak de overweging, bevordering en bescherming van de volks- en landsbelangen van Natal in t' bizonder en van Zuid Afrika in t' algemeen."[36] Dit is ook in die reaksie van **De Afrikaner** waarneembaar. Die redakteur het die klem laat val op die noodsaaklikheid van 'n goed georganiseerde basis om die belange en voortbestaan van die Afrikaner te bestendig. Die invloed en sukses van die Afrikanerbond, die Orangia Unie en Het Volk is aan die Natalse Afrikaner voorgehou, om hulle te inspireer en hulle aan te moedig om by die wakker Afrikaners van Het Kongres aan te sluit.[37]

Tesame met die nuwe fase wat Het Kongres betree het,[38] het adv. Jansen se betrokkenheid by die landspolitiek ook sy oorwegend kultuurgeoriënteerde gemeenskapstake begin oorheers. Na slegs drie jaar se gemeenskapsbetrokkenheid is adv. Jansen selfs deur **De Afrikaner** vir die vakante Melmoth-vakature vir die Natalse Volksraad aanbeveel. Hy het dit van die hand gewys, maar verklaar dat hy bereid was om na Uniewording vir die Volksraad te staan.[39]

Soos die meeste Afrikaners het Het Kongres hom ook vir uniewording beywer.[40] Vir adv. Jansen en die ander vyf bestuurslede van Het Kongres het dit 'n bedrywige ampsjaar ingehou.[41] Die eerste uniale verkiesing vir die Volksraad en Provinsiale Raad was op hande en Het Kongres moes by die eise van die tyd aanpas, omdat politieke liggame hulle vir die verkiesingstryd begin voorberei het.[42] In Afrikanergeledere moes Het Kongres ook in dié behoefte voorsien. Ten einde Het Kongres se

voorgenome verkiesingskampanje 'n meer aanvaarbare politieke beeld te gee, moes die samewerking van die Engelssprekendes verkry word. Die deure van Het Kongres moes vir belangstellende Engelssprekendes oopgemaak word – 'n feit wat alreeds tydens die Natalse referendum-kampanje met sukses beproef is.[43)]

'n Ander probleem wat die Kongresbestuur in gedagte moes hou, was die skynbaar afvallige houding van Boereverenigings in Vryheid se distrik. Die afskeidingsbeweging wat hulle gedurende Oktober 1909 in Vryheid se distrik geloods het, om by die Transvaalse Het Volk aan te sluit, kon 'n wanklank in Het Kongres se geledere veroorsaak.[44)] Adv. Jansen het sterk standpunt teen die stap ingeneem, omdat Natalse Afrikaners volgens hom net in een organisasie verenig moes wees.[45)] **De Afrikaner** het, nadat die saak in die reine gebring is, die Afrikaners aangemoedig om te werk vir 'n goed georganiseerde liggaam. Hulle moes in elke distrik takke van Het Kongres stig, omdat die teenparty hard aan die werk was.[46)]

Die komende algemene verkiesing, die steun van die Engelssprekendes en die feit dat Het Kongres in almal se behoeftes moes voorsien, het steun en samewerking vir 'n gekonsolideerde en goed georganiseerde Het Kongres dringend noodsaaklik gemaak.

Met dié doel voor oë het die ses bestuurslede 'n buitengewone sitting van Het Kongres op 21 Januarie 1910 te Vryheid byeengeroep.[47)] Die toenemende belangstelling in die aktiwiteite van Het Kongres is in die stygende bywoningsyfer van die sitting weerspieël.[48)] Op 21 Januarie kon mnr. J.O. Player, die burgemeester van Vryheid, die afgevaardigdes van 22 Boereverenigings en 'n groot getal belangstellende lede van die publiek in 'n vol vergadersaal verwelkom.[49)]

Die voorsitter, mnr. J.J. Uys, het in sy verwelkoming onder luide toejuiging verklaar dat die doel van die byeenkoms was om samewerking te verkry, sodat die beste manne Natal in die Parlement kan verteenwoordig. Volgens hom kon hulle dié doel slegs deur samewerking en goeie organisasie bereik.[50] Vir mnr. A.T. Spies was die gevoel van die kongresgangers om te werk vir die welvaart van elke Blanke inwoner van Natal, afgesien van ras of nasionaliteit, wat Suid-Afrika as sy tuiste beskou het.[51]

Daar is besluit dat die versoeningsgedagte in die komende verkiesing as uitgangspunt sou dien. Daar is ook besluit dat die statute dienooreenkomstig aangevul en gewysig sou word, dat die sekretaris die gewysigde statute in vertaalde vorm aan alle Natalse dagblaaie vir publikasie moes stuur, en dat hy alle Natallers moes uitnooi om by Het Kongres aan te sluit en takke in hul distrikte te stig.[52]

In dié gees en teen dié agtergrond het Het Kongres en adv. Jansen as hul administratiewe funksionaris, yweraars van konsiliasie geword. **De Afrikaner** het in polsende patriotisme verklaar dat Het Kongres die wils- en geesteskrag van die Afrikaner moet weerspieël. Die eggo van die Natalse patriotisme moes volgens die blad in die aktiwiteite van Het Kongres gehoor word, vir "vlagwaaiers, de ultra uitersten, de jingoes, en al die nuttelozen en kwaadstekers, zijn er in onze organisasie geen plaats". [53]

Reaksie op Het Kongres se konsiliasiestrewe was uiteenlopend. Afrikaners het oor die algemeen hul blydskap oor die eendragtige gees en motiewe uitgespreek terwyl die Engelssprekendes dit meestal vanuit 'n rasseoogpunt verwerp het.[54] Die **Vryheid Herald** het selfs die substansiële waarde van die boerdery-aspek van Het Kongres teenoor die Engelsgeoriënteerde Natalse Landbou-Unie bevraagteken.[55]

## 2.2 Adv. Jansen en die Natal Volksvereniging

Het Kongres se vyfde jaarkongres is op 18 en 19 Mei 1910 te Vryheid gehou. Dit is as die belangrikste sitting van Het Kongres bestempel. Naas die 26 Boereverenigings wat verteenwoordig was, het Engelsgeoriënteerde verenigings ook verteenwoordigers gestuur.[56] Na afloop van die konstituering van die kongres het adv. Jansen heelwat kritiek van kongresgangers op die lyf geloop. Hy het nagelaat om die vorige sitting te notuleer. Hy het die verslag wat in **De Afrikaner** verskyn het, voorgelees en dit is na heelwat wysigings goedgekeur.[57]

Tydens die sitting is daar onder meer oor drie sake besluite geneem, wat moes verseker dat Het Kongres as politieke liggaam meer aanvaarbaar vir 'n breër groep Natallers word. Die naam van Het Kongres, wat vir die belangstellende Engelse onaanvaarbaar was, is na 'n bespreking van anderhalfuur met applous na die Natal Volksvereniging verander. Tweedens is dié artikels in die statute wat sekere verenigings verhinder het om aan te sluit, ook gewysig. In die derde plek was daar al tydens die sitting aanduidings dat die Natal Volksvereniging, die Afrikanerbond, die Orangia Unie en Het Volk, na 'n konferensie uitgenooi gaan word om een nuwe party te stig. Daar is besluit dat indien so 'n uitnodiging ontvang sou word, die bestuur afgevaardigdes na so 'n konferensie kon stuur.[58]

Ten tye van die bestuursverkiesing is adv. Jansen met algemene stemming as sekretaris herkies. Adv. Jansen is deur die stap oorweldig. Hy wou nie weer as sekretaris dien nie maar het, ten aansien van die algemene wens van die kongresgangers, besluit om met die amp voort te gaan. Hy het die kongresgangers bedank vir die gebaar van vertroue in hom en onder applous beloof om sy uiterste kragte in te span om die algemene belange van Suid-Afrika te bevorder.[59]

Dit was asof die kongresgangers die bogenoemde gebaar van vertroue in adv. Jansen nog meer blywend wou maak. Die herkose voorsitter, mnr. Uys, het voor die aanvang van die aandsitting in 'n kort huldeblyk Het Kongres se waardering vir adv. Jansen se sekretarisskap aan hom oorgedra. As blyk van waardering het hy 'n silwer teeservies aan adv. Jansen oorhandig. Mnr. Richard Levisohn het die eerbetoon voortgesit en gesê dat woorde te kort skiet om adv. Jansen na behore te bedank. Hy het adv. Jansen versoek om ter gelegener tyd die volgende inskripsie op die servies te laat graveer: "Geschenk aangeboden aan de heer E.G. Jansen, Ere Sekretaris in die 'Natal Volksvereniging', voor zijn getrouwe diensten bewezen aan 'Het Kongres', namens de takken van de Vereniging." Adv. Jansen het begin om die kongresgangers te bedank maar het so bewoë geraak dat hy nie kon voortgaan nie en het onder dawerende applous gaan sit.[60)]

In sy jaarlange bestaan moes die Natal Volksvereniging die Natalse Afrikanerpolitiek rondom die algemene verkiesing van September 1910 konsolideer, en as koppelaar met Louis Botha se Suid-Afrikaanse Party dien. Adv. Jansen se politieke betrokkenheid het, as sekretaris van die Natal Volksvereniging, ook gedurende dié tyd om hierdie twee aksies gewentel.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, het 'n afbakeningskommissie Natal vir die eerste verkiesing in 17 kiesafdelings ingedeel.[61)] Ten tye van die verkiesingsveldtog het die Natal Volksvereniging sy aandag op Noord-Natal toegespits.[62)] Adv. Jansen het tydens die veldtog veral die konsolideringsmotief van die vereniging beklemtoon. Hy het ook as 'n praktiese handleiding die prosedure vir verkiesingskomitees stapsgewys verduidelik.[63)]

Soos in 1909 is adv. Jansen weer in 1910 genader om hom in die algemene verkiesing van daardie jaar, in Dundee, verkiesbaar te stel. Adv. Jansen het die kandidatuur van die hand gewys en verklaar dat hy vir 'n latere geleentheid sal wag, wanneer hy ryper aan kennis en ervaring is. H.J. Bosman, die latere Volksraadslid vir Newcastle, het adv. Jansen se besluit betreur. Hy het adv. Jansen as 'n "sterke, knappe en geleerde Afrikaner" beskou.[64)]

Die ongekoördineerde optrede in die geledere van die Afrikanerpolitiek ten tye van die 1910 verkiesing, het die vorming van een groot party genoodsaak. **De Afrikaner** het die Natallers in uitgawe na uitgawe oor die politieke samesmelting van Afrikaanse partye ingelig.[65)] E.G. Jansen en M.W. Myburgh het die bestuur van die Natal Volksvereniging op 'n vergadering verteenwoordig wat op 31 Maart 1911 te Kaapstad gehou is. Dié vergadering was gemoeid met die opstelling van 'n konstitusie vir die "Zuid Afrikaanse Nationale Party".[66)]

Hierdie konstitusie en sy implikasies vir die Natal Volksvereniging is op die sesde jaarkongres op 23 Junie 1911 te Newcastle bespreek. Adv. Jansen het in sy beroep op Natallers om die sitting by te woon, elkeen wat homself 'n nasionalis genoem het, aangemoedig om die belange van sy party te bevorder.[67)] Afgevaardigdes van ongeveer 20 verenigings het die kongres bygewoon. Mnre. Watt, Bosman en Myburgh was van die Natalse lede van die Volksraad wat die kongressitting as eregaste bygewoon het. Genl. Hertzog as minister van Justisie en J.P. Jooste, die sekretaris van Het Volk, het as eregaste ook die kongres toegespreek.[68)]

Die meeste redenaars het klem gelê op 'n beter verhouding en samewerking tussen die twee Blanke volksgroepe in Natal. Die Natal

Volksvereniging het met groot entoesiasme onder sy lede by die landswye amalgamasie aksie aangesluit, om deel van die Suid-Afrikaanse Party te word. 'n Bestuur met adv. Jansen as sekretaris is verkies, om die sake verder te hanteer.[69)]

Hierdie stap het die Natalse Afrikaner by 'n suiwer politieke aksie ingeskakel en het as sulks die einde van die Natal Volksvereniging beteken.

## 2.3 Adv. Jansen en die Suid-Afrikaanse Party

Die Suid-Afrikaanse Party (SAP) is onder blyke van groot geesdrif op 21 November 1911 tydens 'n kongres te Bloemfontein gestig. Die nege bestuurslede van die Natal Volksvereniging en nagenoeg 36 Natallers het die kongres bygewoon. Adv. Jansen is op voorstel van mnr. Von Levetzow in die SAP se Hoofkomitee opgeneem. Hy het 'n paar dae na die kongres, as gevolg van persoonlike redes, sy lidmaatskap van die Hoofkomitee bedank. Genl. Botha wou nie die bedanking aanvaar nie en adv. Jansen het hom daarby berus.[70)]

Die organisasie van die Suid-Afrikaanse Party in Natal het nie met dieselfde stigtingsgeesdrif sy beslag gekry nie. Daar is eers op 11 Augustus 1913 'n Natalse SAP-Kongres gehou om 'n vaste bestuursliggaam vir die provinsie te kies en om in die vertwyfeling wat na die 1912-kabinetskrisis geheers het, steun aan genl. Botha toe te sê.[71)] Vir adv. Jansen was veral die tweede saak, die keuse tussen Botha en Hertzog, 'n lotsbepalende kwessie.

Adv. Jansen se stemmige houding en handelswyse het oral goeie indruk gemaak.[72)] Sy hoflike en beleefde manier was bekend en kenmerkend

van sy optrede.[73] As opkomende leiersfiguur in Pietermaritzburg en die Natalse openbare lewe het hy in verskeie verenigings en organisasies 'n toonaangewende rol gespeel.[74] Adv. Jansen se ingetoë lewenstyl sou ook sy politieke aktiwiteite beïnvloed. Hy was nie 'n politieke vuurvreter nie en sy gematigde politieke beskouing het 'n hoë premie op konsiliasie tussen Afrikaners onderling, maar ook tussen die twee Blanke bevolkingsgroepe geplaas.[75]

In dié gees het hy tydens die sogenaamde Roomkongres van die SAP in November 1913, as sekretaris van die Natalse SAP en as lid van die SAP-Hoofbestuur, vir genl. Botha gestem.[76] Genl. Hertzog se bitsige reaksie en taktiek het hom ook nie aangestaan nie.[77]

Hierbenewens het al adv. Jansen se kulturele aktiwiteite om een doel gesentreer. Dit was om die Afrikaner se selfbewussyn so te ontwikkel, dat hulle deur die benutting van hul kultuurgoedere 'n gelykwaardige staanplek teenoor die Britsheid in Natal kon inneem.[78] Uit hoofde van dié kulturologiese bewussyn het genl. Botha se konsiliasiebeleid, sedert Augustus 1914, by adv. Jansen onder verdenking gekom.[79]

Hoewel adv. Jansen krities teenoor die implikasies van genl. Botha se beleid gestaan het, sou daar na Augustus 1914 bykans 'n jaar verloop voordat hy van party verander het. Moontlik was dit sy aanvanklike weersin in genl. Hertzog se optrede, sy eie introverte aard, die feit dat hy moeilik met ander oor die saak kon kommunikeer en nog moeiliker besluite geneem het, wat veroorsaak het dat hy nie gouer by die Hertzoggroep aangesluit het nie. Hiernaas was daar sy vrees vir weerwraak op professionele vlak in Pietermaritzburg indien hy hom by die Nasionaliste sou aansluit. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie het dié keuse in adv. Jansen se politieke loopbaan onafwendbaar gemaak.[80]

Ondanks die feit dat adv. Jansen gedurende Mei 1915 nog 'n SAP-lid was, het hy verklaar dat hy eerder vir die Nasionale Party sou werk. Indien hy formeel genader sou word om hom in Umvoti verkiesbaar te stel, was daar "'n hele paar dinge wat ik in oorweging sou moet neem wanneer ik sou moes besluit en nie die kleinste is die kwestie van my besigheid. Maar indien nodig sou ik wel dit kon reg kry".[81] Twee dae later het hy die standpunt herhaal en bygevoeg dat hy die verkiesing as Nasionalis sou veg indien hy oortuig sou word dat sy kandidatuur die stemkrag in 'n groter mate sou konsolideer, as wat enige ander kandidaat sou kon bewerkstellig.[82]

Hierdie besluit het gedurende Junie 1915 verder gekompliseer geraak. Die moontlikheid van 'n versoening tussen die Botha- en Hertzoggroep het adv. Jansen laat besluit om te wag met sy finale besluit. Indien 'n versoening bewerkstellig word, sou hy 'n lid van die SAP bly. So nie, was hy van voorneme om by die Nasionale Party aan te sluit omdat dié Party die belange van die Afrikaners vooropgestel het.[83]

Intussen het die eerste konferensie van die Nasionale Party in Natal op 17 Junie 1915 te Dundee plaasgevind. By die geleentheid is 'n sogenaamde Voorlopige Sentrale Bestuur onder voorsitterskap van mnr. P.R.N. Vermaak verkies.[84] Dié stigtingskonferensie is opgevolg deur 'n kongres wat op 19 Augustus 1915 te Dundee plaasgevind het. Die eerste Sentrale Bestuur met mnr. J.J. Muller as voorsitter is verkies. Tydens die aandsessie van die sitting is 'n brief van adv. Jansen voorgelees waarin hy sy spyt te kenne gegee het dat hy die kongres nie kon bywoon nie.[85]

Adv. Jansen se politieke opsie is deur 'n berig in **De Afrikaner** en die naderende 1915-verkiesing op die spits gedryf. Hy het hom gedwonge

gevoel om sy lot by die Nasionale Party in te werp.[86] Hy het in Augustus 1915 sy politieke keuse in 'n ope brief in die pers bekend gemaak. Hierin het hy die gevaar van die verbreking van Afrikanereenheid met 'n versoeningsgedagte probeer besweer: "Ik gee nie om aan watter kant julle staan, julle behoort almaal aan dieselfde volk wat ons almaal lief en dierbaar is, ik bid jullie moenie die skeuring op maatskappelik gebied wat daar reeds is, nog groter maak nie!"[87]

In sy politieke manifes wat kort hierna uitgereik is, het adv. Jansen sy politieke partyverbintenis vollediger gemotiveer. Vir adv. Jansen sou genl. Botha se weg lei tot die "absorption of the Dutch-speaking race by the English race, and there is no Africaner worth his salt who can contemplate that prospect with equanimity. My firm conviction is that there cannot possibly be any true union of the two races unless both stand on an absolutely equal footing. That equality is lacking in many respects, and for that reason all Genl. Botha's attempts in that direction are, in my humble opinion, dommed to failure ... A large portion of our English-speaking fellow citizens know nothing about us. They don't understand us, and regard us as a lot of ungrateful and rebellious people who are never satisfied. All that they know of us is what they read in the newspapers, and the newspapers are mostly opposed to everything 'Dutch'".[88]

## 2.4 Adv. Jansen en die Natalse Nasionale Party

Hoewel adv. Jansen reeds in Mei 1915 verklaar het dat hy 'n Nasionale Party ondersteuner sou word, en hom agter die skerms daarvoor begin beywer het,[89] het hy nie die party se Natalse stigtingskonferensie op 17 Junie[90] of die eerste kongres op 19 Augustus bygewoon nie.[91] Adv. Jansen is ook nie in die eerste Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party opgeneem nie.[92]

Op 24 Julie het ongeveer 60 Greytownse Nasionaliste 'n plaaslike tak gestig.[93] Hoewel adv. Jansen ook nie hier gefigureer het nie, het mnre. Adriaan Nel en Tommie van Rooyen as kandidate vir die kiesafdeling teruggestaan en is hy as kandidaat vir die komende verkiesing aangewys.[94]

As jong leiersfiguur in die Natalse Afrikanergeledere was sy steun aan die Nasionale Party 'n belangrike deurbraak vir die nuwe party.[95] Nadat hy deur verskeie kiesafdelings genader is, het hy hom bereid verklaar om as Nasionale Party kandidaat die Umvotikiesafdeling te bestry.[96] Die besluit was beslis nie ligtelik geneem nie.

Adv. Jansen kon nie bekostig om 'n roekelose waagstuk aan te pak nie. Die Umvoti-kiesers is vooraf oor sy kandidatuur gepols, omdat hy verseker wou weet dat hy die stemkrag in 'n groter mate op hom sou verenig as enige ander Nasionale Party kandidaat. Mnr. G.T. van Rooyen en ander Nasionaliste in die Umvotikiesafdeling het adv. Jansen onder die indruk gebring dat hy, beter as enigiemand anders, daarin sou slaag om die Afrikaner se stemkrag te monster. Adv. Jansen is onder die indruk gebring dat hy in 'n driehoekige stryd die paal sou haal. Dié inligting moes 'n groot invloed op sy besluit gehad het, want finansieel het hy dit nie te breed gehad nie en dié berekende waagstuk kon sy regspraktyk geknou het.[97]

Hierteenoor is adv. Jansen se openbare beeld polities gekleur. Vir die Engelstalige pers het hy hom na dié politieke skuif in die geledere van die "politieke gekke"[98] bevind. Terwyl genl. Hertzog se politieke oogmerke vanuit die staanspoor as 'n bekrompe rassistiese geloofsbelydenis afgemaak is,[99] is adv. Jansen se Umvoti-kandidatuur as 'n gevaar vir die staat bestempel.[100] Adv. Jansen het hom ook midde

in die ontstuimige politiek in Afrikanergeledere bevind. Vir adv. Jansen was die politieke skuif nie sonder implikasies nie. In sy openbare lewe het politiek sy eerste prioriteit geword. Sy kulturele aktiwiteite in Pietermaritzburg is vir eers ook op die ys geplaas.[101)]

Hoewel **De Afrikaner** adv. Jansen bestempel het as iemand wat later hopelik 'n ministerspos sou beklee, het die koerant hom nie as die regte man vir die Umvoti-setel beskou nie. Die redakteur, dr. Vrolik, het die kandidatuur van die S.A.P.-kandidaat, oud-minister W.A. Deane, gesteun.[102)] Adv. Jansen het hom in die mees kontensieuse driehoekige stryd van die 1915 verkiesing,[103)] sonder die noodsaaklike ondersteuning van 'n mondstuk, bevind. In die driehoekige verkiesingstryd moes hy as vertolker van Hertzogisme[104)] en as simbool van Natalse Afrikaner-nasionalisme,[105)] vir die twee S.A.P.-kandidate, die oud-ministers sir George Leuchars en Deane met terloopse persdekking in die regeringsgesinde **Greytown Gazette** die stryd aangesê het.[106)]

Ten spyte van 'n neerlaag met 143 stemme[107)] is adv. Jansen se Umvoti kampanje enduit deur sy manierlikheid gekenmerk.[108)] Hoewel onervare op 'n politieke platform,[109)] blyk dit tog uit die verslae van die verkiesingsveldtog, dat hy met sy regskundige agtergrond en ervaring as gesoute debatteerder van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging,[110)] vir die Natalse Afrikaner as 'n gekunstelde spreekbuis in Umvoti opgetree het.[111)]

Na die uitslag het adv. Jansen op beleefde wyse gesê dat hy verslaan is, maar dat hy weer 'n verkiesing sou veg.[112)] Sy vader het hom met dié gedagte bemoedig: "Trekt het U maar niet aan (.) Ge sijt nog jong en wie weet wat de toekomst U nog sal geven."[113)] Twee dae na die verkiesing het hernude verkiesingsopgewondenheid vir 'n tussenverkiesing

in Kliprivier ontstaan. Die dienende lid, Henry Wiltshire, is op 22 Oktober skielik oorlede. Mnr. J.J. Muller, die voorsitter van die Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party, en andere het adv. Jansen aangeraai om hom verkiesbaar te stel indien daar drie of meer kandidate sou staan. Die Kliprivierse Suid-Afrikaanse Partytak het egter die setel aan minister Henry Burton aangebied. Ten aansien van so 'n gedugte opponent het die ander partye hulle onttrek.[114)] Adv. Jansen sou nog ses jaar vir sy "uur van glorie"[115)] moes wag.

Adv. Jansen en die ander vier kandidate wat onder die vaandel van die Nasionale Party setels in die 1915-verkiesing geveg het, is deur die Sentrale Bestuur genooi om op 18 Januarie 1916 te Glencoe aan 'n post mortem oor die uitslae deel te neem. Adv. Jansen het per brief verskoning gemaak, maar uit die verslae van die ander kandidate het dit geblyk dat die partyorganisasie nog veel te wense oorgelaat het.[116)] Die Sentrale Bestuur se verslag oor die afgelope verkiesing aan die tweede kongres het ook melding gemaak van die feit dat die Nasionaliste soos pasgebore kinders 'n vesting van Imperialisme (Natal) aangedurf het. Afgesien van dié jeugdigheid van die Nasionaliste se saak was die volksgevoel en volksbewussyn van die Afrikaners nog nie ontwikkel nie. Die Sentrale Bestuur het die resultate van die eerste verkiesing wat hulle geveg het as pionierswerk gesien wat die basis gelê het om met die volgende verkiesings meer sukses te behaal.[117)]

Die tweede kongres van die Natalse Nasionale Party het op 25 April 1916 te Ladysmith plaasgevind. Adv. en mev. Jansen is op die 26ste hartlik deur die voorsitter, mnr. Muller, verwelkom. Hy is as een van die veertien Sentrale Bestuurslede verkies. Mnr. A.T. Spies is as die nuwe voorsitter en mnr. J.J. van Schalkwyk as die nuwe sekretaris verkies.[118)] Adv. Jansen, mnre. A.T. Spies en J.J. Muller is ook as Natalse verteenwoordigers op die eerste Federale Raad van die Nasionale Party verkies.[119)]

Adv. Jansen is op die derde Partykongres op 3 Oktober 1917 te Greytown saam met mnre. A.T. Spies en P.R. Vermaak as voorsitter van die Sentrale Bestuur genomineer, maar hy het hom nie verkiesbaar gestel nie. Mnr. Spies is met 'n groot meerderheid van stemme herkies. Die teenwoordigheid van 48 afgevaardigdes was vir Nasionaliste 'n teken dat hul party in Natal op vaste voet begin staan het.[120)]

Hoewel adv. Jansen se naam nie op die presensielys van die vierde Partykongres van 1 Oktober 1918 voorkom nie, is hy op die Sentrale Bestuur van ses man herkies. Adv. Jansen, mnre. Muller en Spies (die herkose voorsitter)is ook as lede van die Federale Raad herkies. Hulle is ook as Kommissie verkies om die Nasionaliste se sogenaamde onafhanklikheidsverklaring vir die Britse Koning, saam met Kommissies van die ander provinsies op te stel. Dit was die voorloper van die Vryheidsdeputasie wat later ter sprake is.[121)] Die sigbare toename in die geesdrif vir die party tydens die kongres is deur die teenwoordigheid van genl. Hertzog en sy vertolking van die leerstellings van nasionalisme bewerkstellig.

Dit is asof die Natalse Afrikaner vir die eerste keer besef het dat hul aksies ten behoewe van die onbelemmerde vryheid van ontwikkeling op taal-, godsdiens-, ekonomiese- en elke ander gebied, die praktiese toepassing van die leerstellings van nasionalisme was. Dit is versterk deur die besef dat die leer van nasionalisme 'n reg is waarop elke volk ter wêreld aanspraak het. Genl. Hertzog het die Natallers se kultuurstryd in die praktiese politiek kom toepas en so die sluimerende krag van hul nasionalisme ontsteek. Genl. Hertzog het vir die Natalse Afrikaner nog 'n weg gewys waardeur hulle hul selfbewussyn kon ontwikkel.[122)]

Dit is met die hernude selfbewussyn dat **De Afrikaner** sy lesers verseker het dat die leer van nasionalisme, wat nog altyd 'n sluimerende hartstog

in hul volksiel was, na dié kongres te Vryheid die praktiese politiek van alle Afrikaanssprekendes in Natal sou word.[123] Die Natalse Afrikaner is deur hierdie besoek van genl. Hertzog ook onlosmaaklik by die breër onafhanklikheidstryd van die Nasionale Party betrek.

Soos algemeen bekend het Amerika se president, Woodrow Wilson, en die Britse eerste minister, Lloyd George, in hul toesprake gedurende die Eerste Wêreldoorlog die selfbeskikkingsreg van kleiner nasies as 'n onvervreembare reg beklemtoon.[124] Leidende staatsmanne het die versekering gegee dat die vredesamesprekings 'n nuwe wêreldorde sou skep en die volkereg bo alles sou herstel. Dit is juis hierdie versekering wat deur die Nasionaliste van Suid-Afrika aangegryp is om hul land se onafhanklikheid by die 1919-Vredeskonferensie te Versailles te bepleit.[125]

Tydens die bogenoemde Nasionale Partykongres te Vryheid het genl. Hertzog op navraag positief gereageer oor maatreëls wat getref moes word om die Nasionaliste in Suid-Afrika se gevoel aan die 1919-Vredeskonferensie bekend te maak.[126] Skaars tien dae na die Natalse kongres het die Transvaalse Nasionale Partykongres besluit om 'n deputasie na die Vredeskonferensie te stuur, ten einde die saak van die algehele onafhanklikheid van Suid Afrika eerstehands in Europa te gaan stel.[127]

Verteenwoordigers van die Party uit die vier provinsies het in Bloemfontein vergader om die sending van "volksafgevaardigdes" na die Vredeskonferensie te bespreek.[128] Die Natalse Sentrale Bestuur het op 4 Desember te Dundee vergader, waar mnr. A.T. Spies die besluite van bogenoemde vergadering oorgedra het.[129] Ses dae later het die Sentrale Bestuur 'n kennisgewing uitgereik waarin die Natalse Nasionaliste

opgeroep word om op 16 Januarie 1919 te Bloemfontein, 'n gesamentlike kongres van die vier provinsies by te woon.[130] Die Nasionale Partytakke in Natal was gedurende die res van Desember volstoom besig om afgevaardigdes vir dié Januariekongres te kies,[131] terwyl die Sentrale Bestuur mnr. A.T. Spies en adv. Jansen as Natalse lede van die Vryheidsdeputasie benoem het.[132]

Ofskoon die **Natal Witness** dié ontwikkeling in Nasionale Party-geledere as ekstreme astrantheid bestempel het,[133] het adv. Jansen en ander Nasionaliste die gees van nasionalisme in die Natalse hoofstad ingedra. Die oortuiging dat die vredesinisiatiewe na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog voordeel vir hul onafhanklikheid sou inhou, het juis die Nasionaliste in Pietermaritzburg geaktiveer om 'n tak te stig en 'n afgevaardigde na die bogenoemde Januariekongres te stuur.

Adv. Jansen was sedert die dae van die Boerevereniging weer polities aktief in dié Engelssprekende vesting - sy tuisdorp Pietermaritzburg. Op Saterdagaand die vierde Januarie het hy 'n openbare vergadering in die Gedenksaal oor die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke organisasie en die Vryheidsdeputasie toegespreek. Adv. Jansen is as voorsitter van 'n voorlopige takbestuur van vyf lede en as afgevaardigde na die Januariekongres verkies.[134]

Tydens dié kongres in die Ramblerssaal te Bloemfontein het die provinsiale kongresse besluit om 'n deputasie te stuur en is adv. Jansen en mnr. A.T. Spies geesdriftig as verteenwoordigers van Natal op die deputasie verkies.[135] 'n Vurige onafhanklikheidsgees spreek duidelik uit die doelstellings van die Vryheidsdeputasie en elke dokument wat hulle later aan oorsese leiers en instansies gestuur het.[136] Tydens die bogenoemde Januariekongres is die "reg van elke beskaafde volk

tot vryheid en die herstel van geskonde regte en vryhede",[137] geloof as die begronding van die nuwe wêreldvrede wat te Versailles bereik moes word.

Dit is in hierdie gees waarin die besluite van die Januariekongres gesien moet word. Dit het in hoofsaak gewentel om die strewe van die Afrikaners om die Unie van Suid-Afrika se volkome onafhanklikheid, afgeskei van die Britse Ryk, te verkry. Hierin het die motief vir die sending van die Vryheidsdeputasie ook gelê: "Die groot meerderheid van die Hollandse bevolking van Suid-Afrika is oortuig dat hul gevoelens en verlangens en die ware toestand van sake in Suid-Afrika alleen deur hul eie deputasie tot die kennis van die Britse regering en die vredeskonferensie oorgedra kan en moet word, en dat dit nie deur middel van die regering van die Unie van Suid-Afrika sal geskied nie."[138]

Vir **Die Afrikaner**[139] was die besluite van die Nasionaliste te Bloemfontein, ongeag die minagting van die Engelssprekendes, simbolies van die Afrikaner se diepgewortelde vryheidsin.[140] Vir adv. Jansen was die saak nie minder kontensieus nie. Enersyds het die Engelstalige pers sy deelname aan die deputasie onverstaanbaar gevind.[141] Andersyds was hyself onseker oor sý lot. Die bogenoemde kongres te Bloemfontein het adv. Jansen tot versterkte geloof in die weg van nasionalisme gebring. Die wyse waarop hy hom oor dié saak uitgedruk het, getuig ook dat dit sekere vrae in sy gemoed beantwoord het: "Ik het op die kongres meer dan ooit tevore tot die oortuiging gekom dat die gees (vir onafhanklikheid)onkeerbaar en onvernietigbaar is. En toe ik daardie honderde intelligente en geesdriftige Afrikaners voor my sien kon ik nie anders dan in mij hart te lag oor die bespotlike beweringe, wat daar gemaak word deur jingo's en jingo-koerante, dat dit maar net 'ignorant backvelders' is wat die beweging ondersteun en dat die Nas.-leiers die onkundige mense verlei! Nee, die gees van onafhanklikheid leef in die hart van die Afrikaner, en had die leiers van die Nas.-partij die leiding van die beweging nie op hulle geneem nie dan sou die volk hulle eenvoudig opsij geset het!"[142]

Adv. Jansen se deelname aan die Vryheidsdeputasie sou ongeveer sewe maande in beslag neem. Hy is vroeg in Februarie 1919 uit Pietermaritzburg weg in die wete dat hulle op 15 Februarie vanaf Kaapstad sou vertrek.[143)] Verskeie skepe wou die Deputasie nie aan boord neem nie[144)] en as gevolg van die vertraging het hulle eers op Dinsdagmiddag, 4 Maart, op die Nederlandse vragskip, die Bawean na New York vertrek.[145)] Vir N.C. Havenga, dr. Reitz, A.T. Spies en adv. Jansen was die eerste aand op see baie onaangenaam. Hulle was seesiek.[146)]

Tydens die seereis is 'n begin gemaak met die voorbereidende werk van die sending. Die deputasielede is in subkomitees ingedeel om navorsingswerk oor aspekte rakende die sending te doen. Op dié wyse het N.C. Havenga, dr. Malan en adv. Jansen opdrag gekry om die toesprake van president Wilson en Lloyd George na te gaan en alles wat op dié sending se doel betrekking het op te teken. Die driemanskap moes ook alle moontlike statistiek wat benodig mag word, versamel.[147)] Dit lyk asof dié subkomitee 'n gewilde keuse was, want op 24 Maart is hulle ook as Finansiële Komitee van die Deputasie aangestel.[148)]

Die groep was vanaf 1 tot 8 April in Amerika en op die seereis na Engeland, het adv. Jansen ernstig siek geword. Daar is besluit dat senator A.D. Wolmarans adv. Jansen sou vergesel en dat hulle nie in Plymouth saam met die groep sou afklim nie, maar na Holland sou vaar. Aanvanklik het die skeepsdokter gedink dit is griep,[149)] maar dit is later as blindedermontsteking gediagnoseer. Senator Wolmarans het op 'n stadium gevrees dat adv. Jansen sou sterf. Adv. Jansen het weer op 27 Mei by die Deputasie aangesluit.[150)]

Intussen het sake vir die Deputasie nie voorspoedig gegaan nie. Die Nasionaliste was een van vier Vryheidsdeputasies wat hul saak by

Versailles wou stel.[151] Die Nasionaliste moes vanaf 19 April tot 5 Junie wag voordat 'n onderhoud met Lloyd George aan hulle toegestaan is. Genl. Hertzog het tydens die onderhoud op die vyfde namens die groep die woord gevoer.[152] Die Deputasie se standpunte en die besluite van die Januariekongres te Bloemfontein was alreeds in die Eerste Minister se besit. Hy het beloof om sy antwoord skriftelik aan die Deputasie te stuur.[153] Ten spyte van al hul opofferings was hul sending tot mislukking gedoem.[154]

Die Deputasie het tydens hul lang terugreis via Holland, Spanje, Egipte (Port Said), Ceylon en Java (Batavië), andermaal dokumentasie oor die standpunt van die Deputasie van Lloyd George voorberei. Dit was antwoorde op die Britse Eerste Minister se terugrapportering oor die Deputasie se versoek en besoek aan hom. Dié antwoorde is op 5 Julie uit Port Said en 12 Augustus uit Batavië aan Lloyd George gestuur. Adv. Jansen was as 'n sub-komiteelid by die opstel van die stukke betrokke.[155] Die Deputasie het op Saterdag, 16 Augustus, aan boord van die Yseldijk uit Batavië na Durban vertrek.[156]

Intussen het die Pietermaritzburgse tak van die Nasionale Party 'n groot verwelkoming in Durban en onthaal in Pietermaritzburg, vir die Deputasie gereël. Die gedagte het so byval gevind dat ál die Natalse takke aan die "Eetmaal en Verwelkoming" meegewerk het.[157] Terwyl die gewerskaf en opgewondenheid in Afrikanergeledere oor die ontvangs van die Deputasie toegeneem het, het die land met 'n skok van genl. Louis Botha se afsterwe verneem.[158]

Die Natalse Engelstalige pers het volgens **Die Afrikaner** hul bes gedoen om, in 'n gees van "verontwaardiging", leedvermakerig en wraakgierig hul lesers teen die verslane "helde" op te sweep.[159] Terwyl die Natalse Nasionaliste die Deputasielede op Woensdagaand, 3 September, in die

Creamery Hotel op 'n sewegangmaal, 'n hulde, patriotiese toesprake en agt musiekitems verwelkom het, het opgesweepte Jingo's buite versamel en mekaar opgerui.[160] Die voorsitter van die plaaslike Nasionale Partytak, mnr. J. Ferreira (die redakteur van **Die Afrikaner**) het die Deputasie verwelkom. Hy het van 'n "merkwaardige sameloop van omstandighede"melding gemaak. Dit is die feit dat die Voortrekkerstad wat deur die eerste Vryheidshelde gestig is, juis die geleentheid gehad het om die Vryheidsdeputasie in Suid-Afrika te verwelkom.[161] Na ontvangs van adresse van die Natalse Nasionale Party en die Transvaalse Vroue Helpmekaarvereniging, en verwelkomingstoesprake deur verteenwoordigers van die vier provinsies het genl. Hertzog onder toejuiging aan die woord gekom.

Volgens genl. Hertzog was die sending van die Vryheidsdeputasie nie tevergeefs nie. Hoewel hulle nie die onafhanklikheid van die Unie kon verkry nie, is die politieke strewe van die Afrikaner deur die Vryheidsdeputasie in breër kring bekend gestel en verduidelik. Volgens genl. Hertzog sou die optrede van die Nasionaliste wel op die lange duur vrugte afwerp.[162] Dr. Malan het ook 'n paar bedankings gedoen, waarna adv. Jansen op versoek ook 'n paar woorde gesê het. Teen die tyd was daar al tussen 800 en 1 000 dreigende oproeriges buite die hotel en die Deputasie is by 'n onbewaakte deur uitgelei. Die oproerige skare het later die hotel deurgesoek en dit met eiers en ander "wapens" bestook.[163]

Na die opgewondenheid het adv. Jansen en A.T. Spies, vir 'n paar maande, oral in Natal verslagvergaderings oor die Deputasie gehou.[164] Terwyl Nasionaliste hul oral verwelkom het, het **Die Afrikaner** gekla dat sommige Engelssprekendes adv. Jansen en die Pietermaritzburgse Nasionaliste as die "bronput" van die nasionale selfbewussyn in Natal beskou.[165]

Die wyse waarop adv. Jansen die Natalse Nasionaliste oor die Vryheidsdeputasie ingelig het, het hom inderwaarheid as politieke kenner en bedrewe openbare redenaar laat ontpop. In Pietermaritzburg het hy verklaar dat die Nasionaliste net die geleentheid wou hê om hulle volksgenote te oortuig dat onafhanklikheid die beste vir die land is, en dat die Party baie oortuigingswerk moes doen.[166)] Sy openbare beeld is inderwaarheid versterk deur die bekwame wyse waarop hy die politiek in Natal bedryf het.[167)]

Vir die Sentrale Bestuur was dit belangrik om die Nasionaliste vroegtydig vir die volgende verkiesing te aktiveer. Hulle was van mening dat waar moontlik, kandidate in soveel as moontlik setels genomineer moet word. Daar is besluit om kandidate in Vryheid, Umvoti, Dundee, Newcastle, Weenen, Umlazi, Ladysmith en Zoeloeland te stel.[168)] Daar het uiteindelik ses Nasionale Partykandidate aan die verkiesing deelgeneem.[169)]

Die vyfde jaarkongres van die Natalse Nasionale Party het op 26 November 1919 te Dundee plaasgevind. Op die jaarkongres is adv. Jansen en mnr. Spies vir hul opoffering met betrekking tot die Vryheidsdeputasie bedank.[170)] Ten tye van die bestuursverkiesing het adv. Jansen gesê dat die Party voldoende vertroue in mnr. Spies gehad het, om hom minstens nog 'n jaar as voorsitter te laat dien. Adv. Jansen en mnr. J.J. Muller is ook genomineer maar hul voorstellers het in die lig van adv. Jansen se opmerking hul voorstelle teruggetrek. Adv. Jansen, mnre. Spies en Muller is op die Federale Raad herkies. Tydens die kongres het adv. Jansen ook die Natalse Party se eerste program van aksie in konsepvorm ingedien. Dit is na 'n gekose komitee, bestaande uit die bogenoemde drie leidende figure van die Natalse Nasionaliste, verwys.[171)] Adv. Jansen het ook as lid van die kommissie van toesig oor **Die Afrikaner,** verslag aan die Kongres gedoen.[172)]

Intussen het onsekerheid oor sy loopbaan adv. Jansen gedurende Oktober 1919 genoop om in 'n persoonlike ontboeseming uiting aan sy gevoelens te gee. Hierin word sy magteloosheid, moedeloosheid en vertwyfeling weerspieël oor die keuse tussen 'n regsloopbaan en die volksdiens wat hy gelewer het. Hy wou hom onttrek van die volksdiens wat hy gelewer het, maar was nie seker wat die mense sou dink nie. Hy het wel besef dat die Natallers vertroue in hom gehad het en na hom opgesien het.[173] Die persoonlike kontak wat hy gedurende die sewe maande met die leidende Afrikaner politici van die Vryheidsdeputasie gehad het, het hom bes moontlik onherroeplik vir 'n politieke loopbaan beïnvloed.

Na sy deputasieverpligtinge het hy in Desember 1919 die redakteur van **Die Afrikaner** geword.[174] Sy redakteurskap was 'n tydelike onderneming, wat as sulks in diens gestaan het van die realisering van sy politieke loopbaan.

Skaars 'n maand nadat hy die redakteurskap oorgeneem het, het **Die Afrikaner** berig dat adv. Jansen met die oog op die komende verkiesing genader is. Hy het hom bereid verklaar om, indien hy genomineer word, die Vryheidse setel te beveg.[175]

Adv. Jansen het hierna nie gras onder sy voete laat groei nie. Hy was al vanaf middel Januarie met toesprake en vergaderings besig[176] en het in sy hoofartikels die dringendheid van vroegtydige organisasie beklemtoon.[177] Dit was asof hy die Natallers se traagheid hinderlik gevind het. Hy het gekla dat hulle veels te min bedrywig was.[178]

Die Afbakeningskommissie het dele van die kiesafdelings van Newcastle en Zululand by Vryheid gevoeg. Die Vryheidse kiesafdeling het in 1920

tot aan die Wit Umfolozi en Umvunyana riviere gestrek.[179) ] Hoewel daar in die kiesafdeling wel 'n sametrekking van arbeiders op die myne was,[180)] was dit een van die oorwegend Afrikaanssprekende setels in Natal.[181)]

**Die Afrikaner** het ongeveer 'n week voor die verkiesing gesê dat dié dag waarskynlik 'n keerpunt in die geskiedenis van die Afrikanervolk sou wees.[182)] Die woorde was vir adv. Jansen se eie toekoms, nie minder betekenisvol nie. Met meer ervaring en politieke bedrewenheid as in 1915, genoegsame persdekking en ondersteuning van Nasionaliste, kon hy dié verkiesing met groter vertroue nader.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse Partyondersteuners vir minister Mentz ingespan het om die kandidatuur van genl. J. Cheere Emmett in Paulpietersburg en Vryheid te bevorder, het die Vryheidse Nasionaliste nie bekommer nie.[183)] Die algemene gevoel was dat die besoek van die minister nie die verkiesingsuitslag sou beïnvloed nie, omdat die Nasionale Party in die kiesafdeling baie goeie ondersteuning geniet het.[184)] Die Nasionaliste het hulleself as die sterkste party in die kiesafdeling beskou.[185)]

Teen die agtergrond van dié verwagtings wat in Nasionale Partygeledere gekoester is, het die uitslag van die verkiesing vir adv. Jansen as 'n groot teleurstelling gekom.[186)] Hoewel nie een van die ses Natalse Nasionale Partykandidate op 10 Maart die pyp kon rook nie, het adv. Jansen die meeste stemme op hom verenig en met die kleinste minderheid verloor.[187)] Dit was waarskynlik die invloed van die Naturellevraagstuk in die verkiesing wat adv. Jansen met 81 stemme laat verloor het. Die gekombineerde stemkrag van die Arbeiders, Unioniste en Suid-Afrikaanse Partylede in Vryheid het die Nasionaliste getroef.[188)] Adv. Jansen het ook nie al sy beloofde steun by die stembus ontvang nie. Die vermoede het bestaan dat baie Nasionaliste nie gestem het nie. Adv. Jansen het die Afrikaners se belangeloosheid in die verkiesing betreur.[189)]

Indien die 1915-verkiesing as maatstaf geneem word, was daar 'n merkbare toename in die totale aantal stemme wat op Natalse Nasionale Partykandidate verenig is. Adv. Jansen het die Natalse Nasionaliste met die volgende woorde bemoedig: "Terwyl ons in Natal ons verheug oor die pragtige winste wat ons Partij gemaak het in die ander Provinsies, hoef ons nie ons koppe te laat sak oor enige agteruitgang van ons saak in Natal nie[190] ... Ons leuse moet nog steeds wees: 'moedig vooruit'. Die stryd in Natal is swaar, maar ter wille van die geskiedenis van ons volk in Natal, kan ons dit onmoontlik opgee."[191]

Na die verkiesing het adv. Jansen se politieke bedrywighede hoopvol voortgegaan. Kort na die verkiesing het **Die Afrikaner** Nasionaliste aangemoedig om alle stemgeregtigde persone te registreer, sodat die party in 'n volgende verkiesing (wat dalk gou weer gehou kon word)alle moontlike stemme kon bekom.[192] Op 26 Mei het adv. Jansen die Sentrale Bestuursvergadering van die Natalse Nasionale Party in Dundee bygewoon.[193] Gedurende die vergadering is hy versoek om vir een jaar as organiserende sekretaris te ageer. 'n Aanbod wat adv. Jansen blykbaar nie aanvaar het nie.[194] Terwyl hy in Dundee was, is hy ook op die bestuur van die Pietermaritzburgse Nasionale Partytak verkies.[195] Gedurende Augustus het hy die vergadering van die Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party te Glencoe bygewoon.[196] Tydens dié vergadering van die Sentrale Bestuur is die hernieude hereenigingspogings bespreek, wat onder Afrikaanssprekendes weer heelwat aandag geniet het.[197] Dié drang en hoop op hereniging van nasionaalgesindes is sedert die 1912-breuk in Afrikanergeledere en die stigting van die Nasionale Party in 1914 telkens op kongresse en vergaderings bespreek. Die 1920-verkiesingsuitslag het veroorsaak dat daar gedurende Maart opnuut koalisiepogings en sedert April hoopvolle herenigingsvergaderings plaasgevind het. Samesprekings tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party oor hereniging is gedurende April, Mei en September 1920 gehou. Dit was veral die sogenaamde

Afrikaner Herenigingskongres wat op 22 September 1920 in Bloemfontein gehou sou word, wat 'n sterk herenigingsgees by die publiek aangewakker het.[198)]

Hoewel die Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party nie tydens hulle Augustusvergadering 'n Herenigingskomitee vir Natal in die lewe geroep het nie, het adv. Jansen die saak gepropageer ten einde 'n beter verstandhouding tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party tot stand te bring.[199)] Die Herenigingskongres van 22 September 1920 te Bloemfontein is deur 'n Uniale biddag voorafgegaan. Alle gemeentes van die Natalse Ned. Geref. Kerk moes byvoorbeeld die voorafgaande Sondag in gebed verenig vir die Afrikanervolk se hereniging.[200)] In dieselfde erns as waarmee die kerke die poging bejeën het, het adv. Jansen die Engelstaliges se vrese vir rassehaat en Afrikaneroorheersing in hereniging teëgespreek.

Hereniging was vir hom nie 'n wraakveldtog teen die jingo's nie, maar die stryd van die Afrikaanssprekendes om hul regte te handhaaf.[201)] Dit was veral die Nasionaliste se onafhanklikheidsideaal wat adv. Jansen ook met nadruk beklemtoon het,[202)] wat die versugting vir hereniging benadeel het.[203)] Na sy terugkeer van Bloemfontein (waar hy in twee Herenigingskomitees gedien het) het adv. Jansen op die diepe teleurstelling oor die uitslag van die kongres gewys. Veral omdat dit die hereniging van volksgenote met dieselfde taal, geskiedenis en tradisie nie kon beredder het nie.[204)]

Die sesde jaarkongres van die Natalse Nasionale Party vanaf 20 Oktober 1920 te Greytown, het adv. Jansen se leiersrol in die Natalse politiek bevestig. Hy is met 'n meerderheid van twee stemme tot voorsitter van die Sentrale Bestuur verkies. Adv. Jansen het hierop voorgestel dat die ampte van provinsiale partyleier en voorsitter van die kongres

geskei moet word. Op grond van dié voorstel is adv. Jansen tot leier en mnr. A.T. Spies tot voorsitter verkies.[205] Die aand is die kongressitting met 'n kultuurprogram van sang, musiek, voordragte en toesprake opgeluister. Tydens die program is adv. Jansen en mnr. Spies na vore geroep waarna mnr. P.R. Vermaak onder toejuiging aan elkeen 'n adres en teeservies oorhandig het. Die huldeblyk was uit erkentlikheid vir die opoffering wat die twee manne as Natalse lede van die Vryheidsdeputasie gemaak het. Adv. Jansen het daarna as gewaardeerde kultuurleier 'n toespraak oor Afrikaans gehou.[206]

Die algemene verkiesing van 1921 het aan adv. Jansen die geleentheid gebied om sy politieke loopbaan te laat realiseer. Die Eerste Minister het die gerugte oor 'n vroeë verkiesing bevestig toe hy op 26 November aangekondig het, dat op 8 Februarie 1921 'n verkiesing gehou sou word. Die Nasionaliste het die onverwagte kans met geesdrif verwelkom.[207] Adv. Jansen het sy partygenote aangemoedig om die verkiesingstryd met kalmte en vasberadenheid tegemoet te gaan.[208] Die Natalse Sentrale Bestuur het op 3 Desember te Glencoe vergader.[209] Daar is besluit om kandidate in Newcastle, Vryheid, Zoeloeland, Dundee, Ladysmith, Weenen en Umvoti te stel en dat alle kragte ingespan moes word om fondse te werf en meer stemgeregtigde persone te registreer.[210] Die party het op 30 Desember in al die bogenoemde setels, behalwe Weenen, kandidate genomineer.[211]

Genl. Smuts het die Natalse verkiesingstryd persoonlik ingelui deur op Oujaarsdag en op Nuwejaarsdag vergaderings in Paulpietersburg en Vryheid toe te spreek. Adv. Jansen het op beide vergaderings vir genl. Smuts met vrae geteister.[212] Vir adv. Jansen was die besoek van genl. Smuts 'n bewys dat die Sappe nie oor die Vryheidse setel gerus was nie.[213] Adv. Jansen het sy kampanje teen genl. Emmett met vergaderings in albei landstale gevoer.[214]

Adv. Jansen se oorwinning in Vryheid was die eerste Nasionale Party sege in Natal.[215)] Die dorp se magistraat het kort na 17h00 op 9 Februarie 1921 die uitslag van die setel voorgelees. "Toe dit bekend werd dat die Nasionale kandidaat die meerderheid behaal het was die vreugde van die Nasionaliste grenseloos. Hulle het die kandidaat dadelik gepak en onder groot gejuig rondgedra."[216)] Die oorwinning met 'n skrale meerderheid van drie stemme[217)] het die Nasionaliste in rep en roer gehad en die teenparty het 'n petisie by die Natalse Hooggeregshof laat indien om die verkiesing onwettig te verklaar.[218)] Mnr. Cadle van Vryheid en die Sentrale Bestuur het kollektelyste versprei om geld vir die regskoste te betaal.[219)]

Die aand na die verkiesing is die Jansens op 'n eetmaal onthaal wat deur 'n groot aantal mense bygewoon is. Die Nasionale vroue van Vryheid het 'n adres aan adv. Jansen oorhandig waarna hy en andere toesprake gehou het. Die volgende aand het 'n "aansienlike skare" die egpaar op die stasie, met drie hartlike hoera's, afgesien.[220)] Dit was een van tallose treinritte wat hulle tussen Pietermaritzburg en Vryheid sou aflê, omdat die Jansens in die Natalse hoofstad bly woon het. Na sy tuiskoms het adv. Jansen verklaar dat hy "sig hoog vereerd" voel oor die uitslag van die verkiesing en trots is op die kiesers van Vryheid.[221)] Hy het hom ten doel gestel om sy bes te doen vir sy kiesafdeling en sy meerderheid in die volgende verkiesing aansienlik te vergroot.[222)]

Adv. Jansen se gemeenskapsaktiwiteite moes na Februarie 1921 by sy parlementêre en politieke verpligtinge ingepas word.[223)] Hy is vroeg in Maart na Kaapstad vir die Parlementsitting[224)] en het eers in Julie weer na Natal teruggekeer,[225)] waarna hy sy politieke verpligtinge in Natal moes nakom. Hy was byvoorbeeld van 21-25 Julie in Vryheid,[226)] op 27 Julie in Glencoe vir die Natalse Hoofbestuursvergadering,[227)] en op 24 Augustus in Pretoria vir 'n vergadering van die Federale Raad

van die Party.[228] Nadat hy skaars ses dae tuis was, het hy weer na Vryheid vertrek om 'n prokureursbesigheid daar te open[229] wat hy met tussenposes beman het. Die besigheid het later as Jansen en Rossouw bekend gestaan.[230]

Adv. Jansen het op 18 Oktober 1921 die sewende jaarkongres van die Natalse Nasionale Party op Vryheid geopen en op die party se vooruitgang in Natal gewys.[231] Die dienende lede van die Sentrale Bestuur en lede van die Federale Raad is herkies.[232]

In die volgende paar jaar het adv. Jansen 'n veldtog geloods om die party se vooruitgang met rasse skrede te probeer bevorder. As enigste Volksraadslid en as Provinsiale Leier het adv. Jansen 'n leidende rol gespeel om die saak van die Nasionaliste in Natal te vestig. Jaar na jaar het hy uitgelese Nasionaliste uit die ander provinsies op politieke kruistogte deur Natal geneem. Die toenemende belangstelling wat die Natallers in Nasionale Partysake getoon het, kon nouliks aan ander faktore as juis die politieke stryddae van adv. Jansen toegeskryf word. Die onindrukwekkende uitslae van die Natalse Nasionaliste by die stembusse, moet nie as maatstaf vir adv. Jansen se politieke werksaamhede gesien word nie. Hy het op basis van sy sukses met die Saamwerk-Unie[233] as organisatoriese bindmiddel van die Natalse Nasionaliste gedien. Deur sy onbaatsugtige pogings wat hierna beskryf word, het adv. Jansen in der waarheid die koördineerder van die Natalse Afrikaner se politieke bewussyn geword.

Genl. Hertzog en kol. Creswell het in September 1922 vriendskaplike samesprekings gevoer om 'n gesamentlike aanval op genl. Smuts in die volgende verkiesing te loods. Terselfdertyd moes genl. Smuts hom na Natal haas om 'n broeiende opstand in sy party te probeer demp.

Adv. Jansen het die Eerste Minister se dilemma vir politieke munt uitgebuit. Soos 'n ware demagoog het hy die kontensieuse Indiërvraagstuk in Natal voor genl. Smuts se hoof gegooi, met die beskuldiging dat die regering nie 'n beleid daarvoor het nie.[234]

In dié politieke klimaat het adv. Jansen 'n reeks goed ondersteunde openbare vergaderings in Natal gehou.[235] In Pietermaritzburg het 'n geesdriftige ontvangs hom te beurt geval, ten tye van sy eerste openbare vergadering wat hy in dié stad in Engels toegespreek het. Hy het na die verbasende kentering in die openbare mening van veral die Engelssprekende publiek verwys. Ten tye van die ontvangs van die Vryheidsdeputasie in 1919 het Engelssprekendes die Nasionaliste met eiers bestook. In 1922 was dit duidelik dat van hulle teen die Smutsregering gekant is. Volgens **Die Afrikaner** het adv. Jansen die Engelssprekendes 'n guns bewys deur die Nasionale politiek aan hulle te verduidelik.[236] Adv. Jansen het in dié tyd nie net op groot openbare vergaderings gekonsentreer nie, maar ook op winkelstoepe, in huise en by myne vergaderings toegespreek.[237]

Op 18 Oktober 1922 het adv. Jansen, voor ongeveer 50 afgevaardigdes, die agste jaarkongres van die Natalse Nasionale Party te Utrecht geopen. Hy het onder andere verwys na die dringende noodsaaklikheid om belangstelling in die Partysake te kweek, ten einde sukses by die stembus te behaal. Mnr. J. Brand Wessels het die groete van genl. Hertzog en die Vrystaat op die kongres oorgedra. Hy het na adv. Jansen as die eersteling van die Natalse Nasionaliste in die Volksraad verwys, en gesê dat dié eersteling 'n sterk eik in die Raad is wat sy invloed laat geld het. Die nuwe Sentrale Bestuur het uit adv. Jansen (leier), A.T. Spies (voorsitter), A.I. Nel (ondervoorsitter), J.J. Muller, J.C. Adendorff, G.T. van Rooyen en G. van Rensburg bestaan. Adv. Jansen, mnre. J.J. Muller en A.T. Spies is as verteenwoordigers op die Federale Raad herkies.

Adv. Jansen het die kongres afgesluit met die gedagte dat dit die plig van elke Nasionalis is om in sy tak te werk. Dit was volgens hom die prys vir vryheid wat elkeen behoort te betaal.[238)]

Adv. Jansen het ongeveer 'n week voor die aanvang van die Parlementsitting in Januarie 1923, vir adv. Tielman Roos, adv. Oswald Pirow, mnre. Piet de Lange en Harm Oost van die Transvaal, op 'n blitsbesoek na Natal genooi. Adv. Tielman Roos het goed ondersteunde vergaderings in Pietermaritzburg en Durban toegespreek. Hy het die Nasionale Partybeleid op sy kenmerkende wyse aan geesdriftige Natallers verduidelik.[239)] **Die Afrikaner** het op sy beurt sy bes gedoen om 'n milieu te skep waarin die Nasionale Party kon gedy. Daar is gewag gemaak van die merkbare verandering in politieke sienswyses ten gunste van Nasionaliste in Natal,[240)] en dat die Suid-Afrikaanse Party - Unioniste bondgenootskap wat in Natal so sterk gestaan het, gewankel het.[241)] Die lesers is daarop gewys dat Natallers van die regering ontslae wil raak en dat die oplossing in die bondgenootskap van genl. Hertzog en kol. Creswell gelê het.[242)]

In 'n politieke klimaat waar genl. Smuts se opposisie gehoop het dat sy politieke son vinniger moes sak,[243)] het adv. Jansen die bogenoemde propagandaveldtog tydens 'n organisasiereis verskerp. Hy het mnre. C.W. Malan, die organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland, en W.A. Hofmeyr, die algemene bestuurder van Nasionale Pers, gekry om gedurende Julie 1923 elf openbare vergaderings in Natal toe te spreek. Die here het hulle rype ervaring van partyorganisasie aangewend om die Party se beginsels te propageer, nuwe lewe in die Natalse Nasionaliste te blaas en die Party in Natal op te knap.[244)] **Die Afrikaner** het soos 'n refrein op die organisasiereis die noodsaaklikheid van goeie partyorganisasie beklemtoon.[245)]

Adv. Jansen het die Pietermaritzburgse Nasionale Partytak, wat op daardie stadium 121 lede sterk was, oor die groei en ontwikkeling van die Nasionale Party toegespreek. Hy het die feit beklemtoon dat die Party sedert sy ontstaan snel gegroei het. Hy het ook die verwagting gekoester dat 'n Nasionale Party - Arbeidersparty ooreenkoms by die volgende verkiesing, deur goeie organisasie, die meerderheid behoort te behaal. Mev. Jansen het die wenslikheid van die stigting van Vrouetakke verduidelik ten einde die Party se organisasie te help verbeter.[246)]

Aan die hand van die bogenoemde organisasiereis kon die stand van die Nasionale Party in Natal gepeil word. Hoewel die bogenoemde twee Kapenaars Natal as 'n vrugbare veld van bearbeiding gevind het, het hulle tekens van verslapping gevind. Dit het die noodsaaklikheid van gereelde bearbeiding deur 'n voltydse organiserende sekretaris vir hulle beklemtoon. Die feit dat Nasionaliste maar oor een van die sewentien Natalse setels beskik het, kon sonder intense organisasie tot 'n besef van futiliteit gelei het. Die Kapenaars het 'n beroep op die partylede gedoen om die Sentrale Bestuur geldelik te ondersteun om 'n organiserende sekretaris aan te stel.[247)] Adv. Jansen het ook nie geskroom om die Nasionaliste oor die "dooierige" en "treurige" wyse waarop hulle Partysake bejeën, te kapittel nie: "Dinge kan onmoontlik so aangaan. Ek weet die tye is swaar. Ek weet dat ons lede byna almal boere is wat in hierdie tye maar hard moet sukkel, maar as dit ons erns is met ons Party, dan moet ons tog iets vir hom oor hê. Dan moet ons tog in elk geval die eenvoudigste pligte nakom wat op ons as ampsdraers in die Party rus. Ons weet nie wanneer 'n verkiesing skielik op ons afkom nie. As ons onverskillig bly, dan sal ons maar 'n swakke figuur as Party slaan. Ons teenstanders organiseer kragtig oor die hele land. Hulle hou bazaars en samel fondse in. Hulle doen dit ondanks die feit dat hulle die kapitalistiese mag en pers agter hulle het. Hoeveel te meer noodsaaklik is dit vir ons om wakker te wees en ons voor te berei. Ons kan onmoontlik op die dooierige manier voortgaan. Daar moet verandering kom."[248)]

Die gerugte van 'n verwagte vroeë algemene verkiesing, die druk van Partyleiers op hul trae Partygenote, en die klem wat op organisasie gelê is, het die Natalse Nasionaliste laat ontwaak. Daar was tekens dat die Afrikaners 'n beter besef van hul eie waarde en selfstandigheid begin ontwikkel het.[249)]

Die verhouding tussen die twee Blanke taalgroepe het ook 'n gesindheid van groter verdraagsaamheid en 'n gees van toenadering getoon. Die Engelssprekendes het ook begin besef dat die Afrikaanssprekendes hul regmatige regte het om te handhaaf.[250)] In die gees het adv. Jansen en ander Sentrale Bestuurslede in September 1923 'n Nasionale Partytak in Durban gestig. By die geleentheid het adv. Jansen daarop gewys dat albei volke op hul verlede, afkoms en geskiedenis trots is. Dié trots is in die verlede by individue in botsing gebring omdat woorde soos, eiesoortige aard en groepsbelange verkeerdelik gebruik is.[251)] Dié toenaderingsmotief het 'n maand later weer opgeduik.

In die lig van die strawwe nie-amptelike verkiesingsveldtog het adv. Jansen vir genl. Hertzog oorreed om Natal gedurende Oktober 1923 te besoek.[252)] In 'n stampvol stadsaal het die Durbaniete genl. Hertzog met die liedjie "want hy is 'n lekker kêrel!", geesdriftig verwelkom. Adv. Jansen het onder luide toejuiging vir genl. Hertzog voorgestel en gesê dat die mure van vooroordeel tussen die Afrikaans- en Engelsprekendes afgebreek moet word. Hy het onder toejuiging gesê dat die liefde vir Suid-Afrika alle groepe moet bind.[253)] Die Generaal is die volgende aand in 'n stampvol stadsaal in Pietermaritzburg ook geesdriftig toegejuig. In vergelyking met sy vorige besoek in 1919 was dit 'n merkwaardige politieke omkeer.[254)] Dié aand het genl. Hertzog gesê dat hy as Nasionalis die republikeinse ideaal ondersteun. 'n Stem: "All right." Genl. Hertzog: "Ja ek is bly om te hoor dat dit nou 'all right' is - vier jaar gelede was dit nie 'all right' nie."[255)]

Gedurende dié middag het adv. Jansen en sy vrou 'n tuinparty by hul huis in Prins Alfredstraat aangebied. Dit het aan Afrikaanssprekendes die geleentheid gebied om genl. Hertzog persoonlik te ontmoet. By die geleentheid het mnr. J.A. Smith (die redakteur van **Die Afrikaner**) 'n adres namens die plaaslike mans- en vroue-takke van die Party aan genl. Hertzog oorhandig. Genl. Hertzog het daarop die hoop uitgespreek dat die Afrikaner sy regmatige regte sal verkry sonder om daarvoor iets prys te gee. Hy het verklaar dat die Afrikaner se taal en burgerskapregte steeds meer en meer deur elkeen gewaardeer sal word en dat nasionalisme die Natallers moreel sal sterk maak.[256)]

Op 24 Oktober 1923 het genl. Hertzog die negende jaarkongres van die Natalse Nasionale Party te Dundee toegespreek. Daar was ongeveer 24 takke, waaronder drie Vrouetakke van Pietermaritzburg, Vryheid en Utrecht, teenwoordig. Genl. Hertzog het verwys na die radikale politieke verandering wat hy in Natal teëgekom het.[257)] Dit het die gevoel laat ontstaan dat daar baie Engelssprekendes was wat, ten spyte van die sessessie-kreet van die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party 'n kans gegee het.[258)]

Die Provinsiale Raadverkiesing het in die praktyk die teendeel bewys. Boonop het die traagheid, belangeloosheid en wegblystem van Nasionaliste in Vryheid en Utrecht kommer gewek. Na die strawwe organisasie- en propagandaveldtog was die uitslag van Utrecht en Vryheid teleurstellend.[259)]

Ten spyte van die terugslag het adv. Jansen en sy vrou, vir twee weke gedurende November, vergaderings in sy kiesafdeling toegespreek. Die reis is veral met die oog op die stigting van Vrouetakke onderneem. Mev. Jansen se indruk na die reis oor die lewensvatbaarheid van die

Vroue Nasionale Party was baie positief.[260)] Adv. Jansen was vroeg in Januarie 1924, voor sy vertrek na Kaapstad vir die Parlementsitting, nog steeds met die stigting van nuwe takke besig.[261)]

Adv. Jansen se marathon oor politieke platvorms in Natal het hom nie weerhou om ook elders ten behoewe van sy party op te tree nie. In Februarie 1924 het hy die Kapenaars in Belville gehelp om 'n Nasionale Partytak te stig.[262)]

Die volgende omstandighede het as agtergrond en stimulus vir adv. Jansen se moeitevolle geskarrel onder Natalse Nasionaliste gedien. Die politieke spanning in die land was nog steeds besig om op te laai. In die Parlement het die doeltreffende samewerking van die opposisiepartye dit vir genl. Smuts-hulle al moeiliker gemaak. Buite die Parlement was al die partye in die stilte hard besig om hulle weer eens vir 'n "vervroegde"algemene verkiesing voor te berei. In 'n paar tussenverkiesings gedurende die eerste paar maande van 1924, waarin Natal (Umvoti) ook sy deel gehad het, is die Smutsregering se krimpende meerderheid op die spits gedryf.[263]

Die tussenverkiesing in Umvoti het op die afsterwe van sir George Leuchars gevolg en het in die bogenoemde politieke klimaat groot belangstelling uitgelok.[264)] Adv. Jansen het die nominasievergadering van Adriaan Nel in Greytown bygewoon en die samewerking van alle Umvoti-Nasionaliste gevra.[265)] Adv. Jansen het vir die laaste ongeveer tien dae die verkiesingsvergaderings in Umvoti bygewoon in 'n poging om sy Partygenote tot sukses aan te spoor.[266)] Hoewel die Suid-Afrikaanse Party se meerderheid sedert 1921 met 218 stemme gedaal het, het hulle die setel met groot blydskap behou.[267)] **Die Burger** het dié gedrag van die Suid-Afrikaanse Party, met die blydskap van naasbestaandes oor die "laaste terugkerende asemhalings"van 'n sterwende man vergelyk.[268)]

Die tussenverkiesing in Wakkerstroom het dié ongewone vergelyking van **Die Burger** 'n werklikheid gemaak. Die Suid-Afrikaanse Party as "sieklike ryk man"[269)] het na die verrassende neerlaag in Wakkerstroom as regerende party "gesterf".[270)] Genl. Smuts het bedank omdat hy na Wakkerstroom getwyfel het of hy nog die vertroue van die volk besit. Die aankondiging van genl. Smuts in die Parlement het as 'n groot verrassing gekom.[271)]

Te midde van onsekerheid oor wat "slim Jannie" in die mou gevoer het, het adv. Jansen en die Natalse Nasionaliste hul strydkragte vir die komende algemene verkiesing gemonster.[272)]

Intussen het mev. Jansen 'n politieke pionierstog in Natal onderneem om die Vroue Nasionale Party op dreef te kry.[273)] Adv. Jansen het die dames aangemoedig om takke te stig, veral met die oog op die eerste Vroue Kongres in Natal wat vir 23 April 1924 beplan is. Hy het ook die feit beklemtoon dat genl. Hertzog beloof het om die Vroue Nasionale Partykongres te Vryheid by te woon.[274)] Die kongres van die eerste sewentien Vroue Nasionale Partytakke het in die gees van die Regering se bedanking, in belangrikheid toegeneem. Genl. Hertzog se besoek aan Natal, sestien dae na dié dramatiese gebeurtenis, moes die provinsie ook vir 'n verkiesing voorberei.

Adv. Jansen het al op 17 April na Vryheid vertrek, omdat die bestuurder van 'n katoenmaatskappy genl. Hertzog en sy geselskap na katoenvelde in Zoeloeland genooi het.[275)] Die groep - genl. Hertzog, adv. Jansen, senator Brebner en mnr. N.C. Havenga - is op 22 April by hul terugkoms van die katoenvelde, deur die Vryheidse Nasionaliste op 'n luisterryke wyse in die dorp ontvang. 'n Groot berede kommando het genl. Hertzog-hulle 'n paar kilometer buite die dorp ingewag en die dorp binnegelei. Vooraan die kommando het 'n ruiter met 'n oranje en wit banier, met

die woorde: "Eendrag maak mag", gery. Hy is deur twee ander vaandeldraers gevolg. Die een het die vlag van die ou Vryheidse Republiek en die ander 'n vaandel, met die woorde: "Suid-Afrika Eerste", vertoon. 'n Motorstoet het die kommando gevolg. Die optog, met opgewonde drawwende seuntjies aan weerskante, het op die markplein tot stilstand gekom. Die verhoog was met 'n ereboog, met die woorde: "Welkom, Redder van Land en Volk", getooi. Genl. Hertzog is na die verhoog geneem terwyl die aanwesiges "Afrikaners Landgenote" gesing het.[276)]

Dit was die eerste keer sedert die klein ontvangs van die Vryheidsdeputasie in Durban gedurende 1919, dat die handjievol Nasionaliste in Natal by so 'n grootskaalse eerbetoon in 'n dorp se strate betrokke was. Dié ontvangs het die polsslag van die manlike Nasionaliste se ontluikende selfbewussyn op 'n heldhaftige wyse ten toon gestel.

Dié optrede van die mans het nie die Vroue Nasionaliste se eerste kongres in die skadu gestel nie. In 'n stampvol saal wat met blomme en spreuke getooi was, het die eerste Vrouetakke met ewe sterk patriotisme onder leiding van mev. Jansen vergader. Genl. Hertzog, adv. en mev. Jansen het die vroue toegespreek.[277)] Mev. M. Jansen is die volgende dag as eerste voorsitster van die Hoofbestuur verkies.[278)]

Die 1924 verkiesingskampanje van die Natalse Nasionaliste het onder die wakende oog van adv. Jansen hoofsaaklik uit 'n drieledige veldtog bestaan. Eerstens het 'n organiserende komitee, bestaande uit Pietermaritzburgers te wete adv. en mev. Jansen, mnre. J. Ferreira en J.A. Smith, die verkiesingstryd gekoördineer en organisatories aangewakker.[279)] Die tweede faset van die veldtog moes dié oorhoofse aksie aangevul het. Dit was 'n intenser bearbeiding van kiesers op individuele grondslag. Adv. Jansen het gesê dat hulle in die voorafgaande verkiesingstryde te veel op vergaderings gekonsentreer het. Die nuwe

werwingsmetode wat hy voorgeskryf het, het daarop berus dat elke kieser in elke kiesafdeling persoonlik bearbei moes word. Daar moes ook reëlings getref word dat elke gewerfde kieser wel stem. Derdens moes die gees van oordrewe selfversekerheid en optimisme wat by sommige Nasionaliste bestaan het, met 'n tikkie matigheid, tot groter realisme gestem word. Adv. Jansen het 'n voorspelling oor die verkiesing as gewaag beskou. Hy het die mening, dat die Nasionaliste en Arbeiders op die vooraand van 'n oorwinning gestaan het, as te optimisties bestempel. Hy het die Nasionaliste gewaarsku dat hulle in die komende verkiesingstryd vir elke setel sal moet veg soos hulle nog nooit vantevore geveg het nie.[280)]

Die Natalse Nasionaliste het op 22 Mei in vyf setels kandidate genomineer. Die setels was Vryheid, Newcastle, Kliprivier, Umvoti en Zoeloeland.[281)] Die **Natal Witness** het die Vryheidsetel se uitslag as van groot belang beskou, omdat die Suid-Afrikaanse Party die naelskraapse oorwinning van adv. Jansen in 1921 wou wreek.[282)] Suid-Afrikaners het hul derde Volksraadverkiesing in die bestek van vier-en-'n-halfjaar tegemoet gegaan, maar in plaas van 'n verkiesingsmoegheid was die land in rep en roer. Elke party het sy bes gedoen om stemme te werf.[283)]

**Die Afrikaner** het op stemdag, 17 Junie, die hoopvolle versugting gehad dat die dag nog sal aanbreek wanneer 'n Nasionale en "Volksregering", vry van kapitalistiese beïnvloeding, sal regeer.[284)] 'n Week later is met blydskap berig dat die volkswil, deur die oorwinning van die Pakt, geseëvier het![285)]

In Natal is die Nasionaliste weer eens deur die Suid-Afrikaanse Party verslaan. Teenoor hul 13 setels en die Arbeiders Party se drie, het slegs adv. Jansen uit Nasionale Partygeledere die paal gehaal. Hy het die Suid-Afrikaanse Party-kandidaat, mnr. B.J.E. Human, met 176 stemme verslaan.[286)]

Natalse Engelssprekendes het swaar gesluk aan die feit dat die Suid-Afrikaanse Party, in die pas afgelope verkiesing, soos 'n gevelde boom voor die Nasionale Party geval het.[287)] Die feit dat dié politieke ommekeer met die Natalse Setlaars-eeufeesvierings saamgeval het, het hul patriotiese imperiale eer gekrenk.[288)] 'n Verslaggewer van die **Natal Witness** het dié politieke verandering wat deur die verkiesing ingelui is, treffend uitgedruk. Hy het die verkiesingsgeesdrif van 'n skare in Pietermaritzburg, met die 1919 eierbestoking van die Natal Creamery[289)] vergelyk: "To hear the cheers for the Nationalist leader in a British stronghold like Maritzburg made one marvel and dimly reflect that it was not so long ago that in this very town some of the very men who were now yelling with delight at the prospect of a Nationalist Premier, had to use the Africander expression, 'thrown him with rotten eggs' at the Natal Creamery!"[290)]

Genl. Smuts se regering het op Maandag, 23 Junie, bedank. Op dieselfde wintersdag het genl. Hertzog op versoek van die Goewerneur-generaal na Pretoria gereis om 'n kabinet saam te stel.[291)] Sy luitenante - N.C. Havenga, C.T.M. Wilcocks, dr. D.F. Malan, C.W. Malan, advv. F.W. Beyers en E.G. Jansen, is ook na Pretoria vir die samesprekings.[292)]

**Die Afrikaner** het met onverbloemde Natalse patriotisme 'n saak begin verdedig wat lank 'n tere punt vir Natalse Nasionaliste sou wees. Na aanleiding van gissings oor verteenwoordiging van al die provinsies in die nuwe kabinet, het **Die Afrikaner** daarby ingeval. Die blad het verklaar dat die nuwe Eerste Minister dit kon doen, omdat daar in elke provinsie uiters bekwame persone was. Die feit dat Natal net een Nasionalis in die Volksraad gehad het, was volgens die redakteur geen probleem nie omdat adv. Jansen een van die beste en bekwaamste lede was wat Natal nog ooit as verteenwoordiger in die Volksraad gehad het.[293)]

Genl. Hertzog se kabinet wat op 30 Junie aangekondig is, het uit vier Transvalers, drie Kapenaars, twee Vrystaters en een Nataller (T. Boydell, die Arbeiderlid vir Durban) bestaan.[294)] Adv. Jansen was die enigste provinsiale leier wat nie ook 'n kabinetslid was nie. Hy het op versoek van genl. Hertzog nie op 'n kabinetspos aangedring nie, sodat Transvaal sy proporsionele kabinetsverteenwoordiging volgens sy getal volksraadslede kon kry. Genl. Hertzog het die speakersamp aan adv. Jansen aangebied, met die belofte dat hy hom later in die kabinet sou opneem.[295)] Die Natalse Sentrale Bestuur het op 10 Julie adv. Jansen se verslag oor die kwessie aangehoor. Na 'n indringende bespreking hieroor het hulle teleurstellend aanbeveel dat adv. Jansen die speakersamp aanvaar op voorwaarde dat genl. Hertzog sy belofte nakom sodat hy later in die kabinet opgeneem kan word. Die Sentrale Bestuur het sy teleurstelling gegrond op die feit dat volgens hulle die Nasionaliste se stryd die moeilikste in Natal is. Dat adv. Jansen alles in sy vermoë gedoen het om die Nasionale Party te bevorder en soos in die 1924 verkiesing weinig hulp van die ander provinsies ontvang het. Die Sentrale Bestuur het gevoel dat hulle 'n stiefmoederlike behandeling van die Nasionale Party ontvang. Hulle het ook waardering uitgespreek vir die feit dat mnr. A.T. Spies na Pretoria gereis het om genl. Hertzog te oortuig om adv. Jansen tog in die kabinet op te neem.[296)]

Dié teleurstelling in die geledere van die Natalse Nasionaliste is ook in **Die Afrikaner** weerspieël. Die blad het verklaar dat "ons sou as mondstuk van die Nasionale Party ons aan pligversuim skuldig maak as ons uiting gee aan ons grote teleurstelling dat adv. Jansen nie in die Kabinet soos oorspronklik bedoel was opgeneem is nie. Dit is vir ons nie nodig om oor die bekwaamheid en verdienste van hierdie alombekende en geliefde volksleier uit te wei nie ... maar ongelukkig moes met die verderflike gees van Provinsialisme ook in hierdie geval weer rekening gehou word ... En hierdie optrede is oorsaak van groot ontevredenheid en teleurstelling onder die Nasionaliste van Natal. Hulle voel dat die Party sowel as hul leier onreg aangedoen is deur die verteenwoordigers

van die ander provinsies." **Die Afrikaner** was van mening dat dié "diepgevoelde grief" met die uitbreiding van die Kabinet en spoedige opname van adv. Jansen, uit die weg geruim sou word.[297)]

Na 'n besoek aan die Uniegebou en die nuwe ministers het **Die Afrikaner** weer eens na die Natalse grief in dié verband verwys. Die gemis van adv. Jansen onder die ministers was vir die verslaggewer nog steeds 'n tere saak.[298)]

Selfs adv. Jansen het vrae oor sy uitsluiting van die Pakt-kabinet met 'n tikkie gebelgdheid beantwoord. Hy het verklaar dat hy nie 'n politieke loopbaan "gesoek" het nie, maar dat hy op 'n vroeë stadium van sy lewe daarin "gesleep" is. Hy het ook verklaar dat dit beter is dat die mense gevra het waarom hy nié in die kabinet is nie, as om te vra op watter grond hy 'n kabinetspos gekry het - indien hy dit sou bekom het.[299)]

Die saak het 'n jaar later weer opgeduik. Na die wysiging van die Suid-Afrika Wet, het genl. Hertzog 'n elfde minister aangestel. Oor dié aanstelling (W.B. Madeley, die Arbeiderlid) het **Die Afrikaner** so sterk geprotesteer dat genl. Hertzog dit as "onbesonne" bestempel het.[300)] **Die Afrikaner** het die Generaal die keer behoorlik voor stok gekry oor sy beloftes: Natal het met verlange na die kabinetsuitbreiding uitgesien, want "van niemand minder as ons Eerste Minister het ons die vaste belofte ontvang dat daardie nuwe ministeriële verantwoordelikheid sou val op die skouers van meneer Jansen, die lid vir Vryheid. Immers, dit was op voorwaarde dat die eerste beskikbare ministerskap na die heer Jansen sal gaan, wat Natal hom afgestaan het vir die Speakerstoel".[301)]

Dié saak is hierna met rus gelaat en genl. Hertzog het sy "belofte" in 1929 nagekom.[302)]

Ten spyte van die feit dat 'n kabinetspos vir adv. Jansen verstoke was, het die Natallers hom gedurende 1924 gehuldig vir die openbare rol wat hy gespeel het. Die erkenning wat hy ontvang het, het van Afrikaans- sowel as Engelssprekendes gekom. **The Natal Mercury** het berig dat adv. Jansen, in 'n groter mate as enigeen van die Pakt-ministers, die vertroue van die Engelssprekendes in die Unie geniet het.[303)] Op uitnodiging van die Pietermaritzburgse Vroue Nasionale Partytak het 'n groot vriendekring na die verkiesing, op gesellige wyse hulde aan adv. en mev. Jansen gebring. Die gedenksaal in Pietermaritzburg was met die Partykleure getooi en die program het uit huldeblyke, 'n adres, musiekitems en verversings bestaan. Alhoewel die medestanders van die Jansens geweet het dat hulle nie van verheerliking gehou het nie, is die huldeblyke uit erkenning vir die egpaar se rol as "leiers van die Natalse Afrikaners"gereël.[304)]

Uit dié huldeblyke tree 'n beeld van adv. en mev. Jansen se openbare rol na vore. Die Afrikaners het vir die egpaar se gemeenskapswerk op maatskaplike, taalkundige, kulturele en politieke gebied die hoogste waardering gehad.[305)]

Tydens die huldigingsfees is die bogenoemde uiteensetting van hul pionierswerk, onder die jonger geslag in Pietermaritzburg, deur 'n historiese oorsig van hul werksaamhede geïllustreer. 'n Terugblik oor tien en meer jaar van adv. Jansen se gemeenskapsaktiwiteite het getoon dat hy altyd padlangs geloop het, en dat hy dit nie vir eie eer of geldelike gewin gedoen het nie. Volgens 'n regter het adv. Jansen 'n groter inkomste as regsgeleerde prysgegee om politikus te word. Die Nasionaliste was ook trots op die politieke oorwinning waartoe adv. en mev. Jansen hulle deel bygedra het. Die rol wat adv. Jansen as leier van die Natalse Nasionaliste gespeel het - naamlik die onbaatsugtige wyse waarop hy die Nasionale saak gevoer het, en die bereidwillige en offervaardige wyse waarop hy as voorste kampvegter van Nasionalisme die Natalse stryd volgehou het - was vir die Natallers van onskatbare waarde. 'n Jeugkennis het verklaar

dat daar vir 'n jeugdige Ernest voorspel is dat hy een van Natal se grootste manne gaan word; en 'n senator het beklemtoon dat adv. Jansen baie gou 'n minister sou wees.[306)]

Die egpaar is ook as 'n dubbelloop geweer beskryf, omdat mev. Jansen haar eggenoot in alles bygestaan het. Mnr. J.A. Smith het gemoedelik geskerts dat 'n mens nie aldag geweet het watter loop van dié geweer die kwaaiste geskiet het nie. Tog was hul huis 'n oase in 'n Britse vesting,[307)] 'n plek wat 'n sinnebeeld van sy naam - "Welkom" was: "Menige stille ongesiene daad van offervaardige hulpbetoon, dikwels miskien ten koste van persoonlike of huislike gerief gedaan, bly onverteld en onvermeld, maar nie vrugteloos nie en ook nie vergeet nie. Persoonlike omgang met u, en die invloed van u gasvrye huis, was 'n spoorslag vir meer as een volksgenoot om 'n beter burger en opregter Afrikaner te wees."[308)]

Adv. Jansen het dié aand as 'n mylpaal in sy loopbaan bestempel. Hy het trots gevoel oor die eer en waardering wat hulle van hul medestryders ontvang het. Dit wat hulle gedoen het was om die "volkswelvaart" te verhoog. Die ideaal sou hulle altyd besiel en nastreef.[309)]

Adv. Jansen is nege dae later deur genl. Hertzog na Pretoria ontbied.[310)] Dit was waarskynlik in verband met reëlings vir die komende parlementsitting en die gepaardgaande pligte van die Speaker. Adv. en mev. Jansen het op 19 Julie vir die parlementsitting na Kaapstad vertrek.[311)] Die eerste taak van die nuwe Volksraad was om 'n Speaker te verkies.

Die speaker van die vorige Volksraad, mnr. J. Krige, was vir die Nasionale Party te aktief en onnodig skerp in die partypolitiek betrokke. Hierteenoor

was adv. Jansen, as die Nasionale Party se keuse, 'n man wat in die Volksraad nie besonder prominent as partyman gefigureer het nie. Hy het ook min aan debatte deelgeneem. Die toesprake wat hy gelewer het, het getoon dat hy oor 'n goeie stem en styl beskik. Boonop het adv. Jansen oor ander kwaliteite beskik wat hom uitmuntend geskik vir die speakersamp gemaak het. Delane, die gevierde redakteur van **The Londen Times**, het by geleentheid die volgende bekwaamhede van 'n kandidaat vir 'n speakerskap vereis: Die persoon moes oor 'n onversteurbare goeie humeur, takt en geduld beskik; hy moes, indien moontlik, regsopleiding gehad het; die afwesigheid van bittere partydigheid in die persoon se vroeëre loopbaan; hy moes oor aangebore hoflikheid en fatsoenlikheid beskik, wat eerbied en ontsag inboesem; hy moes oor persoonlike waardigheid, 'n goeie stem en maniere beskik. Adv. Jansen het met onderskeiding aan die vereistes beantwoord.[312)]

Die 42-jarige adv. Jansen is, sonder teenstem maar nie sonder protes van genl. Smuts nie, as jongste speaker verkies.[313)] Uit Pietermaritzburg het **Die Afrikaner** adv. Jansen met die verantwoordelike pos gelukgewens. Daar is met trots en oortuiging berig dat hy dié pos met die hoogste bekwaamheid, waardigheid en onpartydigheid sou beklee,[314)] omdat hy een van die knapste jong Afrikaners in die land is.[315)]

Adv. Jansen het met sy beslistheid, deurdringende stem, vinnige denkvermoë en vaardige uitsprake, uit die staanspoor 'n houvas oor die debatte van die Volksraad gehad.[316)]

Dié nuwe parlementêre amp was vir adv. Jansen om verskeie redes betekenisvol. Dit het verhoogde parlementêre status aan hom verleen, wat hy as gewone Volksraadslid nie gehad het nie. Tog het die ontwikkeling 'n fase in adv. Jansen se Natalse gemeenskapsbetrokkenheid afgesluit. Die amp het adv. Jansen se politieke rol in Natal tydelik onderbreek.

Volgens parlementêre tradisie het die speaker buite die aktiewe politiek gestaan.[317] Dit het veroorsaak dat adv. Jansen hom in 'n stadium van die Natalse politiek onttrek het, toe die Natalse Nasionaliste dit nouliks kon bekostig het. Daarbenewens het sy pligte as speaker ook meegebring dat hy langer tye in die Kaap gebly het. Afgesien van die volle sittingstye wat hy moes deursien, het hy ook voor elke sitting vroeër na die Kaap vertrek. Adv. en mev. Jansen het byvoorbeeld alreeds op 27 November 1924 na Kaapstad vertrek om sake rakende sy ampspligte vir die Februarie 1925 sitting in orde te kry.[318]

Die nuwe wending in adv. Jansen se politieke loopbaan het 'n tydperk van meer indirekte en minder persoonlike betrokkenheid by Natalse sake ingelui. 'n Tendens wat na 1929, met sy opname in die kabinet, vergroot het.

Terwyl adv. Jansen as speaker die Ryksparlementêre Genootskap gedurende September 1924 op reis deur die Unie en Rhodesië vergesel het,[319] het sy afwesigheid op die tiende jaarkongres van die Natalse Nasionale Party 'n leemte gelaat. Hoewel die kongresgangers met toejuiging van adv. Jansen se hoër status kennis geneem het, het hulle met spyt van sy leierskap afstand gedoen. Aangesien hy nooit gekla of homself op die voorgrond gedwing het nie en geen moeite ontsien het om die Party te dien nie, is die volgende huldemosie op die kongres aanvaar: "Hierdie Kongres wil by die bedanking van adv. Jansen as leier van die Party as gevolg van sy verkiesing tot Speaker, sy hartlike dank en grootste waardering uitspreek vir die groot en getroue dienste en opoffering wat adv. Jansen altyd aan ons Party bewys het. Die Kongres wil hom verseker van sy volle vertroue en die hoop uitspreek dat wanneer omstandighede dit toelaat (d.i. as sy Speakerskap eindig) weer sy dienste beskikbaar vir ons Party sal stel."[320]

Dié eerbetoon was nie die laaste hulde wat adv. Jansen van die Natallers ontvang het nie. Op 5 Augustus 1927 het die Pietermaritzburgse Vroue Nasionale Partytak 'n geselligheid vir adv. en mev. Jansen gereël.[321)] Die adres wat aan adv. Jansen gerig was, was 'n herbevestiging van die Natallers se waardering vir die openbare rol wat hy vervul het: "Ons, die Nasionale vroue van die Voortrekkerstad, bied u hierdie adres aan as 'n teken van die waardering waarmee ons u groot werk en u trou aan die Afrikaners van hierdie provinsie, bejeën. Dit is maar 'n geringe blykie, maar dit kom uit ons harte. Ons voel daar trots op dat ons u as 'n stadgenoot kan tel. Ons voel daar nog meer trots op dat u, die enigste Nasionale Volksraadsverteenwoordiger wat Natal het, geroep is om die verantwoordelikste betrekking in die vernaamste Raadshuis van ons land, in te neem. Die waardigheid waarmee u daardie pos beklee, versprei 'n glans oor die hele Unie en wys dat ook Natal, die Afrikanernasie seuns kan aanbied wat hom kan lei. Die opoffering waarmee u reeds soveel jare vir ons gewerk het, bind ons vaster aan u, die liefde waarmee u vir ons volk werk, inspireer ons; die resultate van u arbeid gee ons moed om verder te stry. Mag u nog lank gespaar word om die goeie werk wat u met soveel ywer sover gedoen het, voort te sit."[322)]

Adv. Jansen het gesê dat hy nie dié eerbetoon verdien nie. Sedert sy aankoms in Pietermaritzburg het hy altyd gepoog om sy volk na die beste van sy vermoë te dien, en hul belange op politieke en maatskaplike gebied te bevorder.[323)]

'n Week later is adv. Jansen ook uit 'n onverwagse oord gehuldig. Die **Rand Daily Mail** het adv. Jansen as een van die waarskynlike kandidate vir die Natalse administrateurskap genoem.[324)] **Die Afrikaner** het die gissing oor adv. Jansen as administrateur bevraagteken, omdat hy so 'n sukses van sy speakersamp gemaak het.[325)]

Gedurende Julie tot Desember 1928 het adv. Jansen ook die eer gehad om as leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging, na die Britse Parlementêre Vereniging se konferensie in Kanada, op te tree.[326)]

Ten spyte van 'n druk en lang parlementêre program wat adv. Jansen as speaker moes hanteer en die feit dat hy hom uit die partypolitiek moes hou, het hy nie sy kiesafdeling verwaarloos nie. Dit het egter veroorsaak dat hy by politieke twisvrae betrokke geraak het.

Gedurende 1924 het sy parlementêre verpligtinge hom tot einde Oktober besig gehou.[327)] Hy was slegs gedurende November in Natal en in die tyd het hy sy kiesafdeling vlugtig besoek.[328)] Hierna het hy vir sake rakende sy kiesafdeling na Pretoria gereis voordat hy op 28 November na Kaapstad vertrek het.[329)] Gedurende die parlementêre reses van 1925 het hy meer as elf vergaderings in sy kiesafdeling gehou om oor die parlementsitting verslag te doen.[330)] Ten tye van die elfde Nasionale Partyjaarkongres op 25 Oktober 1925 te Newcastle, het mnr. J. Wessels (L.V. vir Frankfort) die hoogste lof vir adv. Jansen se rol in die Volksraad gehad.[331)]

Adv. Jansen het vanaf 5-22 November 1926 veertien verslagvergaderings in sy kiesafdeling gehou.[332)] Hy het tydens die reis na sy eerste vergadering op Alpha sy been beseer en met groot moeite sy reisplan voortgesit.[333)]

Dit was nie net sy fisieke toestand wat tydens die reis vir adv. Jansen las gegee het nie. Suid-Afrikaanse Partyondersteuners in die kiesafdeling was waarskynlik vir hom 'n groter "las". Hulle optrede het veroorsaak dat adv. Jansen, as speaker, na November 1926 buite die Parlement aan politiek deelgeneem het.

Die Suid-Afrikaanse Party het na die 1924 parlementsitting vir genl. Smuts genooi om in die speaker se setel 'n toespraak in Vryheid te hou. Daarna het dié party 'n organiserende sekretaris vir die noordelike distrikte aangestel wat op Vryheid gesetel was. Teen dié agtergrond het adv. Jansen na die 1926 Parlementsitting die bogenoemde reeks vergaderings in sy kiesafdeling gehou, om sy kiesers oor 'n Naturelle-wetsontwerp in te lig. Tydens die vergaderings is hy verskeie kere deur Suid-Afrikaanse Partyondersteuners in die rede geval.[334)]

Op Alpha het adv. Jansen dit weer eens beklemtoon dat hoewel die speaker in ander lande nie in sy kiesafdeling verslag hoef te doen nie, dit in Suid-Afrika wel gedoen word.[235)] In Vryheid het hy twee vergaderings, een in Afrikaans en een in Engels, gehou. Die vergadering wat hy in Engels toegespreek het, is deur 'n groot getal lede van die Suid-Afrikaanse Party bygewoon. Die vergadering het 'n mosie van wantroue in adv. Jansen aangeneem, nadat hulle hom wou dwing om 'n verklaring oor die Vlagwetsontwerp te maak.[336)]

Adv. Jansen se standpunt oor dié politiekery was dat hy met sy verkiesing as speaker hom van die Nasionale Party losgemaak het, en gepoog het om alle politieke standpunte objektief te behandel. Ten spyte van sy onpartydige houding was die Suid-Afrikaanse Partylede van Vryheid, volgens adv. Jansen, daarop uit om sy posisie in die kiesafdeling te ondermyn.[337)]

Gedurende September 1927 het adv. Jansen voor 'n Afbakeningskommissie, wat die grense van setels vasgestel het, getuig. Volgens hom sou hy sy plig versuim het as hy nie die beskouings van sy kiesers, oor die afbakening van die Vryheidse kiesafdeling, aan die Kommissie oorgedra het nie.[338)] **Die Volkstem**, as 'n Suid-Afrikaanse Partylyfblad, het die optrede van die Speaker veroordeel.[339)] Adv. Jansen het die blad in

'n persverklaring geantwoord. Hy het verklaar dat hy as gevolg van die Suid-Afrikaanse Party se optrede homself vry beskou om buite die Parlement aan politiek deel te neem.[340)]

Hierdie voorneme het adv. Jansen na ongeveer 'n week uitgevoer en ook herbevestig. Na 'n paar jaar se afwesigheid van Natalse Nasionale Partykongresse het adv. Jansen die dertiende jaarkongres op 21 September te Greytown bygewoon. Hier het hy in 'n toespraak herbevestig dat hy in die Volksraad sy onpartydige houding sou handhaaf maar dat hy daarbuite ook sou bly streef om 'n gees van Suid-Afrikaanse Nasionalisme te help bewerkstellig.[341)]

Ten spyte van sy speakerskap was adv. Jansen ook by 'n ander aspek van die werksaamhede van die Natalse Nasionale Party betrokke, wat gedurende September 1927 gerealiseer het. Dit was die ideaal om 'n organiserende sekretaris vir die Natalse Nasionale Party aan te stel.

Dié ideaal het sedert 26 Mei 1920 bestaan toe die Sentrale Bestuur adv. Jansen £150 plus reiskoste aangebied het om vir 'n jaar die taak te verrig.[342)] Hoewel hy nie die aanbod aanvaar het nie, het hy sedert 1920 as provinsiale leier wel die taak uitgevoer.[343)] Gedurende Oktober 1921 het die Sentrale Bestuur 'n navraag oor die pos van organiserende sekretaris van 'n sekere mnr. Malan ontvang. In daardie stadium kon hulle nie so 'n pos skep nie, omdat hulle na die partyoorname van **Die Afrikaner** nog 'n finansiële verpligting teenoor Nasionale Pers moes nakom.[344)]

Gedurende die sewende jaarkongres op 18 Oktober 1921 te Vryheid het die aanstelling van 'n organiserende sekretaris weer ter sprake gekom. Daar is besluit om alle takke te nader en uit te vind watter bedrag hulle

bereid sou wees om vir so 'n pos by te dra.[345] Adv. Jansen het die versoek op 17 Augustus 1923 met 'n brief opgevolg. Hy het op aanbeveling van twee Kaapse Nasionaliste, mnre. Malan en Hofmeyr, elke tak versoek om £10 vir een jaar te waarborg. Met die steun kon die Sentrale Bestuur dadelik 'n organiserende sekretaris aangestel het.[346] Hierdie poging van adv. Jansen was ook nie suksesvol nie.[347]

Die Nasionale Party se ideaal om 'n organiserende sekretaris aan te stel is waarskynlik deur die optrede van die S.A.P. opnuut geaktiveer. Soos reeds aangetoon het die S.A.P. aan die einde van 1924 'n werwingsveldtog in die Noordelike distrikte geloods en later 'n organiserende sekretaris vir die gebied aangestel.[348] Adv. Jansen het ten spyte van die feit dat hy as speaker buite die politiek moes staan, gedurende 1925 'n teenoffensief teen dié S.A.P.-optrede begin

Gedurende Mei 1925 het hy £500 van 'n onbekende Kaapse weldoener ontvang, om die Natalse Nasionale Partyorganisasie te verbeter. 'n Voorwaarde van die skenking was dat die Natalse Nasionaliste ook £500 vir dié doel moes insamel. Teen die einde van 1925 het die Natallers hulle £500 ingesamel en daar is besluit om een of meer voltydse organiserende sekretarisse aan te stel.[349]

Op versoek van adv. Jansen het die Sentrale Bestuur dié aanstelling uitgestel, totdat hy eers die saak met hulle kon bespreek.[350] Vir die doel het adv. Jansen op 20 Julie 1927 die vergadering van die Sentrale Bestuur bygewoon. Daar is besluit dat hy mnr. Van As, die kandidaat vir die pos, en sy werkgewer **Die Afrikaner** sou nader om uit te vind op watter voorwaardes mnr. Van As die werk kon behartig. Adv. Jansen het dié knoop suksesvol deurgehaak. Op 2 September 1927 het hy en die Sentrale Bestuur besluit om mnr. Van As vir twaalf maande teen 'n salaris van £360 aan te stel. Hulle het ook besluit om mnre. Levisohn en Prozesky

as spesiale organiseerders teen £25 per maand plus £12/10/0 vir reis- en verblyfkoste aan te stel.[351)] Die ontwikkeling was 'n deurbraak want die Nasionale Partyorganisasie kon hierdeur drasties verbeter word.

Gedurende Julie 1928 het adv. Jansen, voor sy vertrek na Kanada, sy jaarlikse reeks verslagvergaderings in sy kiesafdeling gehou.[352)]

Die datum van die algemene verkiesing in 1929 is vir 12 Junie vasgestel en met die oog hierop is die parlementsitting verkort. Die Parlement het alreeds op 27 Maart 1929 verdaag.[353)]

Adv. Jansen se speakerskap het hom nie van 'n verkiesingstryd gevrywaar nie. Hoewel mnr. W.J. O'Brien (die S.A.P.-L.V. vir Pietermaritzburg-Suid) verklaar het dat adv. Jansen nie groot gevaar geloop het om die komende verkiesing sy setel te verloor nie, moes hy die Suid-Afrikaanse Party in Vryheid trotseer. Mnr. O'Brien se pluimpie - dat adv. Jansen in die Vryheidse kiesafdeling alom bemind is, en dat hy as L.V. baie vir sy kiesafdeling gedoen het terwyl ander net gepraat het - het moontlik die Vryheidse verkiesingstryd ontsteek.[354)]

By sy terugkeer van Kanada het adv. Jansen verklaar dat hy die Vryheidse setel gaan beveg.[355)] Adv. Jansen is 'n week later na Vryheid waar hy 'n groep van sy ondersteuners in die Empire Teekamer tydens 'n gesellige onthaal ontmoet het.[356)] Kort hierna is hy eenparig as die Nasionale Party se kandidaat vir Vryheid genomineer.[357)] Vir die redakteur van **Die Afrikaner** was die nominasie geen verrassing nie. Sy kommentaar het die beeld wat Natallers van adv. Jansen se openbare rol gehad het weerspieël.[358)] Hiervolgens het Natalse Afrikaners geweet wat Vryheid, maar ook Natal as geheel, aan adv. Jansen verskuldig is. As Afrikaanssprekende boorling van Natal het hy sedert die dae toe dit in

dié Britse vesting nog snaaks was om Afrikaans te hoor, met opregte volksliefde en sonder om materiële gewin of verlies in aanmerking te neem, in diens van sy volksgenote gestaan.[359)]

Adv. Jansen het skaars 'n week na sy aankoms uit Kaapstad, vir die verkiesingstryd na Vryheid vertrek.[360)] Hy het intussen 'n bedrag vir die verkiesingstryd byeengebring.[361)] Met die finansiële steun as aansporingsmiddel het hy sy ondersteuners aangemoedig om wakker te wees en te organiseer, as hulle die setel vir die Nasionale Party wil behou. Hoewel adv. Jansen nie oor die verkiesingsuitslag getwyfel het as die Nasionaliste hard sou werk nie, het die setel nie in sy skoot geval nie.[362)] Selfs die **Natal Witness** het vir net één Pakt-kandidaat in Natal sukses voorspel. Die blad was van mening dat adv. Jansen die pyp kon rook in die strawwe verkiesingstryd wat voorlê.[363)]

Vir die verkiesing van 12 Junie het hy vyftien vergaderings in sy kiesafdeling gehou, buiten die byeenkomste wat by die verskillende myne gereël is.[364)] Al dié vergaderings het ook nie sonder politieke strydvrae gepaard gegaan nie. Te Gluckstadt het hy byvoorbeeld, oor allerlei klagtes en probleme van die wyk, goed deurgeloop. Veral sekere spoorwegsake het sy kiesers gegrief. Dit was sake soos die roomkanne wat hot en haar deur spoorwegpersoneel rondgesmyt word en die velle, botter en hoenders wat deurmekaar vervoer word. Soos dit 'n politikus betaam het adv. Jansen beloof om die klagtes so goed as moontlik te ondersoek.[365)]

Die verkiesing het bewys dat adv. Jansen stewig in die saal was. Hy het sy meerderheid na 331 stemme verhoog. Na die bekendmaking van sy oorwinning oor die Suid-Afrikaanse Partykandidaat, senator P.J. Wessels, is adv. Jansen skouerhoog rondgedra.[366)] Die **Natal Witness** het die sukses toegeskryf aan sy "high character and the ability and impartiality shown by him as Speaker of the Assembly".[367)]

Genl. Hertzog se tweede kabinet is op 18 Junie aangekondig. Adv. Jansen het vanaf die datum tot op 30 Maart 1933 as minister van Naturellesake in dié kabinet gedien.[368] Natalse Nasionaliste was verheug. Die Natalse Engelssprekendes was minder gelukkig. Na die neerlaag van minister Tommy Boydell in die Durban-Greyville setel, is sy posisie as die enigste Natalse verteenwoordiger in die kabinet deur adv. Jansen oorgeneem.[369] Vir die redakteur van die **Natal Witness** was die opname van adv. Jansen in elk geval 'n verstewiging van die kabinet: "... the presence of Mr. Jansen, in whose goodwill and the high character of his political purpose we believe the whole country, irrespective of race or party will place the most implicit trust ... In Mr. Havenga and Mr. Jansen primarily we centre our hope that the next five years will know no revival of those embittered animosities which tend to make the future of this country so uncertain and insecure".[370]

Na vyf jaar se afwesigheid was adv. Jansen terug in die politieke arena. Sy terugkeer tot die aktiewe politiek is deur Afrikaanse sowel as Engelse koerante verwelkom. Sy kontensieuse kabinetsportefeulje is ook aan sy onpartydigheid en goeie openbare beeld gekoppel.[371]

Die Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party het met die oog op die verbetering van hul partyorganisasie gedurende Julie 1929 vir mnr. A.J. Potgieter as deeltydse Partyorganiseerder aangestel. Adv. Jansen moes hom help om sy werk in die Natalse kiesafdelings te organiseer.[372] Die Nasionale Partykongres het in Oktober 1929 die aanstelling bekragtig.[273]

Dié vyftiende jaarkongres te Dundee is deur adv. Jansen, as minister van Naturellesake, geopen. Hoewel hy die uitslag van die algemene verkiesing in Natal betreur het, het hy die ywer om die getalle van die Natalse Nasionaliste te vermeerder, geloof. Adv. Jansen is sonder

teenstem op die kongres as die nuwe leier van die Nasionale Party van Natal gekies. Mnr. J. Boshoff is as onderleier en mnr. H.J. Potgieter as kongresvoorsitter verkies.[374)]

Adv. Jansen se politieke loopbaan het na sy opname in die kabinet sy onverdeelde aandag vereis, omdat heel Suid-Afrika sy arbeidsveld geword het.

Sy ministeriële verpligtinge het sy openbare rol in Natal aan bande gelê. Dit het veroorsaak dat hy na 1929 slegs op 'n indirekte wyse by Natalse sake betrokke was. Dit het ook veroorsaak dat die Jansens na Pretoria verhuis het, waar hulle hulle mettertyd gevestig het.

Adv. Jansen en sy gesin het Pietermaritzburg in November 1929 verlaat. In die Voortrekkerstad is met deernis van die egpaar afskeid geneem. Mnr. G.S. Nienaber het na die diensrekord van die twee voorbeeldige jongmense, wat so vurig en energiek op die Natalse politieke en kulturele gebied gewerk het, verwys. Adresse en geskenke is aan minister en mev. Jansen oorhandig. Adv. Jansen se bedanking en afskeidsboodskap het die aanwesiges diep getref. As gebore Nataller wat deur die eiesoortige lewensomstandighede in Natal gelouter is, het hy beloof om sover moontlik altyd sy plig teenoor die provinsie na te kom. Hy het elke Afrikaner aangemoedig om 'n wapendraer en ambassadeur van sy volk te wees, en om die belange van die volk wat vir elkeen dierbaar is, met ywer te handhaaf.[375)]

Dié verhuising na Pretoria het vir adv. en mev. Jansen 'n nuwe horison geskep. Op politieke vlak het hulle verhuising 23 jaar se arbeid bekroon. Teen 1929 was adv. Jansen se rol in die politieke ontwaking van die Natalse Afrikaner ook reeds voltrek. Vanaf 1929 tot 1943 het die politieke

bewussyn van die Natalse Afrikaner die storm en drang van die Suid-Afrikaanse politiek weerspieël, en op sy beurt weer adv. Jansen se politieke loopbaan beïnvloed. Op kulturele vlak moes die egpaar hulle direkte kultuurbetrokkenheid in Natal neerlê. Die persone wat by hulle oorgeneem het, was egter goed geskool. Hulle is ook in die Natalse sonderlinge lewensomstandighede en kultuurproses waarvan adv. Jansen en 'n klein groepie die grondslag gelê het, geskool. Die Natalse Afrikaners het hul leiersegpaar met genoeë afgestaan[376)] om deel van die uniale leierskorps te word. Die Jansens was immers dié uitvoerprodukte van die vormkrag van die Natalse Afrikaner se ontwikkelende selfbewussyn.

## 2.5 Aspekte van adv. Jansen se politieke loopbaan, 1929–1950

Adv. Jansen het gedurende die tyd van sy ministerskap Natal gereeld vir amptelike ministeriële aangeleenthede, Partykongresse en vergaderings, geleentheidstoesprake, onthale en verslagvergaderings in sy droogtegeteisterde kiesafdeling, besoek.[377)]

Gedurende 1930 het die noodsaak vir 'n aparte Vroue Nasionale Partyorganisasie as gevolg van die toekenning van stemreg aan vroue, verdwyn. Adv. Jansen en die Natalse Sentrale Bestuur (hierna Hoofbestuur genoem)het gedurende Julie 1930 die inskakeling van die Vroue Nasionale Party in Natal by die Nasionale Partyorganisasie bespreek. 'n Nuwe konstitusie is vir die doel opgestel en die Hoofbestuur het op 14 Oktober 1930 dié inskakeling goedgekeur.

Die volgende dag het adv. Jansen die sestiende jaarkongres van die Nasionale Party in Vryheid geopen. Hy het aan die manne verduidelik waarom die inskakeling van die Natalse Vroue Nasionale Party by die "Manne" Party noodsaaklik geword het. Die kongres het die gewysigde konstitusie wat deur die Hoofbestuur voorgelê is, goedgekeur. Daar

is agt manspersone vir die "nuwe" Hoofbestuur genomineer, wat na die samevoeging van die"Manne"en"Vroue" Partye verkies sou word.

Hierna het die vrouekongreslede by die mannekongreslede aangesluit vir 'n plegtige eenwordingseremonie. Mev. M. Jansen, die leier van die Natalse Vroue Nasionale Party, het die kongres meegedeel dat die vroue kongreslede intussen besluit het om as basis van die voorgestelde konstitusie by die 'Manne" Nasionale Party in te skakel. Hierop het die leiers van die "Manne" en "Vroue" Party mekaar die hand gereik om die eenwording te bekragtig. Adv. Jansen het sy blydskap en trots oor die hartlike samewerking tussen die mans en dames uitgespreek en die verkiesing van ampsdraers vir die "nuwe" Hoofbestuur voor die kongresgangers gelê.

Adv. Jansen is as leier van die nuut gekonstitueerde Natalse Nasionale Party en mev. Jansen as onderleier, verkies. Mnr. H.J. Potgieter is as kongresvoorsitter en mnr. J. van Schalkwyk as sekretaris van die Party verkies. Senator A.T. Spies, mnre. G. Boonstra en G. Hohls is saam met sewe dames as die addisionele lede van die Hoofbestuur verkies.[379)] Hierdie samevoeging van kragte het die Nasionale Partyorganisasie in Natal verstewig.[380)]

Die Natalse Vereniging van Wetspraktisyns het adv. Jansen ook gedurende die tyd, sonder enige sukses, met die oog op die aanvaarding van 'n vakante regterskap in die Natalse hoërhof, genader.[381)]

'n Saak van veel groter betekenis vir adv. Jansen se rol in Natal, was die politieke atmosfeer in die land, wat sedert die einde van 1932 al hoe meer gespanne geraak het.[382)] Koalisiepraatjies het die politieke toneel oorheers en op die lang duur veroorsaak dat adv. Jansen se politieke rol in Natal weer eens op die ys geplaas is.

Hoewel adv. Jansen aanvanklik teen koalisie was, is hy deur genl. Hertzog oorreed om hom te ondersteun ten einde die Pakt se onafgehandelde Naturellewetgewing te help deurvoer.[383] Adv. Jansen moes derhalwe die Natalse Nasionaliste oorhaal om die koalisiegedagte te steun.

Die Natalse Hoofbestuur het op 11 Maart 1933 vergader sodat adv. Jansen die verwikkelinge rondom koalisie aan hulle kon verduidelik. Nadat hulle die saak bespreek het en in die algemeen die saak ondersteun het, was hulle van mening dat genl. Hertzog vir adv. Jansen in die koalisiekabinet moes opneem. Vir die doel is senator A.T. Spies en mnre. Boshoff en Hohls as afvaardiging benoem om genl. Hertzog ten tye van die spesiale Natalse kongressitting in Maart oor die saak te spreek. Adv. Jansen het die bestuurslede bedank vir die vertroue wat in hom gestel is, maar beklemtoon dat hy nie volkome met dié modus operandi saamstem nie.[384]

Die Natallers het egter vurig gehoop dat adv. Jansen as 'n Hertzogondersteuner in die koalisiekabinet opgeneem sou word. Die versugting is gebaseer op sy kennis van die Natalse naturellevraagstuk, die vertroue en hoogagting wat hy ongeag van politieke verskille van Suid-Afrikaanse Partylede geniet het, en die feit dat daar in die Vryheidse setel "honderde" kiesers was wat in wese Suid-Afrikaanse Partylede was, maar adv. Jansen ondersteun het.

Genl. Hertzog se koalisie met genl. Smuts is suksesvol, maar nie sonder protes nie, in Natal deurgevoer. 'n Spesiale kongres van die Natalse Nasionale Party is op 28 Maart 1933 in Dundee gehou. Adv. Jansen het die koalisiebeweging aan die nagenoeg 103 afgevaardigdes verduidelik en gesê dat hulle 'n besluit oor dié ooreenkoms tussen die twee generaals moes neem. Adv. Jansen het verklaar dat hy aanvanklik teen die koalisiegedagte was, maar uit vrees vir 'n skeuring in die Nasionale Partygeledere die stap gesteun het. Hy het by die kongres aanbeveel

om die ooreenkoms goed te keur en op dié wyse genl. Hertzog te ondersteun. Genl. Hertzog het hierna die kongres toegespreek. Mev. Jansen het in haar toespraak op die gevare van die politieke amalgamasie gewys en koalisie veroordeel.

Adv. Jansen het tydens die kongres 'n geskrewe mosie aan senator Spies gegee, wat die senator voor die kongres gelê het. Dié voorstel, wat die ooreenkoms tussen genls. Hertzog en Smuts goedgekeur het en die belange van die Nasionale Party en die land met vertroue in genl. Hertzog se hande gelaat het, is deur die kongres aanvaar.[385] Blykbaar was daar kongresgangers wat teen die koalisiegedagte gekant was, maar wat uit respek vir genl. Hertzog se teenwoordigheid dié voorstel van senator Spies gesteun het.[386]

Die dagblaaie het verwarrende beriggewing oor dié kontensieuse politieke gebeurtenis in Natal gepubliseer.[387] Beriggewing oor adv. Jansen se motivering van die saak tydens die kongres en die kongresbesluit wat geneem is, het hom ontstel. Dit het vir adv. Jansen voorgekom of hy vergeefs gesukkel het om die korrekte weergawe van die gebeure in Natal gepubliseer te kry.[385]

Intussen het genl. Hertzog in samewerking met genl. Smuts die kandidate en portefeuljes vir die koalisiekabinet saamgestel. Op 30 Maart 1933 het genl. Hertzog sy koalisiekabinet aangekondig. Adv. Jansen is nie weer as minister aangestel nie.[389] Genl. Hertzog het egter vir adv. Jansen te kenne gegee dat hy hom graag as speaker wil hê. Twee dae na die kabinetskommeling het adv. Jansen verklaar dat hy die speakerskap sou aanvaar as dit hom aangebied word.[390]

In die verkiesing van 17 Mei 1933 het adv. Jansen hom as Nasionale Party-koalisiekandidaat teen mnr. D

Hampton ('n onafhanklike kandidaat) verkiesbaar gestel. Hy het sy setel met 'n meerderheid van 1 877 stemme behou.[391)]

Die belangrikste onderwerp van bespreking, voor die aanvang van die eerste sitting van die Unie se sewende Parlement, was die vraag wie die speaker sou wees? Kaapse lede van die Volksraad het die herverkiesing van mnr. J.H.H. de Waal voorgestaan. Die grootste meerderheid lede het blykbaar adv. Jansen verkies, omdat hy tot 1929 hom onderskei het deur die uiters bekwame wyse waarop hy die amp beklee het.[392)]

Adv. Jansen is op Vrydag 26 Mei 1933 weer as speaker verkies nadat mnr. De Waal se nominasie teruggetrek is.[393)] Kol. W.R. Collins (L.V. vir Ermelo) se motivering vir sy voorstel om adv. Jansen as speaker te verkies het onder meer gelui: "Agb. lede wat onder mnr. Jansen as speaker gesit het, weet die menigvuldige uitstaande hoedanighede wat hy besit, en ek betwyfel nie dat nuwe lede ook weet watter sukses hy van sy posisie as Speaker gemaak het in die tyd waarin hy die verhewe posisie beklee het. Dit is sonder twyfel algemeen bekend. Mag ek net so vry wees om daaraan toe te voeg dat ek meen dat die land homself gelukkig kan ag, en dat ons in die parlement besonder gelukkig is, dat in hierdie uiters moeilike tyd, waarin ons besonder daarop uit is om te vermy dat foute gemaak word, ons baie gelukkig is dat ons in staat is om die dienste te verwerf van iemand wat so besonder goed toegerus is om die aangesiene en belangrike posisie van Speaker van die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika te beklee."[394)] Die sekondant, mnr. M.C. Malan (L.V. vir Heilbron) het ook die waardigheid, takt en onpartydigheid waardeur adv. Jansen se vorige speakerskap gekenmerk is, beklemtoon, omdat dit by elke lid in die Volksraad respek afgedwing het.[395)]

Gedurende sy speakerskap het adv. Jansen die Volksraad met groot wysheid en beslistheid gelei. Sy onpartydigheid as speaker het 'n Parlementêre

legende geword.[396] Sommige van sy beslissings is ook in die Britse parlementêre regspraak opgeneem[397] en deur sprekers in die Britse Laerhuis aangehaal.[398]

As speaker moes adv. Jansen noodgedwonge soos in 1924,[399] die Natalse Nasionaliste se leierskap wat sedert 1929 op hom gerus het,[400] neerlê. Op 1 Julie 1933 het hy die Natalse Hoofbestuur meegedeel dat hy as gevolg van sy speakerskap nie langer as provinsiale leier kon optree nie.[401]

Adv. Jansen se speakerskap het hom oënskynlik gevrywaar van die politieke polarisasie wat deur samesmelting van die Nasionale Party en die S.A.P. bewerkstellig is.[402] Die kontensieuse besprekings wat sedert Julie 1933 oor samesmelting gevoer is[403] het egter adv. Jansen se posisie in die binnekringe van die Natalse Nasionaliste in gedrang gebring.

Adv. Jansen was sedert die spesiale kongres oor koalisie in Maart 1933 bedag op enige verwikkeling wat die Natalse Nasionaliste se Partyeenheid kon versteur. 'n Standpunt wat die Natalse Nasionale Party Hoofbestuur ook tot met die kongres in Augustus gehandhaaf het. Op 1 Julie 1933 het dié Hoofbestuur, waarskynlik onder invloed van adv. Jansen, besluit dat daar na koalisie geen drang vir die amalgamasie van die koalisieparty bestaan het nie en dat die status quo gehandhaaf moes word.[404] Nadat slegs 'n maand verloop het moes adv. Jansen teenoor sy jarelange medestryder mnr. J.J. Boshoff erken dat hy die politieke polarisasie wat op koalisie gevolg het, nie voorsien het nie. Hy wou in die omstandighede niks gedoen het om mnr. Boshoff of enige Nasionalis, in een of ander rigting rakende samesmelting te beïnvloed nie. Adv. Jansen het hom gevolglik van die politieke woelinge in die Natalse binnekring onttrek. Die posisie van mev. M. Jansen, wat naas mnr. Boshoff 'n mede-onderleier van die Natalse Nasionale Party was, het waarskynlik ook die bogenoemde besluit van adv. Jansen beïnvloed. Mev. Jansen

was 'n uitgesproke anti-koalisionis en het net soveel seggenskap oor sake in die Natalse Nasionale Party as mnr. Boshoff gehad.[405)]

Hoewel die negentiende Nasionale Partykongres van 22 Augustus deur die uiteenlopende besprekings oor samesmelting van die koalisiepartye oorheers is, wil dit tog voorkom of die gematigde houding van adv. Jansen in die Hoofbestuur van krag gebly het. In die afwesigheid van adv. Jansen as uittredende leier, het mnr. Boshoff as onderleier die kongres op Pietermaritzburg geopen. Hy het melding gemaak van die feit dat adv. Jansen as gevolg van sy speakerskap, verkies het om nie die voorsitterstoel in te neem en as uittredende voorsitter die openingsrede te lewer nie. In 'n kort huldeblyk het mnr. Boshoff gesê dat die Natallers adv. Jansen se "onmisbare leiding" sal moet ontbeer, terwyl hy een van die hoogste posisies in die Volksraad beklee. Volgens mnr. Boshoff was Natallers dankbaar vir die onbaatsugtige werk wat adv. Jansen oor soveel jare in belang van die Natalse Afrikanerdom gedoen het.[406)]

In sy openingsrede het mnr. Boshoff verder op die belangrikheid van die kongres klem gelê. Sy raad en leiding van die kongresgangers wat oor die lewenslot van samesmelting moes besluit, was in 'n sekere sin eggo's van adv. Jansen se gematigde standpunt. Hy het die Natallers tot 'n kalme en rustige besinning oor samesmelting al dan nie, gemaan. Die Afrikaners kon, volgens hom, nie 'n breuk in hulle geledere bekostig nie - hulle moes Partyeenheid handhaaf. Hy het ook 'n voorstel ingedien wat dié doel nagestreef het. Die voorstel het behels dat die kongres hom nie vir of teen samesmelting met die S.A.P. moes uitspreek nie, maar dat die saak aan die Federale Raad van die Party opgedra moes word.[407)]

Aan weerskante van die middewegvoorstel het twee opponerende standpunte na vore getree. Aan die een kant was daar mev. Jansen en

'n minderheidsgroep wat samesmelting veroordeel het. Die groep is deur die **Natal Mercury** as die sogenaamde "dr. Malan-seksie" bestempel.[408] **Die Volksblad** het na die groep as die republikeine verwys.[409] Aan die ander kant was daar die groot groep Nasionaliste wat ten gunste van samesmelting was.[410] Laasgenoemde groep was ook daarvoor verantwoordelik dat 'n voorstel aanvaar is waarin die kongres die beginsel van samesmelting goedgekeur het en die saak aan die Federale Raad opgedra het. Dit het ook gevra dat alle pogings aangewend sou word om 'n Partyskeuring te voorkom en volle vertroue in genl. Hertzog uitgespreek.[411]

Genl. Hertzog het die kongresgangers gerusgestel dat samesmelting eers 'n jaar later deurgevoer kon word.[412] Die politieke polarisasie in Natalse Afrikanergeledere was egter reeds met die aanvaarding van die bogenoemde kongresbesluit voltrek. Die finale breuk wat 'n jaar later op 14 Augustus 1934 tydens die twintigste jaarkongres te Vryheid plaasgevind het, was net 'n formaliteit wat afgehandel moes word.[413]

Adv. Jansen se vrees vir 'n skeuring in die Nasionale Party is bewaarheid. Terwyl hy as speaker 'n Verenigde Partyondersteuner (V.P.) geword het en so die politiekery rondom die nuwe partypolitieke groeperinge vrygespring het, het sy vrou en 'n handjievol anti-smelters die Gehandhaafde/Gesuiwerde Nasionale Party in Natal weer opgebou.[414]

Adv. Jansen het die 1938-verkiesing as 'n V.P.-lid geveg. **Die Natalse Afrikaner** het gewag gemaak van die feit die die Natalse Afrikaner op politieke gebied gematig en besadig is. Die verkiesingstryd het vir die blad ook in dié gees verloop.[415] Adv. Jansen se verkiesingstryd het sonder probleme verloop. Op 11 Mei het genl. Smuts ongeveer 'n duisend kiesers op Vryheid toegespreek.[416] Op verkiesingsdag, 18 Mei, het adv.

Jansen sy twee teenstanders, mnre. D.P. du Toit die Nasionalis (1 324 stemme) en T. Stofberg die Gryshemp (418 stemme) met 'n groot meerderheid van 1 334 stemme die loef afgesteek.[417)]

Die Brits-Franse oorlogsverklaring teen Duitsland op 3 September 1939 het die Verenigde Party en Volksraad in opponerende standpunte verdeel.[418)] Die dramatiese debat oor die Unie-neutraliteit in die Europese oorlog,[419)] het genl. Smuts na 'n onderbreking van sestien jaar weer aan bewind geplaas. Adv. Jansen het ongeag die verandering en as Hertzogondersteuner, vanaf 19 Januarie 1940 tot 27 April 1943, as speaker van die agste Parlement aangebly.[420)] Die dramatiese gebeure sou sy politieke loopbaan eers in 1943 beïnvloed.

Die gebeure het 'n nuwe politieke polarisasie teweeggebring en die daaropvolgende woelinge van die oorlogsjare het 'n diepgaande invloed op die politieke toestand in Suid-Afrika gehad.[421)]

Vir adv. Jansen en die eertydse gekonsolideerde Natalse Nasionaliste het die politieke verwikkelinge 'n blye hereniging beteken. Na ses jaar se broedertwis het Malaniete en Hertzogiete mekaar in die Herenigde Nasionale Party of Volksparty weer gevind. Die herenigingsproses het alreeds in September 1939 begin toe die Natalse Verenigde Party met 96 teen 1 stem genl. Smuts se beleid gevolg het. Die teenstem was afkomstig van mnr. J.J. Boshoff van Mooirivier, wat genl. Hertzog se standpunt ondersteun het.[422)] Die daaropvolgende Natalse kongres van die Nasionaliste onder leiding van mnr. A.I.J. Nel is, uit 'n herenigingsoogpunt gesien, met groot belangstelling dopgehou.[423)] Die bewegings van die Natalse Hertzog-groep onder leiding van oud-senator A.T. Spies het eweneens belangstelling gewek. Tydens 'n kongres van die Hertzog-groep te Dundee in Maart 1940 is 'n ooreenkoms tussen die twee politieke faksies goedgekeur.[424)] Die Natalse Nasionaliste het

op 27 Maart te Utrecht 'n buitengewone kongres gehou, waar hulle eenparig besluit het op basis van die Kaapstadse Parlementêre-ooreenkoms met die Hertzog-groep te herenig.[425]

Op 6 November 1940 sou dié hereniging tydens die Vrystaatse kongres in Bloemfontein beklink word. Hereniging het wel plaasgevind, maar sonder genl. Hertzog. Hy het op dié Woensdag as leier van die Herenigde Nasionale Party bedank.[426] Die politieke harwar wat op die uittrede van genl. Hertzog gevolg het, het adv. Jansen genoop om 'n persverklaring uit te reik.

As Hertzogondersteuner het hy die gebeure op die Vrystaatse kongres betreur. In 'n kort huldeblyk het hy hulde betoon aan genl. Hertzog se jarelange stryd tot voordeel van die Afrikaners. Adv. Jansen het ook die verwarrende politieke strominge wat geheers het, geëvalueer.

Volgens adv. Jansen sou die republikeinse regeringsvorm die beste vir Suid-Afrika wees. Hy het egter twee radikale opvattings oor die toekomstige regeringsvorm in Suid-Afrika veroordeel. Aan die een kant sou die toekomstige republiek nie 'n eksklusiewe Afrikanerrepubliek wees nie. Die toekomstige republiek kon nie sonder die ondersteuning van die meeste Afrikaners en 'n groot deel van die Engelssprekendes verkry word nie. Aan die ander kant moes die weg van die demokrasie in die land seëvier. Volgens adv. Jansen sou 'n staatsgreep of enige nuwe orde in Suid-Afrika as gevolg van die volksvreemdheid daarvan, nie slaag nie.[427]

Intussen is die herenigingsproses in Natal voltrek. Op 8 Januarie 1941 het die herenigingskongres in Natal plaasgevind. Die Natalse Herenigde Nasionale Party (H.N.P.) sou vanaf dié datum onder leiding van mnr.

Adriaan Nel en A.T. Spies, gestadig groei.[428)] Vir adv. Jansen het die gebeure 'n krisistydperk in sy loopbaan ingelui. Die hereniging waarby hy ook later betrokke geraak het, het hom in 1943 sy setel gekos.

In 1942 was adv. Jansen alreeds 21 jaar die L.V. vir Vryheid. Die wyse waarop hy die Afbakeningskommissie vir die 1943 verkiesing oor die grense van die kiesafdeling ingelig het, het van rype ervaring en deeglike kennis oor die gebied getuig. Hoewel sy pleidooi op 'n stewige historiese grondslag berus het, tree sy deernis met die gebied en sy mense duidelik uit die stuk na vore.

Adv. Jansen het die regters van die Afbakeningskommissie daarop gewys dat Vryheid die setel van die eertydse Nuwe Republiek was. Hy was van mening dat dit uit 'n historiese oogpunt wenslik was dat die grense van die kiesafdeling gehandhaaf moes word, omdat dit die hele gebied van die Nuwe Republiek ingesluit het. Enige uitbreiding van die kiesafdeling moes volgens hom in die rigting van Utrecht geskied. Op die wyse kon 'n gebied wat ook voorheen aan die eertydse Suid-Afrikaanse Republiek behoort het, tot die kiesafdeling toegevoeg word. So 'n toevoeging sou nie net uit 'n historiese oogpunt wenslik wees nie, maar ook om praktiese redes. Volgens adv. Jansen het dieselfde tipe wette in Vryheid en die Utrecht-distrik gegeld wat 'n eenvormige wetstoepassingsisteem tot gevolg sou hê.

Die standpunt het hy gemotiveer uit die grondige kennis waaroor hy oor die gebied beskik het: "Die Wette in die Noordelike Distrikte van Natal wat vroeër aan die S.A. Republiek behoort het, verskil in sekere opsigte van die van ou Natal. 'n Voorbeeld van die verskil is die wet op Asiate. Dit is wenslik om in een kiesafdeling dieselfde wette geldig te hê, as dit moontlik is. Wat die kwessie van Asiate betref behoort 'n Volksraadslid

nie 'n kiesafdeling te verteenwoordig waar die belange van een deel verskil van die van 'n ander deel, tensy dit heeltemal onvermydelik is."[429)]

Genl. Smuts het tydens die afsluiting van die agtste Parlement op 27 April 1943 volgens Parlementêre gebruik, die speaker bedank, min wetende dat dit 'n gepaste Parlementêre huldeblyk vir adv. Jansen se tienjarige speakerskap sou word.

Genl. Smuts het voorgestel: "Dat die Raad sy dank aan dr. die Edelagbare Ernest George Jansen betuig vir die bekwame, waardige en onpartydige wyse waarop hy die hoë amp van Speaker van hierdie Raad gedurende die Agste Parlement van die Unie van Suid-Afrika gehandhaaf het, sowel as vir die hoflikheid wat hy, sonder uitsondering, teenoor almal betoon het gedurende die tydperk van altesame vyftien jaar wat hy die Stoel beklee het."[430]

Die Eerste Minister het die mosie só gemotiveer: "Ek maak hierdie voorstel nou, nie alleen om daardie rede nie, nie alleen omdat dit gewoonte is nie, maar omdat in hierdie geval daar baie besondere redes daarvoor is, redes wat uiteengesit is in die mosie deur my voorgestel. U, mnr. die Speaker, het nou vir 'n aantal van vyftien jaar gepresideer oor ons beraadslagings, en gedurende daardie lange tydperk, nie alleen gedurende die agste Parlement nie, maar gedurende die lang tyd van vyftien jaar, het u leiding gegee en het u raad gegee en gepresideer op 'n wyse wat die lof en dank van alle partye in alle dele van die Huise verdien, en nie alleen van hierdie kant van die Raad nie. Ons voel dat die wyse waarop u u pligte vervul het gedurende al hierdie jare, baie daartoe bygedra het dat die waardigheid van hierdie Raad gehandhaaf is en dat hierdie liggaam in staat was om op 'n waardige en behoorlike wyse sy werk te vervul. Ons spreek die gevoel uit van alle lede wanneer ons ons dankbaarheid uitspreek en ook ons erkentlikheid vir die dienste wat u

gelewer het in al die jare wat u Speaker was."[431)]

Dr. Malan het as opposisieleier dié huldeblyk voortgesit en veral die kulturologiese rol van adv. Jansen binne en buite die Volksraad beklemtoon: "Ek wil dit van harte beaam, en ek wil u die versekering gee, namens hierdie kant van die Huis, dat hierdie mosie seer seker nie net bloot 'n formele mosie is nie, maar dat dit uitdrukking gee aan die werklike gevoel, soos die Eerste Minister u die versekering gegee het, aan sy kant van die Huis, en soos ek u die versekering kan gee dat dit ook uitdrukking gee aan die gevoel van hierdie kant van die Huis. Daar is melding gemaak in die mosie van onpartydigheid. Daar is niks wat in die Parlement so hoog op prys gestel word as die onpartydigheid van die Speaker nie. Dit hang saam met sy waardigheid en met die waardigheid van die Huis. As daar een kant van die Huis is wat meer besonderlik onpartydigheid oplet, wanneer dit daar is en dit waardeer, dan is dit die Opposisie, en wel omrede dat die Opposisie se plig is om alles wat die Regering doen, onder die vergrootglas te sit en noukeurig te toets, en om kritiek uit te oefen soos hulle oordeel in belang van die land is. Om daardie rede omdat die kritiserende deel van die Huis die Opposisie is, daarom is dit miskien daardie deel van die Huis wat miskien geneig is soms om te ver te gaan en moontlik met sy kritiek die reëls van die Huis oortree, en as die Opposisie die onpartydigheid van die Speaker opmerk en waardeer, dan dink ek is dit nog meer werd as dit gesê word van hul kant as van enige kant van die Huis. Ek kan u die versekering gee, mnr. die Speaker dat aan hierdie kant is u onpartydigheid nooit in twyfel getrek nie. Verder sou ek graag daarop wil wys dat dit nie alleen u onpartydigheid wat opgemerk geword is en wat hoog aan hierdie kant gewaardeer is nie, maar daar is ook vertroue in u reëlings gewees in hierdie Huis, omrede u kennis en u bekwaamheid. Ek is 24 jaar lid van hierdie Huis en ek weet nie of daar enige tyd was wanneer lede van hierdie Huis so min hul laaie oopgemaak het en gegryp het na hierdie boekie wat die Reglement van Orde bevat nie, as in hierdie tyd waarin u Speaker was nie. Ek dink dat dit hierdie nadelige effek gehad het dat lede van die Huis in die laaste

tyd eintlik die Reglement van Orde minder ken as voorheen en ek sluit myself en die Eerste Minister nie uit nie. Die rede was dat ons het in die Stoel gehad 'n Speaker wie se kennis van die Reglement van Orde uniek was en wat die bekwaamheid gehad het om dit te interpreteer en toe te pas, en ons het van al die kante gevoel dat ons die reëling van die werksaamhede van die Huis met veiligheid en met vertroue in u hande kon laat. Daar is iets anders wat ek dink ek die aandag moet by bepaal, en dit is die werk wat u gedoen het nie net terwyl u in die Speakerstoel gesit het nie, maar wat u gedoen het buitekant hierdie Huis en juis ook omdat u in u kapasiteit as Speaker van die Volksraad 'n besondere posisie ingeneem het. Die Speaker is ingeroep geword om dikwels 'n aandeel te hê in allerlei volksbewegings, volksake wat bokant die partypolitiek staan, en waarvoor iemand nodig was wat leiding sou gee en dikwels presideer en wat daardie kleur en karakter aan daardie beweging sou gee en sou handhaaf. Daar is 'n wedywering gewees in u tyd om u met sulke volksake te verbind. Ek dink aan die Eeufeesjaar. Ek dink aan die oprigting van die Voortrekkermonument. Ek dink aan die beweging soos ons onlangs gehad het waar daar 'n konferensie gehou is om beter lewenstoestande vir die volk in die toekoms te verseker. Ek dink aan allerlei kulturele verenigings en werksaamhede. U is ingeroep om u krag en u bekwaamheid daaraan te wys. U het daardie werk gedoen met waardigheid en u het dit gehou bokant die arena van die party-politiek. U optrede daar was altyd onberispelik. Ek dink in daardie kapasiteit het u ook hierdie Huis eer aangedoen, nie alleen uself nie, maar ook hierdie Huis. Ek wil net hiermee sluit om te sê dat indien om enige rede u ooit in u leeftyd uit hierdie Stoel mag verdwyn, wie ook al u opvolger mag wees en hoe bekwaam hy ook al mag wees, u sal deur al die seksies van die Huis gemis word."[432)]

Kol. Stallard, die minister van Mynwese, het ook sy dank, waardering en bewondering vir adv. Jansen se speakerskap betuig. Hy het die wens uitgespreek dat adv. Jansen na die verkiesing na die Volksraad sou terugkeer om weer dié amp te beklee.[433)]

In sy bedanking het die beskeie adv. Jansen gesê dat hy nie die vleiende woorde verdien nie en vervolg: "... As ek enige mate van sukses behaal het in die uitvoering van my pligte as Speaker, dan skryf ek dit toe aan die vriendelike welwillendheid van agb. lede wat altyd daarvoor gesorg het dat die waardigheid en gesag van die Speakersamp gehandhaaf word. Die taak van Speaker kan partykeer baie moeilik wees. Daar kom tye wanneer, te midde van party-politieke botsings, wat soms baie skerp kan wees, hy een of ander kant in die ongelyk moet stel en dit is maar menselik dat daar 'n gevoel van ontevredenheid kan ontstaan. Lede sou dit baie moeilik en miskien onmoontlik vir die Speaker kan maak om die orde behoorlik te handhaaf. Dit is dus met die hoogste waardering en erkentlikheid dat ek kan sê dat ek nooit anders as met die grootste welwillendheid deur lede van alle partye bejeën is nie. Ons kan trots wees op die ordelikheid wat daar deurgaans deur agb. lede gehandhaaf word. Dit is baie selde dat dit ooit in hierdie Raad nodig gewees is om die uiterste mag van die Speaker in beoefening te bring en gedurende die 15 jaar wat ek die hoë amp beklee het, is dit nooit vir my nodig gewees om 'n lid te noem nie - 'n prosedure wat met skorsing gepaard gaan. Dit is 'n bewys van die gevoel wat daar by agb. lede bestaan dat die orde in die Raad gehandhaaf moet word. Wie ook al die hoë amp van Speaker van die Volksraad in die toekoms mag beklee, vertrou ek dat hy dieselfde welwillendheid van die kant van lede sal ondervind as wat ek in al die jare die eer gehad het om van hulle te geniet. En nou het ons blykbaar gekom tot die end van hierdie Volksraad en 'n algemene verkiesing is in vooruitsig. Daar is lede wat hulle nie herkiesbaar stel nie en ander wat miskien nie weer sal terugkom nie. Wat ook al hul verder loopbaan mag wees, wens ek hulle alle heil en seën toe vir die toekoms. Waar afskeid geneem word, is daar altyd 'n mate van treurigheid, maar ek vertrou dat elkeen sal voel dat hy of sy darem ook iets hier bygedra het tot die opbou van ons land en volk."[434)]

Adv. Jansen het seker na die verkiesing weer aan dié woorde teruggedink. Vir die verkiesing van 7 Julie 1943 het die Verenigde Party alles in werking gestel om adv. Jansen te ontsetel.[435)]

Die Natalse Verenigde Party het alreeds sedert 1941 'n doeltreffender partyorganisasie vir die Noordelike distrikte as 'n dringende noodsaaklikheid gesien.[436] Dit was moontlik 'n berekende teenoffensief omdat adv. Jansen se politieke simpatie sedert hereniging by die Herenigde Nasionale Party gelê het.

Adv. Jansen het, as speaker, sy partypolitieke keuse op 18 Junie 1943 op Utrecht bekend gemaak: "Nadat ek my 'n aantal jare lank buite die party-politiek gehou het, is ek verplig om kant te kies en ek het die kant gekies van die party wie se beginsels m.i. die naaste ooreenkom met die Nasionale beskouings en aspirasies van die grootste deel van my volk en wie se program van aksie op die duur in die beste belang van Suid-Afrika sal wees."[437] Vir die oorlogsverkiesing het adv. Jansen hom as Herenigde Nasionale Partykandidaat verkiesbaar gestel.[438] Dr. L.S. Steenkamp was die Verenigde Party se kandidaat vir die Vryheidse setel. Dié opponent van adv. Jansen was 'n uiters bekwame onderwyser van Ladysmith en een van die mees invloedrykste kultuurleiers van die noordelike distrikte.[439] Adv. Jansen het na 22 jaar die onderspit gedelf. Dr. Louis Steenkamp het met 2 797 stemme gewerf en met 'n meerder=heid van 150 geseëvier.[440]

Ofskoon Natal sy enigste Herenigde Nasionale Party-setel verloor het, was die leemte wat die afwesigheid van adv. Jansen as speaker in die Volksraad gelaat het, groter as sy politieke gemis in Natal waar sy party 'n sukkelbestaan gevoer het.[441] Adv. Jansen se neerlaag was vir Nasionaliste 'n skok.[442] Sy leë speakerstoel is betreur, omdat die hoop uitgespreek is dat hy na die Volksraad sou terugkeer om weer die amp te beklee.[443] **Die Burger** het adv. Jansen se neerlaag skerp veroordeel: "Die Speaker het die stryd as Nasionalis onder die Nasionale vaandel gevoer en hy het 'n slagoffer van 'n kakieverkiesing geword. Sy nederlaag is snede ondankbaarheid vir alles wat hy vir die Volksraad en ons openbare lewe beteken het. Dit is ook bedroewende kommentaar op die handelswyse

van die 2,797 kiesers in Vryheid wat die Volksraad van die dienste van so 'n man beroof het. Die Volksraad kan dit nie bekostig om manne soos E.G. Jansen te verloor nie."[444)]

Na dié neerlaag het die Jansens tot middel Januarie 1944 in die speakerswoonstel in Kaapstad gewoon,[445)] omdat sy funksies as speaker eers met die aanvang van die 1944 parlementsitting verval het.[446)] Mev. Jansen het boonop ernstige gesondheidsprobleme in daardie stadium ondervind.[447)] Hierna was adv. Jansen hoofsaaklik in Pretoria en Johannesburg werksaam. Vanaf 24 Januarie tot 31 Desember 1944 was hy 'n lid van die Sentrale Raad van die Land- en Landboubank.[448)] Op 21 Desember 1944 het hy 'n aanbod van adv. A.J. van Zyl, die hoofbestuurder van Voortrekkerpers en sekretaris van New Age Press, aanvaar om vanaf 1 Januarie 1945 die hoofredakteur van **New Era** te word. **New Era** was 'n polities georiënteerde Engelstalige weekblad wat deur die Nasionaliste uitgegee is.[449)] Hoewel adv. Jansen se pos as redakteur vir minstens twee jaar gewaarborg is, het die aanstelling hom nie verhinder om weer polities aktief te raak nie.[450)]

Adv. Jansen het met die vryheid wat aan hom verleen is, weer by die Herenigde Nasionale Party van Natal betrokke geraak. Die Nasionaliste wou byvoorbeeld met die oog op die 1948-verkiesing hul strydfonds met 'n bedrag van £100,000 deur 'n fondsinsamelingspoging versterk. Adv. Jansen het met die oog hierop 'n groot stryddagfunksie op 23 Junie 1945 op Dundee se tentoonstellingsterrein toegespreek.[451)]

Op 'n vergadering van die Hoofraad (dit is die Hoofbestuur) van die Natalse H.N.P. op 11 Maart 1946 het mnr. Adriaan Nel, wat alreeds ongeveer 32 jaar partydiens gelewer het, as gevolg van swak gesondheid as provinsiale leier bedank. Mnr. Ben van Rensburg (die onderleier) het as 'n onbestrede mosie voorgestel dat adv. Jansen as provinsiale leier

gekies moes word.[452] Die volgende oggend het adv. Jansen die vyfde kongres van die Natalse H.N.P. in Pietermaritzburg bygewoon. Nadat mnr. A. Nel sy bedanking as leier ingedien het, het mnr. Ben van Rensburg adv. Jansen voorgestel. Na 13 jaar het adv. Jansen weer die leierskap van die Natalse Nasionaliste op hom geneem.[453]

Dieselfde aand het adv. Jansen 'n Engelssprekende gehoor in die stad toegespreek. In sy tipiese gematigde styl het hy die doelstellings van die H.N.P. en die V.P. ontleed. Met sy jarelange politieke ervaring, sy ervaring as die redakteur van **New Era** en sy betrokkenheid by die V.P. en H.N.P. was hy by uitstek toegerus om so 'n evaluering vir Engelssprekendes te maak.

Vir adv. Jansen was die oorheersende politieke vraagstuk uit 'n H.N.P.-oogpunt gesien, die stryd van die Afrikaner om sy identiteit, taal en kultuur te handhaaf. Dié strewe kon volgens hom die beste in 'n onafhanklike republikeinse staatsvorm verwesenlik word. Die bereiking van die staatkundige ideaal het vir adv. Jansen in die wedersydse erkenning en konsiliasie van Afrikaners en Engelssprekendes gelê. Dit was vir adv. Jansen ook die enigste weg waardeur die ideaal van 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasieskap bereik kon word.

Die groot verskilpunt tussen die twee partye het vir adv. Jansen in die twee politieke strominge gelê wat deur die twee bevolkingsgroepe beliggaam is. Aan die een kant die Suid-Afrikanisering van die staats- en politieke stelsel wat deur die Afrikaner beliggaam is. Hierteenoor die handhawing van die verbondenheid met die Britse Gemenebes van Nasies, wat deur die Engelssprekendes voorgestaan word.[454]

Op 14 Junie 1946 het adv. Jansen sy eerste Hoofraadsvergadering as leier te Utrecht bygewoon. Hy het sy waardering teenoor mnr. Adriaan

Nel en die Nasionaliste van Natal uitgespreek. Hy het ook die versekering gegee dat hy alles in sy vermoë sal doen om die H.N.P. in Natal te bevorder.

Net soos in sy vele pleidooie in die twintigerjare het hy goeie Partyorganisasie benadruk. Die Nasionaliste van Natal moes volgens hom so goed organiseer dat hulle nie net die invloed van die Koningsgesin se besoek in 1947 kon neutraliseer nie, maar dat hulle die 1948-verkiesing kon wen. Vir Adv. Jansen was dit noodsaaklik dat die Nasionaliste die bewind moes oorneem om die land se rasseprobleem op te los. Hy het ook die voorneme uitgespreek om die Natalse kiesafdelings te besoek.[455)]

Adv. Jansen se hertoetrede tot die Volksraad het gedurende die tyd, uit 'n redelik gekompliseerde situasie gevolg.

Mnr. J.W.H. Morris, die L.V. vir Zoeloeland, is in April 1946 na 'n kort siekbed oorlede.[456)] Die setel was 'n sterk V.P.-vesting. Daar het 16 V.P.-takke in Zoeloeland bestaan. Mnr. Alfred Adams, die V.P.-organiseerder in Pietermaritzburg, het die versekering gegee dat die V.P.-organiseerders die setel in die komende tussenverkiesing aan genl. Smuts sou terugbesorg.[457)]

Intussen het die H.N.P.-ondersteuners in Zoeloeland nie stilgesit nie. Die Partyorganisasie in die een bestaande tak is met die oog op die tussenverkiesing geaktiveer. Daar het ook 'n kandidaat vir die tussenverkiesing na vore getree. Nasionaliste in die kiesafdeling het by die Hoofraad beswaar gemaak omdat die bestaande tak die persoon, 'n sekere maj. Pretorius, as kandidaat genomineer het. Die Hoofraadsvergadering van 14 Junie het adv. Jansen, mnre. B. van Rensburg

en A. Nel as kommissie benoem om met die Zoeloelandse Nasionaliste te onderhandel.[458)]

Hierteenoor het Engelssprekende kiesers in Zoeloeland ook die benoemingskwessie van die H.N.P.-kandidaat gekompliseer. Hulle was ontevrede met die V.P.-bewind en wou die H.N.P. ondersteun. Adv. Jansen en dr. T.E. Dönges is tydens 'n vergadering te Eshowe deur Engelssprekende kiesers genader. Hulle sou die H.N.P. ondersteun mits 'n kandidaat soos byvoorbeeld adv. Jansen hom in die setel verkiesbaar sou stel.[459)]

Die drieman-kommissie van die Hoofraad het 'n deputasie van H.N.P.-ondersteuners uit Zoeloeland ontmoet, om die benoemingskwessie te skik. Die deputasie was van mening dat maj. Pretorius nie genoegsaam in die politiek onderlê was nie. Hy was ook nie bekend genoeg om die vlottende steun te trek nie.

Die Hoofraad het na deeglike bespreking van die deputasie se standpunte vir adv. Jansen versoek om dit ernstig te oorweeg om hom in Zoeloeland verkiesbaar te stel. Die Hoofraad was van mening dat adv. Jansen die eerste keuse van 'n groot groep H.N.P.-ondersteuners was en al sou hy nie wen nie, sou die Party geweldig daarby baatgevind het.

Adv. Jansen het beloof dat hy die saak ernstig sou oorweeg. Hy het egter beklemtoon dat die saak eers op 'n mooi manier met maj. Pretorius uitgeklaar moes word, alvorens hy finaal sou besluit.[460)]

Adv. Jansen is op 17 Desember as die H.N.P. se kandidaat vir die tussenverkiesing op 15 Januarie 1947 in Zoeloeland genomineer.[461)] **Die Natalse Afrikaner** was op daardie stadium 'n V.P.-lyfblad en het

die skuif van die H.N.P. gelaak. Mnr. C.F.J. Meyer het in 'n hoofartikel Zoeloeland as 'n gevestigde V.P.-setel beskou, wat die prooi van die H.N.P. se politieke opportunisme geword het: "Dit is dan ook geen wonder nie dat daar onmiddellik besluit is om dr. Jansen wat dan so gewild onder die Engelssprekendes sou wees, as Opposisiekanon in die slagveld te stoot ... om indien hulle die oorwinning behaal 'n luidkeelse geskree oor die sogenaamde naoorlogse omwenteling aan te hef en dit dan as wegspringplek in die wedloop in toekomstige tussenverkiesings en die aanstaande algemene verkiesing te gebruik."[462)]

Die kandidaat van die V.P., mnr. A.W.S. Mortifee het die tussenverkiesing met 'n meerderheid van 1 684 stemme gewen.[463)] Hoewel die Nasionaliste seker teleurgesteld met die uitslag was, het dr. Malan 'n woord van bemoediging vir hulle gehad: "Julle het goed gedoen in Zoeloeland in aanmerking geneem die omstandighede en die tyd. Maar daar is fondamente gelê, waarop daar nou verder gebou kan word. In die algemeen begin die dinge nou voor die wind te gaan. Die politieke omswaai kom nou beslis al sterker, en die Regeringskant besef dit."[464]

Kort hierna het Transvaalse Nasionaliste tot adv. Jansen se politieke redding gekom. Genl. J.C.G. Kemp, die L.V. vir Wolmaranstad, is op 31 Desember 1946 op Piet Retief oorlede.[465)] Na adv. Jansen se onsuksesvolle poging in Zoeloeland het 'n paar belangstellende Herenigde Nasionale Partykandidate ten gunste van sy kandidatuur teruggestaan.[466)] Die H.N.P. het met 'n politieke kragtoer die tussenverkiesing op 26 Maart 1947 met 'n meerderheid van 1 881 stemme gewen.[467)]

Na 'n onderbreking van vier jaar was adv. Jansen terug in die Volksraad. Hierdeur is sy Transvaalse belange, waarby hy sedert 1943 noodgedwonge betrokke geraak het, bevestig. Die Jansens het in Pretoria bly woon. Adv. Jansen het vanuit Pretoria weswaarts na sy kiesafdeling omgesien,

jaarliks vir die parlementsitting suidwaarts uitgewyk en ooswaarts ook nog sy politieke leiersrol in belang van die Natalse Nasionaliste nagekom.

Die Hoofraad van die Natalse H.N.P. het op die vooraand van hul sesde jaarkongres by monde van hul voorsitter, mnr. Jan de Jager, adv. Jansen gelukgewens met sy skitterende oorwinning in Wolmaranstad. Mnr. Adriaan Nel, die ereleier, het sy dank uitgespreek dat adv. Jansen se stem weer in die Volksraad gehoor kon word. Adv. Jansen was vir hom 'n man wat besiel was met die ideaal van eenwording van sy volk. Adv. Jansen het in sy bedanking die sluier oor sy politieke modus operandi gedurende die vorige paar maande gelig. In Zoeloeland het hy hom die nominasie laat welgeval om die H.N.P. se beleid aan persone oor te dra, wat deur V.P.-lyfblaaie teen die H.N.P. opgesweep is. In Wolmaranstad het die H.N.P. 'n veilige setel aan hom gegee ten einde hom in staat te stel om sy aandag op Natal toe te spits.

Getrou aan dié missie het adv. Jansen die Natalse Nasionaliste vir die volgende algemene verkiesing begin voorberei.

Hy het die Hoofbestuur op die noodsaaklikheid van vroegtydige registrasie van kiesers gewys, omdat dit die afbakening van kiesafdelings beïnvloed.[468] Die volgende dag, op 1 April 1947, het hy 'n besielende groep Nasionaliste op die sesde jaarkongres van die H.N.P. te Dundee toegespreek. Hier het hy die verantwoordelikheid wat op elke Nasionalis se skouers gelê het, beklemtoon: "As elkeen van u u plig doen, dan sal u so besig wees dat u nie tyd sal hê om u mede-Nasionalis dop te hou nie."[469]

Intussen het die politieke partye mekaar lustig met politieke strydvrae vir die komende algemene verkiesing begin toetakel. Genl. Smuts het

op 'n Hoofbestuursvergadering van die Natalse V.P., adv. Jansen skerp gekritiseer oor 'n beskuldiging wat hy op Koster gemaak het. Adv. Jansen het in 'n stryddagtoespraak die V.P. beskuldig dat hulle nie in die voorafgaande agt bewindsjare die verhouding tussen Blankes en Swartmense kon oplos nie.[470)]

Teen die agtergrond van die verkiesingspsigose wat aan die ontwikkel was, het die Hoofraad van die Natalse H.N.P. onder leiding van adv Jansen hul strydmiddele vir die komende verkiesing gekonsolideer.

Hulle het op 28 Junie 1947 'n aanbod aan mnr. J.A. van Wyk gemaak om as organiseerder op te tree. Die Hoofraad het ook 'n opdrag van die vorige kongres uitgevoer. Die opdrag het versoek dat die organiseerders hoofsaaklik op die kiesafdelings van Vryheid, Newcastle en Kliprivier moes konsentreer. Na heelwat bespreking van die saak het adv. Jansen verduidelik dat daar eers na die afbakening van die kiesafdelings vasgestel kon word waar die H.N.P. 'n redelike kans op sukses gehad het. Dié moontlikheid het vir adv. Jansen oënskynlik in die Noordelike distrikte gelê. Die Hoofraad het sy aanbeveling aanvaar dat tot tyd en wyl die Afbakeningskommissie se verslag beskikbaar is, die organiseerders hoofsaaklik op die Noordelike distrikte moes konsentreer. Adv. Jansen en vyf ander lede van die Hoofraad was ook verantwoordelik om 'n afbakeningsplan aan die Afbakeningskommissie voor te lê.[471)]

Terwyl die Natalse Nasionaliste die voordeel van 'n mondstuk moes ontbeer het **Die Natalse Afrikaner** , as 'n V.P.-gesinde blad, dié verskerpte organisatoriese aktiwiteite van die H.N.P. as 'n strydlustige omgording van hul lam lendene afgemaak.[472)]

Adv. Jansen het die Natalse Nasionaliste aangeraai om volksbelang bo eie belang te stel. Die Nasionaliste in Natal moes eensgesind optree, omdat die lotgevalle van hul volk van die volgende verkiesing afgehang het: "Ons moet veg om te wen en nie veg asof ons al klaar gewen het nie."[473] Hy het ook die Afbakeningskommissie se verslag aan die hand van 'n kaart vir die Hoofraad verduidelik. Hy was optimisties oor die H.N.P. se kanse in Vryheid, Newcastle en Kliprivier. Adv. Jansen het ook die ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. N.C. Havenga vir die Hoofraad verduidelik. Dr. J.G. Richter van Pietermaritzburg het ook 'n pleidooi gelewer om 'n organiseerder vir Suidelike-Natal aan te stel. Adv. Jansen moes met die Trustees van die Republikeinse Strydfonds beraadslaag, om moontlik fondse vir dié doel te bekom.[474]

Op 'n Hoofraadsvergadering in Februarie 1948 het adv. Jansen die Nasionaliste daarop gewys dat die voortbestaan van die Blanke in Suid-Afrika in gevaar is. Indien die H.N.P. en Afrikaner Party nie die V.P. in die komende verkiesing uit die kussings kon lig nie, was die toekoms van Suid-Afrika vir hom donker. Vir hom was dit noodsaaklik om volkseenheid te verkry ten einde die ideaal te bereik. Die ooreenkoms tussen die H.N.P. en Afrikaner Party het vir adv. Jansen die lang gekoesterde ideaal van volkseenheid verwesenlik. Die verdeling van setels tussen die H.N.P. en Afrikaner Party het die eenwording en samewerking vir hom bevestig. Hy het die hoop uitgespreek dat Natal ook in die verband sy bydrae sou lewer. Adv. Jansen en drie Hoofraadslede het opdrag ontvang om mnr. Havenga te ontmoet om die verdeling van Natal se setels uit te pluis.

Adv. Jansen het Natalse Nasionaliste aangespoor om gewillig hul offers vir die verkiesing te bring, want hy was seker dat die beloning na die sukses groot sou wees.[475]

Die H.N.P. en Afrikaner Party het vier kandidate in Natal vir die verkiesing van 26 Mei 1948 verkiesbaar gestel: Dr. J.G.M. Richter in PietermaritzburgStad (H.N.P.); mnr. W.A. Maree in Newcastle (H.N.P.) en twee Afrikaner Partykandidate mnr. G.J. Fullard in Vryheid en mnr. J.S. Labuschagne in Kliprivier, moes die V.P. trotseer. Die H.N.P.-Afrikaner Party ooreenkoms het op 26 Mei 1948 vir die mees onverwagte verkiesingsuitslag in die Unie se geskiedenis gesorg toe die V.P. met 'n meerderheid van agt setels uit die kussings gelig is.[476)]

Met die algemene verkiesing het adv. Jansen sy meerderheid in Wolmaranstad na 2 289 stemme verhoog.[472)] In Natal het mnre. W.A. Maree, J.S. Labuschagne en G.J. Fullard die pyp gerook.[478)] Die Natalse sukses was vir adv. Jansen 'n bestiering. Hy het die kiesers van Newcastle gelukgewens met hulle prestasie en sy dank aan Natalse Nasionaliste betuig wat die Malan-Havengaooreenkoms so getrou nagekom het.[479)]

Die land was in rep en roer oor die Nasionaalgesindes se oorwinning. Vir **Die Natalse Afrikaner** sou Suid-Afrika voortaan 'n Kanaän vir Blankes wees.[480)] Genl. Smuts het op 28 Mei as eerste minister bedank en die Goewerneur-generaal het dr. Malan versoek om 'n regering saam te stel. Dr. Malan het sy kabinetslede in oorleg met mnr. Havenga en die provinsiale leiers van die H.N.P. (advv. Jansen, Strydom en Swart) gekies. Die nuwe regering is op 3 Junie aangekondig.[481)] Vanaf 4 Junie 1948 tot 1 Oktober 1950 het adv. Jansen weer as minister van Naturellesake gedien.[482)]

Benewens dr. Malan en mnr. Havenga was adv. Jansen die enigste ander lid van die kabinet wat oor vorige ministeriële ervaring beskik het. **Die Natalse Afrikaner** het die Nasionale kabinet as 'n bekwame span ministers bestempel. Die redakteur het sy kritiek vir 'n oomblik opsygeskuif om adv. Jansen en sy kontensieuse kabinetsportefeulje vir sy lesers aan die

man te bring: "Die uitvoer van die H.N.P. se apartheidsbeleid bly een van die nuwe Regering se moeilikste take. Ofskoon dr. E.G. Jansen voorheen Minister van Naturellesake was, was sy kennis en ervaring van die werksaamhede aan hierdie portefeulje verbonde moontlik nie die vernaamste beweegrede vir sy benoeming tot dieselfde amp nie. Dr. Jansen is 'n erkende gematigde en as sulks 'n politikus wat nog altyd die agting van alle elemente afgedwing het. Aan hierdie gematigde het dr. Malan een van die moeilikste portefeuljes toegeken. Op die keper beskou, is Natal wel in die Kabinet verteenwoordig. Alhoewel dr. Jansen 'n Transvaalse kiesafdeling verteenwoordig en in Pretoria woonagtig is, is hy eintlik Nataller en lank reeds leier van die Nasionale Party in Natal."[483)]

Die Hoofraad van die Natalse H.N.P. het op 16 Junie 1948 vir die eerste keer na die bewindsoorname vergader. Mnr. Ben van Rensburg, die voorsitter, het adv. Jansen gelukgewens met die dubbele eer wat hom te beurt geval het. Dit was sy groot oorwinning in Wolmaranstad en sy opname in die kabinet. Mnr. Van Rensburg het sy gelukwensing so afgesluit: "Baie dae was die toekoms donker, maar hy is dankbaar dat ten spyte van dit alles dié Afrikaner sy geloof behou het."[484)]

Adv. Jansen het die Natalse Nasionaliste se gevoel van eiewaarde versterk deur te verklaar, dat as dit nie vir hul bydrae in die afgelope verkiesing was nie - die Nasionaliste nie kon regeer het nie. Hy het hulle gemaan om nie na die oorwinning op hul louere te rus nie. Hulle moes aan die toekoms dink en die ewe-belangrike provinsiale verkiesings wat nog voorgelê het. Adv. Jansen en vier lede van die Hoofraad moes die verdeling van die provinsiale setels bespreek. Die Hoofraad het hul opdrag gegee om ook op die Noordelike distrikte te konsentreer.

As minister het hy die Nasionaliste verseker dat die regering sy beleid nie oorhaastig sou aankondig nie. Wanneer die regering sy beleidsverklaring

uitreik, moes dit op stewige fondamente staan. Hy het die versekering gegee dat die beleid Suid-Afrika sou verander.[485]

Terwyl adv. Jansen se ministeriële verpligtinge sy aandag opgeëis het, het hy ook nog die verantwoordelikhede van sy politieke leierskap in Natal nagekom. Hy het gereeld die vergaderings van die Hoofraad van die Natalse H.N.P. bygewoon en waar nodig rigtinggewende leiding gegee.[486] Bedankings vir dié rol het hy altyd met nederige erkentlikheid teenoor die spanwerk wat sake vergemaklik het, beantwoord en sy beste dienste aan die H.N.P. beloof.[487]

In dié opsig was die huldigingsfees wat op 7 Augustus 1950 ter ere van die rol wat hy in belang van Natalse Afrikaners gespeel het, geen uitsondering nie. Die Hoofraad het dié rol as die grondslag van Afrikaner-nasionalisme in Natal gesien, omdat die lewenstaak van adv. Jansen ten nouste aan die stryd in belang van die Afrikaners ook in Natal gekoppel is. Die huldigingsfees wat op Vryheid plaasgevind het en uit 'n straatoptog, huldigingstoesprake en verskeie ander items bestaan het, is deur adv. Jansen as 'n mylpaal in sy lewe beskou.[488]

Intussen het die portefeulje van Naturellesake na 1948 besondere hoë eise aan die bekleder van die pos gestel.[489] Dit blyk dat adv. Jansen nie vir dié pos uitgeknip was nie. Dr. Malan is selfs versoek om adv. Jansen te vervang.[490] Adv. Jansen was egter 'n man met besondere kwaliteite, 'n senior man in Partyverband en 'n persoon met baie lewenservaring. Dié situasie het dr. Malan in 'n moeilike posisie geplaas, maar die uittrede van maj. G. Brand van Zyl as Goewerneur-generaal het dr. Malan se probleem opgelos.[491]

Op 29 September 1950 het adv. Jansen as volksraadslid en minister bedank, omdat hy as staatshoof van die Unie benoem is.[492] Adv. Jansen moes drie maande buite die aktiewe politiek wees, voordat hy op 1 Januarie 1951 sy nuwe amp kon aanvaar.[493]

Vir adv. Jansen as gebore Nataller kon die amptelike aankondiging oor sy benoeming as staatshoof, nie op 'n meer geleë en betekenisvoller tyd uitgereik word nie.[494] Hy was in Natal, in Durban, waar hy as leier die Nasionale Party van Natal se jaarkongres bygewoon het. Dié bekroning van sy lewe in diens van sy volk, kon hy persoonlik op 21 September 1950 aan die kongresgangers meedeel. Hy was merkbaar bewoë toe hy dié aankondiging gedoen het: "Ek het besluit om die aanstelling wat my aangebied is te aanvaar. Dit is nie alleen 'n groot eer vir myself en mev. Jansen nie, maar ook vir die mense van Natal. Dit is nie vir my maklik om die party te verlaat nie, maar ek vertrou dat ek in my nuwe amp nog my mense sal kan dien. Aan almal wat my in die afgelope jare gesteun het, wil ek namens myself en mev. Jansen my hartlike dank en waardering getuig. Ek tree uit die aktiewe politiek op 'n tydstip wat ons party sy hoogste peil van welslae bereik het.[495] Afrikaners wat van ons weg was, is nou weer by ons en my bede is dat julle van krag tot krag sal gaan in goeie geloof in die toekoms van ons party en op die pad van God van ons vadere. Hiermee lê ek die leierskap van die party in Natal neer en wil almal wat so getrou by my gestaan het bedank. Ek weet dat die stryd sal voortgaan in die gees waarin dit altyd gestry is ..."[496]

Die kongres het hierna die volgende mosie aangeneem: "Hierdie kongres wens op hierdie groot oomblik vir dr. en mev. Jansen van harte geluk met hierdie groot onderskeiding wat hulle te beurt geval het en wat vir almal in Natal 'n groot eer is. Ons weet dat u en mev. Jansen die amp met eer en onderskeiding sal beklee. Die Nasionale Party van Natal verloor u nou na so baie jare as ons vertroude leier en raadgewer. U was 'n getroue dienaar van die volk."[497]

Gelukwensings vol blydskap en waardering vir die Jansens het van oral ingestroom: "Hoera vir die Jansens. Hoera vir Natal. Hoera vir die Unie dis 'n heuglike geval."[498)]

Dit was asof dié juigkreet adv. Jansen se rol in Natal en in die Unie aanmekaar verbind het. As gebore Nataller het adv. Jansen vir die provinsie roem geoes, maar dit was veral in dié hoë pos waar sy persoonlikheid, karaktereienskappe en bekwaamhede tot hul beste uiting in diens van sy land gekom het.[499)] As sagsinnige en fyn mens was adv. Jansen "'n heer by uitnemendheid, 'n ridder in denke en in omgang, 'n toonbeeld van gepoleerdheid sonder gekunsteldheid en met die waarmerk van beskawing en beskaafde gedrag tot in sy geringste handeling of die eenvoudigste woord uit sy mond."[500)] Dít en die skoling deur 'n lang rekord van volksdiens[510)] het adv. Jansen as staatshoof, "'n figuur gemaak wat geëerd en bemin was deur alle groepe van die bevolking in sy eie land en wat in sy omgang met verteenwoordigers en hoofde van ander state die eer van Suid-Afrika hoog gehou het."[502)]

Introspektief gesproke het adv. Jansen deur sy politieke betrokkenheid sy selfkennis verbreed en sy bekwaamhede verbeter en eerstehandse kennis oor die gemeenskapslewe van die Natalse Afrikaner bekom. Sy politieke betrokkenheid was vir hom ook die leerskool waardeur hy met die ontwikkelende krag van die Natalse Afrikaner se selfbewussyn kon kennis maak. Die feit dat hy self in 'n groter mate deur die politieke leerskool as sy ander gemeenskapsaktiwiteite gelei en gevorm is, het 'n verbeterde kwaliteit aan al sy ander gemeenskapsaktiwiteite gegee.

Hiernaas het adv. Jansen, in 'n ekstroverte sin, die politiek as medium gesien waardeur hy sy volksgenote se saak in 'n hoër orde kon stel en dien.[503)] Die politieke basis van adv. Jansen se doen en late het ook

sy kulturele rol in Natal van 'n "ideologiese raamwerk" (die politiek van nasionalisme) voorsien. Dit het veroorsaak dat sy ander gemeenskapsaktiwiteite wat hierna volg, nie as 'n doel op sigself uitgevoer is nie, maar dat dit intuïtief in diens van 'n groter geïntegreerde ideaal gestaan het: sy volk se geestelike volwassenheid en staatkundige eindbestemming.

Aangesien adv. Jansen se politieke loopbaan in 'n groot mate sy kulturele rol wat hierna ter sprake is, bepaal het, vorm dit derhalwe die milieu waarteen sy ander gelyklopende gemeenskapsaktiwiteite gesien moet word.

## VOETNOTE: HOOFSTUK 2

1) G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, pp.63, 66, 81 e.v.; A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p. 38 e.v.

2) J. Clark, The First Sixty Years, The Growth towards Afrikaans as seen in the early records of Natal Education, in NEON 18, August 1975, p.10; E.G. Jansen, die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.1; De Afrikaner, 3.9.1908 : Berig; De Afrikaner, 21.5.1918: Hoofartikel; Die Afrikaner, 17.7.1923 : Berig; De Afrikaner, 5.7.1909 : Brief B.G. Brecher.

3) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.2; De Afrikaner, 21.5.1918 : Hoofartikel; The Vryheid Herald, 21.1.1910 : Berig.

4) In 1910 het daar sewe Boereverenigings in die Vryheidse distrik bestaan. The Vryheid Herald, 21.1.1910 : Berig.

5) Die Afrikaner, 29.6.1923 : Berig; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.1, 3 e.v.

6) De Afrikaner, 31.5.1906 : Berig.

7) Die Afrikaner, 17.7.1923 : Berig.

8) De Afrikaner, 3.9.1908 : Berig.

9) De Afrikaner, 21.5.1918 : Hoofartikel; Die Afrikaner, 29.6.1923 : Berig.

10) De Afrikaner, 2.5.1907 : Brief J.C. Adendorff (Newcastle).

11) De Afrikaner, 2.5.1907 : Brief J.C. Adendorff (Newcastle).

12) De Afrikaner, 3.9.1908 : Berig; vergelyk G.S. Nienaber, Honderd Jaar Hollands in Natal, p.91.

13) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.5; E.G. Jansen, Aanhouer Wen, in Die Huisgenoot, 22 Januarie 1943, p.15.

14) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.5.

15) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.5; De Afrikaner, 29.6.1923 : Berig; De Afrikaner, 31.5.1906 : Berig.

16) De Afrikaner, 2.7.1906 : Hoofartikel, berig.

17) De Afrikaner, 2.7.1906 : Hoofartikel.

18) De Afrikaner, 8.10.1906 : Brief E.G. Jansen.

19) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.6.

20) De Afrikaner, 7.2.1907 : Berig.

21) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.8, 9; De Afrikaner, 28.5.1908 : Berig; De Afrikaner, 4.6.1908 : Berig.

22) De Afrikaner, 2.7.1906 : Hoofartikel; De Afrikaner, 13.2.1908 : Notule van Pietermaritzburgse Boerevereniging van 8.2.1908; De Afrikaner, 7.7.1919 : Berig; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.9.

23) De Afrikaner, 13.2.1908 : Notule van Pietermaritzburgse Boerevereniging van 8.2.1908.

24) De Afrikaner, 27.4.1908 : Berig; De Afrikaner, 28.5.1908 : Notule van kongressitting.

25) De Afrikaner, 27.4.1908 : Berig; The Dundee and District Courier, 30.4.1908 : Berig; The Klip Rivier News, 6.5.1908 : Berig; De Afrikaner, 28.5.1908 : Notule van kongressitting.

26) De Afrikaner, 27.4.1908 : Berig.

27) Die Kongresbestuur het uit die volgende lede bestaan: J.H. Klopper, voorsitter; J.C. Adendorff, ondervoorsitter; E.G. Jansen, sekretaris; A.T. Spies, F. Muller, K.P. Spies, A. Potgieter, as bestuurslede. Vgl. E.G. Jansen, die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.13; De Afrikaner, 27.4.1908 : Berig.

28) De Afrikaner, 20.5.1909 : Hoofartikel.

29) De Afrikaner, 27.8.1908 : Verslag van die gekose komitee; vergelyk ook De Afrikaner, 4.6.1908 : Berig, kyk vorige pagina.

30) De Afrikaner, 4.3.1909; 8.4.1909; 26.4.1909 : Berigte.

31) De Afrikaner, 29.4.1909 : Berig; De Afrikaner, 3.5.1909 : Hoofartikel.

32) The Klip Rivier News, 12.5.1909 : Hoofartikel; E.G. Jansen : Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.16; De Afrikaner, 3.6.1909 : Hoofartikel.

33) De Afrikaner, 22.7.1909 : Hoofartikel.

34) De Afrikaner, 20.5.1909 : Kennisgewing. Bedoelende die mislukte kongressitting van April en die besluit om weer 'n sitting in 1909 te hou.

35) De Afrikaner, 22.6.1909, 26.6.1909 : Notule van kongressitting; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.14, 15.

36) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.15; De Afrikaner, 22.6.1909 : Hoofartikel.

37) De Afrikaner, 22.6.1909 : Hoofartikel.

38) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres,1906-1911, p.15.

39) De Afrikaner, 24.6.1909, 5.7.1909 : Berigte.

40) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.16.

41) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.15.

42) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.16.

43) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.17.

44) De Afrikaner, 4.10.1909 : Hoofartikel.

45) De Afrikaner, 7.10.1909 : Brief E.G. Jansen.

46) De Afrikaner, 1.11.1909 : Hoofartikel; De Afrikaner 30.12.1909 : Hoofartikel.

47) De Afrikaner, 13.12.1909 : Hoofartikel, kennisgewing.

48) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.17, 18; De Afrikaner, 27.1.1910 : Hoofartikel; The Vryheid Herald, 20.5.1910 : Berig.

49) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.17; De Afrikaner, 27.1.1910 : Berig.

50) De Afrikaner, 27.1.1910 : Berig.

51) De Afrikaner, 27.1.1910 : Berig; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.17.

52) De Afrikaner, 27.1.1910 : Berig; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.17, 18.

53) De Afrikaner, 27.1.1910 : Hoofartikel.

54) De Afrikaner, 3.2.1910 : Hoofartikel; De Afrikaner, 10.2.1910 : Brief E.G. Jansen; De Afrikaner, 14.2.1910 : Statute; De Afrikaner, 11.4.1910 : Berig; De Afrikaner, 3.2.1910 : Hoofartikel; A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p.40 e.v.; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.19 e.v.

55) The Vryheid Herald, 21.1.1910 : Berig.

56) De Afrikaner, 23.5.1910 : Berig; De Afrikaner, 6.6.1910 : Notule van kongressitting; A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p.42; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.18.

57) The Vryheid Herald, 20.5.1910 : Berig.

58) The Vryheid Herald, 20.5.1910 : Hoofartikel; De Afrikaner, 6.6.1910 : Notule van kongressitting; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.18, 19; De Afrikaner, 9.6.1910 : Statute van De Natal Volksvereniging.

59) De Afrikaner, 23.5.1910 : Berig.

60) The Vryheid Herald, 20.5.1910 : Berig; De Afrikaner, 6.6.1910 : Notule van kongressitting.

61) The Vryheid Herald, 3.6.1910 : Berig.

62) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.27.

63) The Vryheid Herald, 14.6.1910 : Hoofartikel, Brief E.G. Jansen.

64) A.J. van Wyk, E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, p.75.

65) De Afrikaner, 8.5.1911 : Hoofartikel.

66) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.27; De Afrikaner, 11.5.1911 : Manifes van genoemde party; The Vryheid Herald, 16.6.1911 : Konstitusie van genoemde party.

67) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.27; De Afrikaner, 8.6.1911 : Oproep van E.G. Jansen.

68) The Vryheid Herald, 30.6.1911 : Hoofartikel; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.27 e.v.; De Afrikaner, 26.6.1911 : Berig.

69) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, p.30; The Vryheid Herald, 30.6.1911 : Berig; De Afrikaner, 26.6.1911 : Hoofartikel; De Afrikaner, 3.7.1911 : Berig.

70) De Afrikaner, 23.11.1911 : Berig; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911, pp.35, 36.

71) Vergelyk A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p. 14 e.v.

72) The Greytown Gazette, 27.8.1915 : Hoofartikel.

73) The Greytown Gazette, 22.10.1915 : Berig.

74) F.J. van Heerden, Die Geboorte van die Nasionale Party 1913-1915, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party 1, p.178; kyk pp. 152, 158, 192, 212, 242, 326, 355.

75) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp.55, 56.

76) Die derde jaarkongres van die SAP van 20-24 November 1913 te Kaapstad is die Roomkongres gedoop, omdat genl. Botha verklaar het dat dit die room van die volk was wat saamgetrek het. Vgl. A.J. van Wyk, Politieke woelinge in Natal 1910-1915, p.228 e.v.; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp. 30, 32, 33, 55, 56; De Afrikaner, 24.2.1913 : Berig.

77) The Greytown Gazette, 20.8.1915 : E.G. Jansen se politieke manifes; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.56.

78) Kyk pp. 186, 192, 242.

79) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.56. Vergelyk ook A.J. van Wyk, E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, p.76 e.v.

80) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp. 62, 63, 107; vergelyk J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, p.101.

81) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/1 : Brief Jansen - F.W. van Reenen, 27.5.1915.

82) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 66 : Brief Jansen - G.T. van Rooyen, 29.5.1915; F.J. van Heerden, Die Geboorte van die Nasionale Party 1913-1915, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party 1, p.178.

83) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 1 : Brief Jansen - F. Krause, 3.6.1915; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.63.

84) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule, 17.6.1915.

85) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 11/2/2/1/1 : Naamlys van die Sentrale Bestuur, s.d. - Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 19.8.1915.

86) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.107; De Afrikaner, 30.7.1915 : Berig.

87) De Afrikaner, 10.8.1915 : Ope brief aan lede van die Nasionale en Suid-Afrikaanse Party - E.G. Jansen.

88) The Greytown Gazette, 20.8.1915 : Political manifest.

89) A.J. van Wyk, E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, pp.80, 81.

90) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 17.6.1915; De Afrikaner, 4.6.1915, 18.6.1915, 22.6.1915 : Berigte.

91) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 19.8.1915; De Afrikaner, 24.8.1915 : Berig.

92) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 11/2/2/1/1 : Naamlys van die Sentrale Bestuur, s.d.

93) The Greytown Gazette, 30.7.1915 : Berig.

94) The Greytown Gazette, 13.8.1915 : Berigte; The Natal Witness, 17.8.1915 : Berig.

95) F.J. van Heerden, Die Geboorte van die Nasionale Party 1913-1915, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party 1, pp.178, 180; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.62.

96) The Greytown Gazette, 20.8.1915 : Political manifest.

97) A.J. van Wyk, E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, p.79 e.v.; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp.85, 86.

98) Vergelyk The Greytown Gazette, 19.9.1913 : Hoofartikel.

99) The Greytown Gazette, 10.7.1914 : Hoofartikel.

100) The Natal Witness, 14.8.1915 : Hoofartikel; The Natal Witness, 16.10.1915 : Berig.

101) Kyk p. 192.

102) De Afrikaner, 8.10.1915 : Hoofartikel; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.88.

103) The Greytown Gazette, 24.9.1915 : Berig; The Greytown Gazette, 1.10.1915 : Hoofartikel en berig; The Natal Witness, 16.10.1915 : Berigte; vergelyk A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.90 e.v.

104) The Natal Witness, 16.10.1915 : Berigte; The Natal Witness, 20.10.1915 : Hoofartikel; The Greytown Gazette, 27.8.1915 : Hoofartikel; The Greytown Gazette, 3.9.1915 : Berig; A.J. van Wyk, E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, p.83.

105) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp.84, 85.

106) Vergelyk A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp.90, 91; kyk ook The Greytown Gazette 27.8.1915 : Hoofartikel en berig, 3.9.1915 : Hoofartikel, 24.9.1915 : Berig, 22.10.1915 : Berig.

107) The Greytown Gazette, 22.10.1915 : Berig.

108) The Greytown Gazette, 27.8.1915 : Hoofartikel en berig en 22.10.1915 : Berig; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, pp.87, 88, 90, 101.

109) Vergelyk The Greytown Gazette, 27.8.1915 : Berig.

110) Kyk p.192.

111) Vergelyk The Greytown Gazette, 3.9.1915 : Berig; The Natal Witness, 16.10.1915 : Berig.

112) The Greytown Gazette, 22.10.1915 : Berig.

113) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 66 : Brief A.L. Jansen - Jansen, 1.11.1915; A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.104.

114) A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.104.

115) Vergelyk The Greytown Gazette, 22.10.1915 : Berig.

116) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van Sentrale Bestuur, 18.1.1916.

117) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Verslag van die Sentrale Bestuur, 25.4.1916.

118) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1 : Notule van kongressitting, 25.4.1916; en Lêer 11/2/2/1/1/ : Naamlys van die Sentrale Bestuur, 25.4.1916; De Afrikaner, 28.4.1916 : Berig.

119) De Afrikaner, 8.12.1916 : Berig.

120) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 3.10.1917; en Lêer 11/2/2/1/1 : Naamlys van die Sentrale Bestuur, Oktober 1917; De Afrikaner, 5.10.1917 : Berig.

121) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 1.10.1918, 1.10.1918; De Afrikaner, 4.10.1918 : Notule van kongressitting.

122) De Afrikaner, 8.10.1918 : Hoofartikel en berig.

123) De Afrikaner, 8.10.1918 : Hoofartikel.

124) Vergelyk J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.85; De Afrikaner, 19.11.1918 : Hoofartikel; vergelyk ook E.M. Meyntjes, Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, p.1 e.v.

125) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.80.

126) De Afrikaner, 8.10.1918 : Berig.

127) De Afrikaner, 11.10.1918 : Berig; De Afrikaner, 15.11.1918 : Oproep van Tielman Roos.

128) De Afrikaner, 22.11.1918 en 3.12.1918 : Berigte; vergelyk ook E.M. Meyntjes, Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, p.89 e.v.; C.M. van den Heever : Generaal J.B.M. Hertzog, p.412 e.v.

129) De Afrikaner, 6.12.1918 : Berig.

130) De Afrikaner, 10.12.1918 : Kennisgewing.

131) De Afrikaner, 10.12.1918 : Kennisgewing; vergelyk De Afrikaner, 27.12.1918 : Notules van Nasionale Party takvergaderings.

132) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 4.12.1918.

133) The Natal Witness, 4.1.1919 : Berig.

134) Vergelyk De Afrikaner, 3.1.1919 : Hoofartikel en Brokkies deur Takhaar; De Afrikaner, 7.1.1919 : Berig.

135) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Spesiale Kongres, 17.1.1919; De Afrikaner, 17.1.1919 : Berig; Die Afrikaner, 21.1.1919 en 24.1.1919; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp.86, 87; Die Volksblad, 20.1.1919 : Berig.

136) Vergelyk E.M. Meyntjes, Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, p.89 e.v.

137) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.85.

138) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.86.

139) Die lidwoord De is op 17 Januarie 1919 deur Die vervang.

140) Die Afrikaner, 11.2.1919 : Hoofartikel.

141) The Natal Witness, 10.2.1919 : Berig; Die Afrikaner, 11.2.1919 : Hoofartikel.

142) Die Afrikaner, 11.2.1919 : Hoofartikel.

143) Die Afrikaner, 14.2.1919 : Plaaslike Varia.

144) Die Afrikaner, 18.2.1919, 21.2.1919, 28.2.1919 : Berigte; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.87.

145) Die Afrikaner, 7.3.1919 : Hoofartikel. Vir 'n indruk oor die reiservaringe van die Deputasie, kyk, Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), N.C. Havengaversameling A28, band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie.

146) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 4 Maart.

147) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 13 Maart.

148) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 24 Maart.

149) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 8 April.

150) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 82 : Poskaart J.B.M. Hertzog - Jansen (Rotterdam), 18.5.1919; Die Afrikaner, 10.6.1919 : Berig.

151) Te wete die twee uit Suid-Afrika (dit is die vryheidsdeputasie van die Nasionale Party en die sending van die "South African Native National Congress"), Ierland en Egipte. Vergelyk E.M. Meyntjes : Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, pp.106, 132, 133, 142.

152) C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p. 417 e.v.

153) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.89 e.v.

154) Vergelyk E.M. Meyntjes, Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, p.129.

155) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 37 : Answer by the Independence Deputation of the National Party of South Africa ... en Rejoinder of the Independence Deputation ... (geskrewe stuk), 4.7.1919; SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 4.7.1919 en 31.7.1919-4.8.1919; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp.90 91.

156) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 39 : Dagboek oor die Vryheidsdeputasie, 16.8.1919; Die Afrikaner, 22.8.1919 : Berig.

157) Die Afrikaner, 25.7.1919, 12.8.1919, 15.8.1919, 5.9.1919 : Berigte.

158) Die Afrikaner, 29.8.1919 : Hoofartikel.

159) Vergelyk Die Afrikaner, 29.8.1919 : Berig; Die Afrikaner, 5.8.1919 : Hoofartikel; vergelyk The Natal Witness, 28.8.1919-4.9.1919 : Berigte.

160) SAB, N.C. Havengaversameling A38, Band 37 : Program van Eetmaal en Verwelkoming ter ere van die Nasionale Onafhanklikheids deputasie op aankomst in die Vaderland, 3.9.1919; Die Afrikaner, 5.9.1929 : Berig; vergelyk The Friend, 4.9.1919, 6.9.1919 : Berig en Hoofartikel.

161) Dit is ook die inleidende paragraaf van die adres wat die Nasionale Party van Natal aan die Deputasielede opgedra het. Vir 'n afdruk van die adres, kyk J.J. van Rooyen : Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.93.

162) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.92.

163) Die Afrikaner, 5.9.1919 : Berig.

164) Die Afrikaner, 10.10.1919, 17.10.1919, 21.10.1919, 28.10.1919, 31.10.1919, 4.11.1919, 14.11.1919 : Berigte; The Greytown Gazette, 7.11.1919 : Berig; The Ladysmith Gazette, 15.11.1919 : Berig.

165) Die Afrikaner, 16.9.1919 : Hoofartikel; The Natal Witness, 15.9.1919 : Berig; vergelyk The Friend, 9.9.1919 : Hoofartikel.

166) Die Afrikaner, 21.10.1919 : Berig.

167) Die Afrikaner, 4.11.1919 en 14.11.1919 : Berigte; The Greytown Gazette, 7.11.1919 : Berig; The Ladysmith Gazette, 15.11.1919 : Berig.

168) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notules van Sentrale Bestuur, 6.11.1919 en 16.1.1920; en Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 26.11.1919.

169) Die Afrikaner, 20.2.1920 : Berig.

170) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/2/3/2/2/1 : Onbestrede mosie vir 1919 kongres.

171) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 26.11.1919; Die Afrikaner, 28.11.1919, 2.12.1919 : Berigte.

172) Kyk p.162.

173) INEG, UOVS; E.G. Jansenversameling, Lêer 273.21 : Geskrewe stuk deur adv. Jansen, 20.10.1919; kyk ook A.J. van Wyk; E.G. Jansen en die verkiesing van 1915, in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 6, November 1974, pp.86, 87.

174) Die Afrikaner, 28.11.1919 : Hoofartikel; Die Afrikaner, 5.12.1919 : Berig.

175) Die Afrikaner, 6.1.1920 : Hoofartikel.

176) Die Afrikaner, 13.1.1920, 20.1.1920, 30.1.1920, 3.2.1920, 6.2.1920, 13.2.1920, 17.2.1920, 20.2.1920, 24.2.1920 : Berigte.

177) Die Afrikaner, 6.1.1920 en 16.1.1920 : Hoofartikels.

178) Die Afrikaner, 16.1.1920 : Hoofartikel.

179) Die Afrikaner, 16.1.1920 : Berig.

180) Vergelyk Die Afrikaner, 16.3.1920 : Hoofartikel; Die Afrikaner, 23.4.1929 : Berig.

181) Vergelyk C.H. Brookes en C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, 1979, p.266.

182) Die Afrikaner, 2.3.1920 : Hoofartikel.

183) Die Afrikaner, 17.2.1920 : Berig.

184) Die Afrikaner, 24.2.1920 : Berig.

185) Die Afrikaner, 16.3.1920 : Brief E.G. Jansen.

186) Die Afrikaner, 16.3.1920 : Brief E.G. Jansen.

187) Die Afrikaner, 20.2.1920, 5.3.1920, 12.3.1920 : Berigte; The Natal Witness, 12.3.1920 : Berig.

188) Die Afrikaner, 12.3.1920 en 16.3.1920 : Hoofartikel.

189) Die Afrikaner, 16.3.1920 : Hoofartikel.

190) Die Afrikaner, 16.3.1920 : Hoofartikel.

191) Die Afrikaner, 16.3.1920 : Brief E.G. Jansen.

192) Die Afrikaner, 16.4.1920 : Berig.

193) Die Afrikaner, 18.5.1920 en 28.5.1920 : Berigte.

194) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 26.5.1920.

195) Die Afrikaner, 1.6.1920 : Berig.

196) Die Afrikaner, 13.8.1920 : Berig.

197) Vergelyk C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.437 e.v.

198) D.J.J. Coetzee, Mislukte Herenigingspogings tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.383 e.v.

199) Die Afrikaner, 24.8.1920 : Hoofartikel.

200) Die Afrikaner, 27.8.1920 en 3.9.1920 : Berigte; Die Afrikaner, 17.9.1920 : Hoofartikel.

201) Die Afrikaner, 7.9.1920 : Hoofartikel.

202) Die Afrikaner, 27.8.1920, 10.9.1920, 17.9.1920 : Hoofartikels.

203) Die Afrikaner, 24.9.1920 : Berig, vergelyk J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp.70, 71; D.J.J. Coetzee, Mislukte Herenigingspogings tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.373 e.v.

204) Die Afrikaner, 28.9.1920 : Hoofartikel; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.71.

205) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 20.10.1920; en Lêer 11/2/2/1/1 : Naamlys van die Sentrale Bestuur, Oktober 1920; Die Afrikaner, 26.10.1920 : Berig.

206) Die Afrikaner, 26.10.1920 : Berig.

207) C. Marais, Die verkiesingstryd van 1921, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.406; vergelyk Die Afrikaner, 26.11.1920 : Hoofartikel.

208) Die Afrikaner, 30.11.1920 : Hoofartikel.

209) Die Afrikaner, 3.12.1920 : Hoofartikel.

210) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van die Sentrale Bestuur, 3.12.1920; Die Afrikaner, 7.12.1920 : Berig.

211) Die Afrikaner, 4.1.1921 : Berig.

212) The Natal Witness, 4.1.1921 : Berig; Die Afrikaner, 7.1.1921 : Berig.

213) Die Afrikaner, 7.1.1921 : Hoofartikel.

214) Vergelyk The Natal Witness, 29.1.1921 : Berig.

215) Vergelyk E.H. Brookes en C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, 1979, p.270.

216) Die Afrikaner, 18.2.1921 : Berig.

217) The Zululand Times, 10.2.1921 : Berig; The Natal Witness, 10.2.1921 : Berig; Die Afrikaner, 11.2.1921 : Berig.

218) Die Afrikaner, 8.2.1921, 22.3.1921, 29.4.1921 : Berigte; The Dundee and District Courier, 18.3.1921 : Berig.

219) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/2/3/3/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 28.7.1921.

220) Die Afrikaner, 18.2.1921 : Berig.

221) Die Afrikaner, 1.3.1921 : Stadsnuus.

222) Die Afrikaner, 15.2.1921 : Brief E.G. Jansen.

223) Kyk pp. 205, 267.

224) Die Afrikaner, 4.3.1921 : Stadsnuus.

225) Die Afrikaner, 28.6.1921 : Berig.

226) Die Afrikaner, 22.7.1921 en 26.7.1921 : Stadsnuus.

227) Die Afrikaner, 26.7.1921 : Stadsnuus.

228) Die Afrikaner, 23.8.1921 : Stadsnuus.

229) Die Afrikaner, 26.8.1921 : Stadsnuus; Die Afrikaner, 6.9.1921 : Plaaslike Varia.

230) Die Afrikaner, 27.8.1926 : Nuus uit Vryheid.

231) Die Afrikaner, 21.10.1921 : Berig.

232) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 18.10.1921.

233) Kyk pp. 254, 264, 265.

234) Die Afrikaner, 5.9.1922 : Hoofartikel.

235) Die Afrikaner, 3.10.1922, 6.10.1922, 10.10.1922, 17.10.1922, 20.10.1922 : Berigte.

236) Die Afrikaner, 6.10.1922 : Hoofartikel en berig.

237) Die Afrikaner, 17.10.1922 en 20.10.1922 : Berigte.

238) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 18.10.1922; Die Afrikaner, 20.10.1922 en 24.10.1922 : Berigte.

239) Die Afrikaner, 5.1.1923 en 9.1.1923 : Berigte.

240) Die Afrikaner, 1912.1922 : Hoofartikel.

241) Die Afrikaner, 27.3.1923 : Hoofartikel.

242) Die Afrikaner, 24.4.1923 : Hoofartikel en berig; Die Afrikaner, 27.4.1923 : Berig.

243) Die Afrikaner, 12.6.1923 : Hoofartikel.

244) Vergelyk Die Afrikaner, 8.6.1923, 15.6.1923, 22.6.1923, 26.6.1923, 6.7.1923, 13.7.1923, 17.7.1923, 20.7.1923, 24.7.1923 : Berigte; C. Marais, 'n Politieke Magsverskuiwing 1921-1924, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.528.

245) Die Afrikaner, 3.7.1923, 10.7.1923, 4.9.1923 : Hoofartikel.

246) Die Afrikaner, 29.6.1923 : Berig.

247) Die Afrikaner, 17.7.1923 : Berig.

248) Die Afrikaner, 4.9.1923 : Oproep van adv. Jansen.

249) Die Afrikaner, 17.7.1923 : Berig.

250) Die Afrikaner, 17.7.1923 : Berig.

251) Die Afrikaner, 21.9.1923 : Berig.

252) Die Afrikaner, 9.10.1923 : berig.

253) Die Afrikaner, 23.10.1923 : Berig.

254) Kyk p.60.

255) Die Afrikaner, 26.10.1923 : Berig.

256) Die Afrikaner, 26.10.1923 : Hoofartikel.

257) Die Afrikaner, 26.10.1923 : Berig.

258) Die Afrikaner, 26.10.1923 : Hoofartikel.

259) Die Afrikaner, 19.11.1923 : Berig.

260) Die Afrikaner, 4.12.1923 : berig.

261) Die Afrikaner, 18.1.1924 en 22.1.1924 : Berigte.

262) Die Afrikaner, 19.2.1924 : Berig.

263) C. Marais, Die Nasionale Party en die 1924-Verkiesing, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.535 e.v.; Die Afrikaner, 12.2.1924 en 19.2.1924 : Hoofartikel.

264) Die Afrikaner, 22.2.1924 : Hoofartikel; Die Burger, 25.3.1924 : Berig.

265) Die Afrikaner, 29.2.1924 : Hoofartikel; Die Afrikaner, 4.3.1924 : Brief E.G. Jansen.

266) Die Afrikaner, 18.3.1924 en 21.3.1924 en 21.3.1924 : Plaaslik en algemene nuus.

267) Die Afrikaner, 28.3.1924 : Hoofartikel.

268 Die Burger, 29.3.1924 : Hoofartikel; C. Marais, 'n Politieke Magsverskuiwing 1921-1924, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.541.

269) Die Afrikaner, 1.4.1924 : Hoofartikel.

270) Die Afrikaner, 8.4.1924 : Hoofartikel.

271) Die Afrikaner, 8.4.1924 : Hoofartikel; C. Marais, 'n Politieke Magsverskuiwing 1921-1924, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.545 e.v.

272) Die Afrikaner, 11.4.1924 : Hoofartikel en berigte; Die Afrikaner, 15.4.1924 : Hoofartikel en personderhoud met adv. Jansen.

273) Die Afrikaner, 11.3.1924, 14.3.1924, 18.3.1924, 4.4.1924 : Berigte.

274) Die Afrikaner, 4.3.1924 : Oproep van adv. Jansen; vergelyk Die Afrikaner, 8.4.1924 en 11.4. 1924 : Berigte.

275) Die Afrikaner, 18.4.1924 : Berig.

276) Die Afrikaner, 25.4.1924 en 2.5.1924 : Berigte.

277) Die Afrikaner, 25.4.1924 : Berig.

278) Die Afrikaner, 29.4.1924 : Berig; Vergelyk INEG, UOVS, M.M. Jansenversameling, Lêer 79 : Notule van eerste kongres van die Nasionale Vroue Party van Natal, 23.4.1924.

279) Die Afrikaner, 1.4.1924 : Hoofartikel en Brief E.G. Jansen; Die Afrikaner, 8.4.1924 : Berig.

280) Die Afrikaner, 15.4.1924 : Hoofartikel en personderhoud met adv. Jansen.

281) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Sentrale Bestuur, 24.4.1924; Die Afrikaner, 23.5.1924 : Berig.

282) The Natal Witness, 19.6.1924 : Berig.

283) C. Marais, Die Nasionale Party en die 1924-Verkiesing, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, p.547 e.v.; Die Afrikaner, 17.6.1924 : Hoofartikel.

284) Die Afrikaner, 17.6.1924 : Hoofartikel; vergelyk Die Burger, 28.3.1924 : Hoofartikel.

285) Die Afrikaner, 24.6.1924 : Hoofartikel.

286) The Dundee and District Courier, 20.6.1924 : Berig; The Natal Witness, 20.6.1924 : Berig; Die Afrikaner, 24.6.1924 : Berig.

287) The Natal Witness, 20.6.1924 : Berig.

288) The Natal Mercury, 19.6.1924 en 30.6.1924 : Hoofartikel.

289) Kyk p.60.

290) The Natal Witness, 20.6.1924 : Berig; vergelyk ook The Natal Witness, 19.6.1924 : Hoofartikel.

291) C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, pp.456, 516.

292) Die Afrikaner, 24.6.1924 : Berig.

293) Die Afrikaner, 27.6.1924 : Hoofartikel.

294) C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.459; S.E.S.A. 2, p.644.

295) Die Afrikaner, 1.7.1924 : Hoofartikel; C. Marais, Die Nasionale Party en die 1924-Verkiesing, in O. Geyser en A.H. Marais (red.), Die Nasionale Party I, pp.581, 582; The Natal Mercury, 30.6.1924 : Hoofartikel.

296) INEG. UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Sentrale Bestuur, 10.7.1924.

297) Die Afrikaner, 1.7.1924 : Hoofartikel.

298) Die Afrikaner, 18.7.1924 : Berig.

299) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig.

300) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Hertzog - Jansen, 13.8.1925.

301) Die Afrikaner, 28.7.1925 : Hoofartikel; vergelyk Die Afrikaner, 27.11.1925 : Berig.

302) Kyk p. 92.

303) The Natal Mercury, 1.7.1924 : Hoofartikel; vergelyk ook Die Afrikaner, 1.7.1924 : Hoofartikel.

304) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig.

305) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig.

306) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig en huldeblyke.

307) Vergelyk A.J. van Wyk, Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing, p.11.

308) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig en huldeblyke.

309) Die Afrikaner, 8.7.1924 : Berig.

310) Die Afrikaner, 15.7.1924 : Algemene nuus.

311) Die Afrikaner, 22.7.1924 : Algemene nuus.

312) Die Afrikaner, 6.7.1928 : Berig.

313) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 2, 25 Julie - 6 September 1924, pp.3-6; The Natal Witness, 26.7.1924 : Berig.

314) Die Afrikaner, 29.7.1924 : Hoofartikel en berig.

315) Die Afrikaner, 18.7.1924 : Berig.

316) Die Afrikaner, 6.7.1928 : Berig; vergelyk Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 3, 13 Februarie - 17 April, p.1335; vergelyk J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, p.3.

317) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 53 : Verkiesingstoespraak van adv. Jansen, 1943; vergelyk M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.89; Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 2, 25 Julie - 6 September 1924, p.3.

318) Die Afrikaner, 28.11.1924 : Plaaslik en algemene nuus.

319) Die Afrikaner, 2.9.1924 en 23.9.1924 : Plaaslik en algemene nuus.

320) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 22.10.1924; Die Afrikaner, 24.10.1924 : Hoofartikel en berigte.

321) Die Afrikaner, 8.7.1927 : Berig.

322) Die Afrikaner, 9.8.1927 : Berig.

323) Die Afrikaner, 9.8.1927 : Berig.

324) The Rand Daily Mail, 15.8.1927 : Berig; vergelyk Die Afrikaner, 19.8.1927 : Algemene nuus.

325) Die Afrikaner, 19.8.1927 : Berig.

326) Die Afrikaner, 20.7.1928, 31.8.1928, 16.11.1928, 7.12.1928, 14.12.1928 : Berigte.

327) Die Afrikaner, 31.10.1924 : Plaaslik en algemene nuus.

328) Die Afrikaner, 14.11.1924 : Distriksnuus.

329) Die Afrikaner, 18.11.1924 en 28.11.1924 : Plaaslik en algemene nuus.

330) Die Afrikaner, 4.9.1925 en 11.9.1925 : Berigte.

331) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 25.10.1925.

332) Die Afrikaner, 12.10.1926, 15.10.1926, 22.10.1926, 29.10.1926, 5.11.1926, 9.11.1926, 12.11.1926 : Berigte en reisplanne.

333) Die Afrikaner, 9.11.1926 : Berig; vergelyk Die Afrikaner, 30.11.1926 : Berig.

334) Die Afrikaner, 16.9.1926 : Berig.

335) Die Afrikaner, 12.11.1926 : Berig.

336) Die Afrikaner, 23.11.1926 : Berig; vergelyk Die Afrikaner, 16.9.1927 : Berig; vergelyk J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 2, p.160.

337) Die Afrikaner, 23.11.1926 : Berig.

338) Die Afrikaner, 16.9.1927 : Berigte.

339) Die Volkstem, 16.9.19.27 : Hoofartikel.

340) Die Afrikaner, 16.9.1927 en Die Volkstem, 20.9.1927 : Persverklaring van adv. Jansen.

341) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 21.9.1927; Die Afrikaner, 23.9.1927 en 27.9.1927 : Berigte.

342) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 26.5.1920; vergelyk Lêer 4/1/1/1 : Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal, s.d.

343) Kyk p.68.

344) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 17.10.1921; kyk pp.161, 164.

345) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 18.10.1921.

346) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/2 : Brief Jansen - N.P.-takke van Natal, 17.8.1923.

347) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 4/1/1/1 : Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal, s.d.

348) Die Afrikaner, 16.9.1926 : Berig.

349) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notules van Sentrale Bestuur, 27.8.1925, 4.12.1925, 26.11.1926 en Notule van kongressitting, 20.10.1926.

350) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Sentrale Bestuur, 30.3.1927.

351) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Sentrale Bestuur, 2.9.1927.

352) Die Afrikaner, 13.7.1928 en 20.7.1928 : Berigte.

353) M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.112.

354) Die Afrikaner, 9.11.1928 : Berig.

355) Die Afrikaner, 18.1.1929 : Brief E.G. Jansen.

356) Die Afrikaner, 22.1.1929 : Nuus uit Vryheid.

357) Die Afrikaner, 1.2.1929 en 5.2.1929 : Berigte

358) Vergelyk pp.51, 67, 77, 81.

359) Die Afrikaner, 5.2.1929 : Hoofartikel.

360) Die Afrikaner, 5.4.1929 : Algemene nuus; Die Afrikaner, 16.4.1929 : Berig.

361) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Sentrale Bestuur, 16.4.1929.

362) Die Afrikaner, 18.1.1929 : Brief E.G. Jansen.

363) The Natal Witness, 11.6.1929 : Berig.

364) Die Afrikaner, 23.4.1929, 3.5.1929, 21.5.1929, 31.5.1929 : Berigte.

365) Die Afrikaner, 21.5.1929 : Berig.

366) Die Afrikaner, 14.6.1929 : Berig; B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.171.

367) The Natal Witness, 14.6.1929 : Berig.

368) Die Volksraad : Parlementêre Register 1910-1961, p.8; J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 2, p.510; Die Afrikaner, 21.6.1929 : Berig; S.E.S.A. 2, p.645.

369) E.H. Brookes and C. de B. Webb (ed.), A History of Natal, 1979, pl272; vergelyk B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.160.

370) The Natal Witness, 21.6.1929 : Hoofartikel.

371) The Natal Witness, 18.6.1929, 19.6.1929, 20.6.1929, 21.6.1929 : Berigte; vergelyk J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, pp.78-80.

372) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notules van Sentrale Bestuur, 31.7.1929, 15.11.1929.

373) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 10.10.1929.

374) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 10.10.1929.

375) Die Afrikaner, 5.11.1929 : Berig; Die Afrikaner, 29.10.1929 : Berig.

376) Vergelyk Die Afrikaner, 5.11.1929 : Berig.

377) Vergelyk Die Afrikaner, 8.8.1930, 3.10.1930, 9.10.1931 : Berigte; Die Brandwag, 11.10.1932 : Berig; vergelyk ook Die Afrikaner, 12.8.1930, 19.8.1930, 5.9.1930, 3.10.1930, 10.10.1930. 25.11.1930, 12.5.1931, 14.7.1931, 11.8.1931, 14.8.1931, 1.9.1931, 25.9.1931, 6.10.1931, 9.10.1931, 29.4.1932 : Berigte; Die Brandwag, 4.10.1932, 11.10.1932 : Berigte; INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 6/2/1/1/1 : Jaarverslag van Hoofbestuur, 1931.

378) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notules van Hoofbestuur, 4.7.1930, 14.10.1930.

379) INEG, UOVS. Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 15.10.1930.

380) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 6.10.1931.

381) Die Afrikaner, 19.5.1931 : Berig.

382) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van kongressitting, 4.101932; A. van Wyk, Die Keeromstraatkliek, p.47 e.v.; M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.131 e.v.

383) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, pp.287, 310; A. van Wyk, Die Keeromstraat-kliek, pp.48, 77; J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake, 1948-1950; M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp.138, 140; Die Brandwag, 28.2.1933 : Hoofartikel; INEG, UOVS, C.R. Swartversameling, Lêer 5 : Herinneringe, p.31.

384) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van Hoofbestuur, 11.3.1933.

385) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van spesiale kongressitting, 28.3.1933 en Lêer 2/1/1/2 : Brief Jansen - J.J. van Schalkwyk, 30.3.1933.

386) Vergelyk Die Volksblad, 5.9.1933 : Berig.

387) Vergelyk Die Volksblad en Die Vaderland, 29.3-1.4.1933 : Berigte.

388) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/2 : Briewe Jansen - J.J. van Schalkwyk, 30.3.1933 en 1.4.1933.

389) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, pp.321-324; S.E.S.A. 2, p.645.

390) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/2 : Brief Jansen - J.J. van Schalkwyk, 1.4.1933.

391) B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, pp.181, 199.

392) The Natal Witness, 24.5.1933 : Berig.

393) The Natal Witness, 27.5.1933 : Berig, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 21, 26 Mei - 22 Junie 1933, pp.2-4.

394) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 21, 26 Mei - 22 Junie 1933, pp. 2, 3.

395) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 21, 26 Mei - 22 Junie 1933, p.3; vergelyk The Natal Witness, 27.5.1933 : Berig.

396) Vergelyk The Natal Daily News, 26.11.1959 : Berig; Die Vaderland, 26.11.1959 : Berig.

397) J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, p.3; J.C. Moll, Ernst George Jansen, in Handhaaf, jrg. 19, September 1981, p.11.

398) The Natal Witness, 22.9.1950 : Berig; Die Vaderland, 26.11.1959 : Berig.

399) Kyk p.83.

400) Kyk p.92.

401) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van Hoofbestuursvergadering, 1.7.1933.

402) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, p.397 e.v.

403) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, p.382 e.v.

404) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van Hoofbestuursvergadering, 1.7.1933.

405) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/2 : Brief Jansen - Boshoff, 15.8.1933.

406) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 3/1/1/1 : Openingsrede van J.J. Boshoff, 22.8.1933.

407) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 3/1/1/1 : Openingsrede van J.J. Boshoff, 22.8.1933; J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, p.382 e.v.

408) The Natal Mercury, 24.8.1933 : Berig.

409) Die Volksblad, 5.9.1933 : Berig.

410) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van kongressitting, 22.8.1933.

411) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, lêer 1/2/3/2/2/1 : Kongresbesluit, 27.8.1933; vergelyk ook lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van kongressitting, 22.8.1933.

412) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, p.398 e.v.

413) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, p.585 e.v.

414) Vergelyk J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, pp.586, 593, 613, 614, 618; Die Volksblad, 24.11.1937 en 25.11.1937 : Berigte.

414) Vergelyk J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party 3, pp.586, 593, 613, 614, 618; Die Volksblad, 24.11.1937 en 25.11.1937 : Berigte.

415) Die Natalse Afrikaner, 25.4.1938 : Hoofartikel.

416) Vergelyk Die Natalse Afrikaner, 9.5.1938 en 16.5.1938 : Berigte.

417) Die Natalse Afrikaner, 23.5.1938 : Hoofartikel en berig; B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, pp.210, 234; vergelyk The Natal Mercury, 22.11.1937 : Berig.

418) Die Natalse Afrikaner, 5.9.1939 : Hoofartikel en berig; C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.689 e.v. en p.697 e.v.

419) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 36, 2 September-5 September 1939, pp.1-106.

420) Vergelyk Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 37-46, 19.1.1940 - 27.4.1943; The Natal Witness, 26.11.1959 : Berig; Die Transvaler, 26.11.1959 : Berig.

421) Vergelyk H.B. Thom, D.F. Malan, p.99 e.v. en p.139 e.v.

422) Die Natalse Afrikaner, 19.9.1939 : Hoofartikel en berig.

423) Die Natalse Afrikaner, 3.10.1939 : Berig.

424) Die Natalse Afrikaner, 19.3.1940, 26.3.1940, 2.4.1940 : Berigte; vergelyk C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.719 e.v.

425) Die Natalse Afrikaner, 2.4.1940 : Berig.

426) C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.723 e.v.; Die Natalse Afrikaner, 12.11.1940 : Berig; Die Natalse Afrikaner, 19.11.1940 : Hoofartikel en berig.

427) Die Natalse Afrikaner, 19.11.1940 : Berig.

428) Die Natalse Afrikaner, 14.1.1941 : Berig; INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 4/1/1/1 : Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal, s.d.

429) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 4 : Brief Jansen - Jansen - Sekretaris, Afbakeningskommissie, 7.8.1942.

430) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, p.6535.

431) Unie van Suid-Afrika, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, pp. 6535-6536.

432) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, pp.6536-6537.

433) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, p.6537.

434) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, pp.6538-6539.

435) Die Volksblad, 25.6.1943 : Berig.

436) Vergelyk Die Natalse Afrikaner, 26.8.1941 : Berig.

437) Die Volksblad, 19.6.1943 : Berig; vergelyk Die Burger, 5.7.1943 : Berig.

438) Vergelyk Die Volksblad, 25.6.1943 : Berig.

439) The Natal Witness, 9.7.1943 : Berig; vergelyk Die Saamwerk, Junie 1936, pp.21, 22.

440) B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, pp.122, 268; Die Transvaler, 29.7.1943 : Berig; Die Burger, 29.7.1943 : Berig.

441) Vergelyk Die Burger, 5.7.1943 : Berig; K.A. Heard, General Elections in South Africa 1943-1970, p.22.

442) Die Transvaler, 29.7.1943 : Berig; Die Burger, 29.7.1943 : Berig en Hoofartikel; Die Volksblad, 27.7.1943 : Hoofartikel.

443) Die Volksblad, 29.7.1943 : Hoofartikel; Die Burger, 29.7.1943 : Hoofartikel; Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. 46, 16 Januarie - 27 April 1943, pp.6457-6458.

444) Die Burger, 29.7.1943 : Hoofartikel.

445) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 91 : Brief Jansen - R. Brugman, Algemene Bestuurder, Landbank, 14.1.1944.

446) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 91 : Brief J.H. Hofmeyr, Minister van Finansies - Jansen, 2.9.1943.

447) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 91 : Briewe Jansen - Brugman, 14.1.1944 en 29.1.1944.

448) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 91 : Brief J.H. Hofmeyr-Jansen, 30.7.1943; Lêer 93 : Land en Landboubank, Jaarverslag, 1943.

449) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 4 : Brief P.W. Botha - Jansen, 26.6.1944; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 176 : Brief Jansen - adv. A.J. van Zyl, 21.12.1944; Die Burger, 29.12.1944 : Berig; M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.221.

450) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 176 : Brief Jansen - adv. A.J. van Zyl, 21.12.1944.

451) Die Natalse Afrikaner, 21.6.1945 : Berig.

452) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 11.3.1946; vergelyk Lêer 4/1/1/1 : Die Geskiedenis van die Nasionale Party van Natal, s.d.

453) Die Natalse Afrikaner, 24.1.1946, 15.3.1946 : Berigte.

454) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 53 : Toespraak, Pietermaritzburg, 12.3.1946.

455) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 14.6.1946.

456) Die Natalse Afrikaner, 18.4.1946 : Berig.

457) Die Natalse Afrikaner, 20.6.1946 : Berig; The Natal Witness, 13.1.1947 : Berig.

458) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notules van Hoofraadsvergadering, 14.6.1946 en 31.10.1946.

459) Vergelyk The Natal Witness, 13.1.1947 : Berig.

460) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 31.10.1946.

461) Die Natalse Afrikaner, 19.12.1946 : Berig.

462) Die Natalse Afrikaner, 9.1.1947 : Hoofartikel.

463) The Natal Witness, 17.1.1947 : Hoofartikel en berig; B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.281.

464) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/3 : Brief D.F. Malan - Amice, 12.2.1947.

465) Die Natalse Afrikaner, 31.12.1946 : Berig; Die Transvaler, 27.2.1947 : Berig.

466) Die Transvaler, 27.2.1947 : Berig; Die Transvaler, 26.3.1947 : Berig.

467) Vergelyk Die Transvaler, 19.3.1947, 20.3.1947, 22.3.1947, 26.3.1947, 27.3.1947, 28.3.1947 : Berigte; Die Transvaler, 28.3.1947 : Hoofartikel; Stryd, jrg. 5, no. 8, April 1947 : Wolmaranstad Verkiesingsuitgawe; B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.281; The Natal Witness, 28.3.1947 : Berig.

468) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Hoofraadsvergadering, 31.3.1947.

469) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/3 : Kennisgewing, 23.4.1947.

470) Die Natalse Afrikaner, 26.6.1947 : Hoofartikel.

471) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer : 1/3/2/2/1/5 :Notule van Hoofraadsvergadering, 28.6.1947.

472) Die Natalse Afrikaner, 24.7.1947 : Hoofartikel.

473) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer : 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 30.9.1947.

474) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 30.9.1947.

475) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 25.2.1948.

476) The Natal Witness, 29.5.1948 : Berigte; Die Natalse Afrikaner, 25.3.1948 : Berig; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning, pp.152, 326.

477) B.M.Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.299.

478) Die Natalse Afrikaner, 28.5.1948 : Hoofartikel en berigte; J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning. pp.136, 137, 142.

479) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 16.6.1948.

480) Die Natalse Afrikaner, 28.5.1948 : Hoofartikel.

481) M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp.232, 233.

482) Die Natalse Afrikaner, 4.6.1948 : Berig; The Natal Witness, 4.6.1948 : Berig; Die Volksraad : Parlementêre Register, p.8; S.E.S.A. 2, p.647.

483) Die Natalse Afrikaner, 11.6.1948 : Hoofartikel.

484) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 16.6.1948.

485) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 16.6.1948.

486) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notules van Hoofraadsvergaderings, 20.11.1948, 24.4.1949, 24.9.1949, 12.8.1950, 18.9.1950.

487) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 24.9.1949.

488) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 2/1/1/3 : H.N.P. van Natal, Kennisgewing, 27.6.1950 en Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadsvergadering, 12.8.1950.

489) Vergelyk Die Natalse Afrikaner, 27.8.1948, 10.9.1948, 22.10.1948, 1.4.1949, 10.6.1949, 16.9.1949, 20.1.1950, 24.3.1950 : Berigte.

490) T.R.H. Davenport, South Africa, A modern history, pp.266, 267.

491) B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.309; J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, pp.49, 85, 103 e.v.

492) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 6 : Brief E.G. Jansen-Speaker Volksraad, 29.9.1950 : Hoofartikel; Die Volksblad, 21.9.1950 : Berig.

493) Die Volksblad, 21.9.1950 : Berig; vergelyk The Natal Witness, 21.9.1950 : Berig.

494) Die Natal Mercury, 21.9.1950 en 22.9.1950 : Berigte.

495) Hoewel die Nasionaliste net een setel in Natal (Newcastle) verower het, kyk B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.292.

496) Die Volksblad, 21.9.1950 : Berig; Die Burger, 22.9.1950 : Berig; vergelyk The Natal Witness, 22.9.1950 : Berig; Die Natalse Afrikaner, 22.9.1950 : Berig.

498) INEG, UOVS, M.M. Jansenversameling, Lêer 3 : Telegram A. Deysel (L.V. vir Noordoos-Rand) - Goewerneur-generaal, 3.1.1951.

499) Die Vaderland, 26.11.1959 : Berig.

500) Dagbreek en Sondagnuus, 29.11.1959 : Berig.

501) Die Volksblad, 21.9.1950 : Berig; Die Burger, 21.9.1950 : Berig; The Natal Mercury, 22.9.1950 : Hoofartikel; The Natal Witness, 22.9.1950 : Berig.

502) Die Vaderland, 26.11.1959 : Berig.

503) Vergelyk J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, p.2.

# HOOFSTUK 3

## ADV. JANSEN EN DIE NATALSE PERSWESE

Adv. Jansen was op meer as een wyse by die Natalse perswese (d.i. tydskrifte en nuusblaaie) betrokke. Hierdie aktiwiteite van hom het dieselfde diensbaarheids- en opheffingsmotief as sy ander kultuurgeoriënteerde aktiwiteite geopenbaar. Hiernaas het dié aktiwiteite om die beoefening van die geskrewe woord gewentel en as sodanig die Afrikaanse taalkultuur in Natal help bevorder.

So gesien, kon die aard en omstandighede van die persorgane en adv. Jansen se deelname as medewerker, entrepreneur, redakteur of nuusmaker daarin verskil, maar sy betrokkenheidsmotief was by almal dieselfde: dit was om met die perswese as kommunikasiemiddel as mondstuk en kampvegter die Afrikaner se kultuurtaak en -roeping ver buite die grense van die Natalse hoofstad uit te dra. Op hierdie wyse vorm die verskillende tydskrifte en nuusblaaie[1)] 'n integrale deel van die Natalse Afrikaner se kultuurstryd.

Die kultuurstryd uit dié hoek gesien bied 'n verhaal van 'n groep mense wat gepoog het om die Natalse Afrikaner se kultuurvlam deur middel van die geskrewe woord brandend te hou. Sonder hul arbeid sou geen beeld van die Natalse Afrikaner se openbare mening moontlik gewees het nie en sou die Afrikaanssprekende gemeenskappe in isolasie verval het.[2)]

### 3.1 Adv. Jansen se betrokkenheid by Natalse tydskrifte

**De Kondschapper** was die eerste naoorlogse Hollandse tydskrif wat sedert Oktober 1908, vir vier jaar, in Pietermaritzburg verskyn het.[3)] Dit het onder redaksie van ds. G.M. Pellissier en adv. Jansen gestaan.

Dit is aanvanklik as kwartaalblad vir die "bloei en welvaart van de Ned. Geref. Gemeente van Pietermaritzburg", uitgegee.[4] Vanaf die vierde uitgawe in September 1909 is dit "tot bloei en welvaart van die Ned. Gereformeerde Kerk in Natal" uitgegee.[5] Vanaf Januarie 1910 het dit as 'n maandblad teen 'n prys van 3s 6d per jaar verskyn.[6]

Hoewel die blad se leuse sy kerklike aard weerspieël het, het dit ook 'n breër kulturologiese doel nagestreef. In die eerste inleidingsartikel van die redakteurs word gestel dat die blad die gemeente op verstandelike, sedelike en geestelike vlak tot diens wou wees en hulle wou saamsnoer.[7] Die inhoud van die blad het daarom naas kerksake en geestelike lektuur, ook bestaan uit historiese artikels, verslae van die plaaslike Debat en Letterkunde Vereniging, verslae oor die vordering van die beweging om die Geloftekerkie terug te koop en as Voortrekkermuseum in te rig, verslae van letterkundige aard en skryfwedstryde om leeslus en skryfkuns (veral Afrikaans) aan te wakker.[8]

Adv. Jansen was as aktiewe deelnemende lidmaat nie net as orrelis, Sondagskoolonderwyser, diaken, afgevaardigde na sinodes en lid van 'n Interkerklike Raad op Pietermaritzburg in die gemeente bedrywig nie,[9] maar die mede-redakteurskap het sekerlik sy geïnstitueerde roepingsbewussyn - om vir sy volksgenote 'n kultuurtuiste te help skep - verskerp. Sy betrokkenheid by die plaaslike Debatsvereniging en die Geloftekerkie se reddingspoging het vrugbare leesstof vir **De Kondschapper** verskaf en hom so in die beoefening van die kultuurtake onderskraag.[10]

As gevolg van 'n gebrek aan voldoende ondersteuning is die publikasie van die maandblad in 1912 gestaak.[11]

Na die terugslag het die twee redakteurs verskeie pogings aangewend om weer hul "boodskap" in Natal uit te dra. Twee jaar later het **De**

**Bode** as 'n godsdienstige en geskiedkundige halfmaandelikse nuusblad verskyn.[12] Die blad is deur 'n vaste komitee van uitgelese medewerkers ondersteun. Dit het goeie advertensies getrek, en vir sy prys van 5s per jaar, 'n groot leserstal gehad. Die blad se pakkende inhoud het aan oud en jonk goeie lektuur gebied. Dit het naas geestelike stukke, die letterkunde, die digkuns, die geskiedenis, die debatsverenigings, die moontlikheid van 'n unie van debatsverenigings, die Voortrekkermuseum en die taal - Afrikaans of Hollands, as onderwerpe onder die oog gehad.[13] Vir Natalse Afrikaners was die tydskrif enig in sy soort.[14]

Dit het gelyk asof die poging van die redakteurs met welslae bekroon sou word. Ongelukkig het die ontwrigting en ekonomiese nood van die Eerste Wêreldoorlog die lewensvatbaarheid van die blad geknak. Die publikasie is op 1 Mei 1915 gestaak. 'n Poging van die redakteurs om die blad op eie rekening voort te sit het ook misluk.[15]

Dié redakteurs- en bedryfservaring het adv. Jansen ten behoewe van die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings benut. Adv. Jansen was in sy hoedanigheid as voorsitter van hierdie kultuurfederasie in Natal,[16] as Advieskomiteelid van die Nasionale Pers in Natal[17] en as redakteur van die twee-weeklikse dagblad **De Afrikaner,**[18] gemoeid met die eerste pogings om 'n eie tydskrif vir die Saamwerk-Unie uit te gee.

**Die Afrikaner** was die Saamwerk-Unie se amptelike mondstuk.[19] Hierin is weekliks tot ongeveer drie en 'n half kolomme vir Saamwerk-Unienuus afgestaan, wat deur 'n eie "redakteur" (mev. M. Jansen as korresponderende sekretaresse van die Saamwerk-Unie se Hoofbestuur) versorg is. Hierdie Saamwerk-Uniekolomme het onder die ywerige hand van mev. Jansen die lewensaar van die kultuurfederasie geword.[20] Dit het so 'n omvang aangeneem dat daar op die jaarkongresse te

Vryheid,[21] Ladysmith[22] en Winterton[23] ernstig besin is oor die wenslikheid om die Saamwerk-Unierubriek as 'n aparte blaadjie uit te gee.[24]

Daar is met die Nasionale Pers 'n ooreenkoms aangegaan om nuus van die Saamwerk-Unie as die **Saamwerk-Unie Orgaan** ('n blaadjie van vier bladsye) te druk en as byvoegsel van **Die Afrikaner** te versprei. Die Saamwerk-Unie moes £100 per jaar of £4-3s-4d per uitgawe vir die ooreenkoms betaal en 200 intekenare op **Die Afrikaner** werf.[25]

Volgens die ooreenkoms het die **Saamwerk-Unie Orgaan** vanaf 18 Julie 1919 tot 24 September 1920, as 16 in plaas van 'n beoogde 30 byvoegsels tot **Die Afrikaner**, verskyn.[26] Adv. Jansen het in sy openingsrede ten tye van die 1920-kongres te Winterton die sluier so effens oor die bedryfsprobleme van die **Saamwerk-Unie Orgaan** gelig. Hulle het in Januarie 1919 besluit om 'n begin met die eerste uitgawe van die **Orgaan** te maak. Vir die Jansens was dit 'n sleggekose tyd. Vanaf Februarie tot September 1919 was adv. Jansen by die Vryheidsdeputasie betrokke[27] en vanaf Januarie tot Maart 1920 was hy met verkiesingswerk besig.[28] As gevolg van die omstandighede het mev. Jansen haar hande vol gehad en sonder sy hulp is daar met die publikasie van die **Orgaan** se uitgawes agter geraak.[29]

Die Saamwerk-Unie se swak finansiële posisie het uiteindelik die voortbestaan van die **Orgaan** kortgeknip.[30] Hoewel die **Orgaan** gedurende sy kortstondige bestaan tog byval by Saamwerk-Unielede gevind het, wou adv. Jansen nie die vereniging in die skuld dompel om 'n aparte bladjie teen 'n verlies uit te gee nie. Adv. Jansen het met slegs 6s-8d as bedryfskapitaal en met net 86 van die beoogde 200 gewerfde intekenare vir **Die Afrikaner**, besluit om met uitgawe no. 16 'n einde aan die publikasie van die **Saamwerk-Unie Orgaan** te maak.[31]

Na hierdie terugslag is daar weer tot die ou reëling van twee kolomme per week vir Saamwerk-Unie rubriek in **Die Afrikaner** teruggekeer. Die Jansens as eerste beyweraars vir 'n eie mondstuk vir die Saamwerk-Unie kon eers op 25 September 1929 sien hoe met die eerste aflewering van die nuwe tydskrif, **Die Saamwerk**, onder redaksie van dr. P.C. Schoonees, dié ideaal 'n werklikheid word.[32)]

Adv. Jansen se verbintenis met Natalse tydskrifte na 1929 was op 'n meer indirekte vlak. As eerste mederedakteur van 'n kerkblad in Natal, oud-redakteur van **Die Afrikaner**, leier van die Natalse Nasionale Party en erepresident van die Saamwerk-Unie moes hy van die bedryfsprobleme en -ideale van **Die Voortrekker** en **Die Saamwerk** kennis neem.

Gedurende Augustus 1928 het **Die Voortrekker**, 'n tussengemeentelike maandblad, as opvolger van **De Bode** en **De Kondschapper** verskyn. Dié derde poging deur Nederduits Gereformeerde kerklui in Natal het op 'n Sinodebesluit van April 1928 gevolg. Ten aansien van adv. Jansen-hulle se bogenoemde twee pogings is die derde poging as 'n daad van durf en moed beskou. "Driemaal is skeepsreg", het die redaksiekommissie hoopvol in hul eerste inleidingsartikel geskryf. Die hoop is op 'n groot getal medewerkers, 'n groter getal lidmate, groter leeslus as gevolg van meer skole en verbeterde onderwys en sterker finansiële drakrag as tien jaar gelede, gegrond. Vir die redaksie was **Die Voortrekker** 'n ereskuld wat afgelos moes word.[33)]

Leidende Natallers het **Die Voortrekker** as 'n kulturele bindmiddel beskou, wat die provinsie se Afrikaners in godsdienstige, taal- en volksbelange in één familie moes saambind. Dit is as 'n magtige wapen in die gemeenskaplike stryd om behoud van die Afrikanerdom in Natal, beskryf.[34)]

Ten spyte van die hoë verwagtinge is publikasie van die blad vroeg in 1931 gestaak. Die Sinodale Redaksiekommissie het in Junie 1931 op die herverskyning van die blad besluit. **Die Voortrekker** het vanaf 1 November 1931 tot April 1932 as provinsiale kerkblad sy herverskyning gemaak. As gevolg van die halfhartige ondersteuning van Natalse kerklui, swak publikasiemateriaal, onttrekking van adverteerders en intekenaars en gevolglike finansiële verlies van £65 per maand,[35)] was die redaksie genoodsaak om weer eens die uitgawe van die blad te staak.[36)]

Intussen het die Natalse Pers **Die Afrikaner** teen 'n verlies uitgegee.[37)] Die besturende direkteur van die maatskappy, mnr. J.T. Elliot, het op 29 April 1932 die publikasie van **Die Afrikaner** gestaak.[38)] Mnr. Elliot moes iets aanpak om sy verlies te delg en hy het 'n aanbod aan die sukkelende **Voortrekker** se redaksiekommissie gemaak. Die gevolg was dat **Die Voortrekker** vanaf 6 Mei 1932, onder toesig van die Natalse Sinode, as 'n "Kristelik-Maatskaplike Weeknuusblad" met 'n ortodoks-kulturele strekking sy tweede herverskyning gemaak het.[39)]

As erepresident van die Saamwerk-Unie moes adv. Jansen verneem dat mnr. Elliot in dié geledere verkwalik is omdat hy **Die Voortrekker** by die Kerk oorgeneem het. In die Saamwerk-Unie se Hoofbestuursgeledere is gevoel dat mnr. Elliot eerder **Die Saamwerk** kon oorgeneem het. Hulle het **Die Voortrekker** met sy nuwe breër kulturele aanslag op die beperkte Natalse Afrikanerleserskorps as 'n bedreiging vir **Die Saamwerk** gesien.[40)]

Adv. Jansen was in 'n moeilike posisie. Enersyds het hy as provinsiale Partyleier mnr. Elliot oor **Die Afrikaner** se ondergang opgekeil[41)] en andersyds was daar in die Saamwerk-Uniegeledere roeringe oor mnr. Elliot se bondgenootskap met die Kerk, omdat dit moontlik **Die Saamwerk** kon benadeel. Die feit dat die publikasie van **Die Saamwerk** in 1939

gestaak is, het die sukkelverhaal van Afrikaanse tydskrifte in Natal by herhaling bevestig.[42] Adv. Jansen was terdeë van die feit bewus. Die toestand was vir hom nie vreemd nie. Hy het immers sedert 1908 met tydskrifte te kampe gehad wat 'n sukkelbestaan gevoer het

### 3.2 Adv. Jansen se betrokkenheid by Natalse nuusblaaie

Engels as die dominante taal en die Engelse leefwyse en opvattings as die dominante kultuuridioom in Natal, is deur 'n koor van suksesvolle nuusblaaie onderskraag. Hoewel die eerste geskrewe Hollands in 'n Natalse nuusblad alreeds in 1844 in Pietermaritzburg verskyn het, was die Afrikaanse joernalistiek in Natal nooit so 'n suksesvolle bedryf as hul Engelstalige eweknieë nie. Afrikaanse nuusblaaie, as kampvegters van die Afrikaner se kultuuridioom, kon dus as gevolg van die onwinsgewendheid daarvan nooit in 'n florerende bedryf ontwikkel nie.[43]

Leidende Afrikaners het by herhaling gepoog om 'n blywende nuusblad aan hul volksgenote te voorsien. In die opsig was **Die Afrikaner** ten spyte van sy wisselende finansiële sukses, sy vele eienaars en redakteurs, die belangrikste mondstuk en kampvegter van die Natalse Afrikaner se kultuurstryd: "Het doel van **De Afrikaner** is toch ongetwijfeld om voor de belangen van de Natalse Afrikaners te waken, voor hunnen heilige en rechtmatige rechten in de bresse te springen en voor al hunne belangend in het algemeen te strijden waar de gelegenheid zich maar enigszins voordoet."[44]

Die rol van dié nuusblad as kampvegter in die Afrikaner se kultuurstryd was derhalwe 'n maatskaplike, politieke en sedelike mag wat beskerm en uitgebou moes word.[45] Daar is voortdurend pogings aangewend om **Die Afrikaner** se sirkulasiesyfer te verhoog, deur Afrikaners te motiveer om intekenaars van die twee-weeklikse nuusblad te word.

Verskeie aksies is ook geloods om die voortbestaan van die beherende maatskappy, die Afrikaner Drukkery en later die Natalse Pers, blywend te verseker.

Adv. Jansen was tot 1946 sporadies by die voormelde aksies betrokke. Sy verbintenis met **Die Afrikaner**[46)] strek vanaf sy eerste skredes in die Natalse gemeenskapslewe tot in 1932 met die blad se ondergang. Aanvanklik het adv. Jansen as die gemeenskapsleier, se naam in die koerant se berigte as gereelde nuusmaker verskyn.[47)] Later was hy as medewerker en mede-eienaar by De Afrikaner Drukkery betrokke. Dit is deur sy advieskomiteeskap van die Nasionale Pers[48)] en sy redakteurskap van **Die Afrikaner** opgevolg. As provinsiale Partyleier het hy laastens as pleitbesorger vir die blad se voortbestaan opgetree.

**Die Afrikaner** het nege sukkelende voorgangers gehad.[49)] Die ondernemingsgees en beroepserns van die eienaars en redakteurs van **Die Afrikaner** het die blad inderwaarheid die spieëlbeeld van die Afrikaanse gemeenskap in Natal gemaak.[50)]

Afgesien van dié breër doelwit wat altyd deur redakteurs van Natalse Afrikaanse nuusblaaie nagestreef is, het die politieke strominge in Afrikanergeledere 'n besliste invloed op die redaksionele beleid gehad. Die Afrikaanse nuusblad in Natal was altyd aan die een of ander politieke standpunt verbind. Die redaksionele ondersteuning vir die S.A.P. of N.P. en H.N.P. of V.P. was 'n onoorkomelike twisvraag wat, tesame met ander faktore soos gebrek aan voldoende kapitaal, 'n klein leserskorps en die Afrikaner se swak leesgewoontes, beperkend op die voortbestaan van Natalse nuusblaaie ingewerk het.[51)]

Die Natalse Nasionaliste het vanaf hul Party se stigting voortdurend pogings aangewend om 'n blywende spreekbuis vir hul werksaamhede

te bekom. Op hul eerste kongres in Augustus 1915 is alreeds gedagtes gewissel om die aandeel van die Hershensohnnfamilie in die Afrikaner Drukkery te bekom, omdat **Die Afrikaner** S.A.P.-gesind was. Na 'n lang bespreking is die gedagte laat vaar omdat daar te veel probleme in die verband voorsien is.[52)]

Die Sentrale Bestuur van die Natalse N.P. het die saak nie daar gelaat nie. Die lede kon egter op 18 Januarie steeds nie konsensus bereik oor die beleid wat teenoor **Die Afrikaner** toegepas moes word nie. Sommige lede was van mening dat dit nie raadsaam was om **Die Afrikaner** as mondstuk te gebruik nie. Ander lede was weer van mening dat die Nasionaliste nie hul steun aan **Die Afrikaner** kon onttrek nie.[53)]

**Die Afrikaner** was op sy beurt ook nie te vinde vir 'n hegter bondgenootskap met die Natalse N.P. nie.[54)]

Nadat die verhouding tussen die N.P. en **Die Afrikaner** vroeg in 1916 verder vertroebel het,[55)] het die tweede N.P.-kongres besluit om **Die Burger** as hul amptelike mondstuk aan te neem. Afgevaardigdes moes toesien dat Nasionaliste op **Die Burger** inteken.[56)]

Die Sentrale Bestuur het intussen weer eens 'n ondersoek oor 'n eie nuusblad geloods.[57)] Op 13 September 1917 het adv. Jansen en mnr. F.W. van Reenen, as Sentrale Bestuurslede, meegehelp om die ondersoek suksesvol af te sluit. Op die dag het hulle die Afrikaner Drukkery Beperk namens die Natalse N.P. by die Herschensohnnfamilie gekoop.[58)] Op dié wyse het hulle die geledere van gevierde Natalse perseienaars soos Cornelis Moll, Joshua Hershensohnn en Otgaar en Vorster betree.[59)]

Mnr. F. van Reenen het tydens die Oktober 1917-vergadering van die Sentrale Bestuur gerapporteer dat **Die Afrikaner** oorgeneem is en voortaan die beleid van die N.P. sou ondersteun. Die Afrikaner Drukkery se kapitaalkrag moes uitgebrei word en vir die doel is 'n voorlopige direksie benoem wat uit mnre. Adriaan Nel, P. Meyer en P.R. Vermaak sou bestaan. 'n Maatskappy met beperkte verantwoordelikheid is gevorm en die Sentrale Bestuur het Nasionaliste aangemoedig om soveel as moontlik aandele te koop.[60)]

**Die Afrikaner** is tydens die derde kongres op 3 Oktober 1917 as die amptelike mondstuk van die Natalse N.P. aanvaar.[61)] Die Sentrale Bestuur het hierna besluit om die takke te versoek om **Die Afrikaner** te ondersteun.[62)]

Adv. Jansen het op 30 Januarie 1918 onderhandelings begin aanknoop, met die oog op die stigting van 'n maatskappy, wat namens die Natalse Nasionale Party die beherende aandeel in die Afrikaner Drukkery sou hê.[63)] Hy het ook onderhandelings met Nasionale Pers aangeknoop om die Afrikaner Drukkery oor te neem. Die resultaat van samesprekings wat hy op 19 September 1918 met Nasionale Pers gevoer het, was dat hulle die Afrikaner Drukkery vir £3 500 sou koop.[64)] Die vierde jaarkongres van die Natalse N.P. op 1 Oktober 1918 het goedkeuring aan die voorgestelde kooptransaksie gegee, asook om £1 010 se aandele te waarborg soos deur Nasionale Pers versoek is. Ten tye van die kongressitting is al geleentheid aan afgevaardigdes gegee om aandele te koop. Die kongres het ook besluit dat die sentrale Bestuur jaarliks drie lede moes benoem, wat as Kommissie van Toesig oor **Die Afrikaner** die Party se belange moes behartig.[65)] Die eerste Kommissie van Toesig het uit adv. Jansen, mnre. E. van Rooyen en A.I.J. Nel bestaan.[66)]

Op 15 November 1918 is berig dat Nasionale Pers die Afrikaner Drukkery oorgeneem het en daar is vir aandeelhouers gevra.[67)] Nasionale Pers

het na die datum telkens vir aandeelhouers gevra en ook by die Natalse Nasionale Party vir geldelike en morele steun aangeklop.[68] Adv. Jansen was lid van Nasionale Pers se Advieskomitee vir Natal, wat na die oorname van die koerant in die lewe geroep is om hul belange te beskerm.[69]

Tydens die vyfde jaarkongres van die Natalse N.P. te Dundee het adv. Jansen, as lid van die Kommissie van Toesig oor **Die Afrikaner**, verslag oor die stand van sake gedoen. Volgens hom het daar alle rede vir tevredenheid bestaan gesien die vooruitgang van **Die Afrikaner** sedert dit deur die Nasionale Pers oorgeneem is. Hy het dit betreur dat Natallers nog nie na behore op die blad ingeteken het nie en voorgestel dat elke afgevaardigde dié saak by sy tak moes beklemtoon.[70] Aangesien adv. Jansen gedurende November 1919 die redakteurskap van **Die Afrikaner** oorgeneem het, het hy hom van die Kommissie van Toesig oor die blad onttrek. Mnr. A.T. Spies is in sy plek verkies.[71]

Mnr. John Ferreira het in sy laaste hoofartikel, voordat adv. Jansen by hom oorgeneem het, ook op die vooruitgang van die koerant en drukkery gewys.[72] Die feit dat die dienste van 'n bekwame man soos adv. Jansen, "voor de zaak verkregen kunnen worden, terwijl wij (Ferreira) zelven aandacht kunnen blijven geven aan verdere bevordering en uitbreiding van de enigste Afrikaans-Hollandse Drukkerij en nieuwsblad in Natal",[73] het vir hom op vooruitstrewendheid gedui. Mnr. Ferreira het verder van sy opvolger getuig: "Als redakteur handigen wij met de grootste verwachtingen en het volste vertrouwen de pen van 'De Afrikaner' aan Advokaat Jansen over, wetende, dat de Nationale Pers de diensten van 'n man - hoewel geen joernalist - tog van bekwame (vooral politieke)beleid rijker geworden is."[74]

Gedurende die ongeveer 15 maande wat adv. Jansen **Die Afrikaner** se redakteurspen hanteer het, het hy ten volle van dié hulpmiddel gebruik gemaak om sy lesers te bearbei. Op 2 Desember 1919 het hy as voorstander van Afrikaans as skryftaal, hom ten doel gestel om voorligting op alle gebiede aan sy volksgenote te gee ongeag politieke verskille wat sou voorkom. Hy het die vertroue uitgespreek dat sy volksgenote hom sal ondersteun en dat hy hulle gevoelens en begeertes sou reg vertolk, want, "ons is almal Afrikaners, en waar dit die belange geld daar kan en wil ons saamwerk".[75)]

Adv. Jansen het met dié doel voor oë sy volksgenote tydens feesdae en volksfeeste, politieke vetes en verkiesings, tye vol nuuswaardighede en stil tye - op hul Christen- en volkskap, volkseenheid en ideale, bedag gemaak. So het hy Kersfees as die grondslag van die Afrikaner se geloof bestempel en dit aan 16 Desember se gelofte verbind wat op dié geloof gegrondves is.[76)] Die gees van Nuwejaar het hy aan die stryd om voortbestaan verbind. Volgens hom het die opwindende gewaarwording van 'n nasionale gees wat gegroei het, die selfbewussyn van die Afrikaner wat toegeneem het en hul gevoel van eie waarde wat versterk is, die Afrikanervolk se onafhanklikheidsideaal helder na vore laat tree.[77)] Dit was veral adv. Jansen se meerdere politieke kennis en ervaring wat in sy hoofartikels weerspieël is, en in berigte opgevolg is, wat **Die Afrikaner** as Partymondstuk sterker na vore laat tree het. Hoewel hy die politiek van die Nasionale Party verkondig het[78)] en dit in die 1920- en 1921-verkiesing sterk voorgestaan het,[79)] het hy Afrikanervolkseenheid bly beklemtoon. As gematigde het hy die bitterheid, verwydering en vyandskap tussen volksgenote met dieselfde taal, geskiedenis, tradisie en ideale betreur. Die verbreking van Afrikanereenheid moes volgens hom geheel word.[80)]

Adv. Jansen het met sy verkiesing as volksraadslid op 8 Februarie 1921, die betrekking as redakteur van **Die Afrikaner** neergelê.[81)] Sedert

dié datum tot in 1924 met sy verkiesing as speaker[82] het hy as Provinsiale leier van die Nasionale Party, as lid van die Kommissie van Toesig oor **Die Afrikaner**[83] en deur sy invloed in die Saamwerk-Unie, steeds gepoog om intekenare vir die blad te werf.[84] As provinsiale leier het adv. Jansen ook gepoog om die aandele waarvoor die Party na die oorname deur Nasionale Pers verantwoordelik was, verkoop te kry.[85] Tydens die sewende jaarkongres van die Natalse N.P. het hy ook die versoek van Nasionale Pers ondersteun om intekenaars vir £100 per jaar vir twee jaar te verkry, om sodoende die winsgewendheid van die nuusblad te verhoog.[86] Hy het **Die Afrikaner** as 'n "Long Tom" - 'n gedugte wapen in die Natalse politieke stryd bestempel, wat om dié rede ondersteun moes word.[87] Hy het die feit betreur dat **Die Afrikaner** as gevolg van Afrikaners se swak leesgewoontes nie die ondersteuning kry wat dit verdien nie.[88]

Nadat adv. Jansen as speaker verkies is, is hy nie meer as lid van die Natalse Advieskomitee van Nasionale Pers beskou nie.[89] Adv. Jansen het ook sy poste in die Natalse Nasionale Party bedank.[90] Ten spyte van die verwikkeling het sy belangstelling in **Die Afrikaner** nie getaan nie. Die Jansens het by monde van mev. Jansen selfs weer 'n aanbod aan Nasionale Pers gemaak om die besigheid te koop.[91] Die poging was nie suksesvol nie.

Nasionale Pers het nadat hulle **Die Afrikaner** teen 'n verlies begin bedryf het, na moontlike kopers vir die Afrikaner Drukkery gesoek. Hulle het 'n aanbod van 'n voormalige redakteur, mnr. J. Ferreira, aanvaar en die drukkery gedurende Maart 1925 aan hom verkoop.[92]

Adv. Jansen was onbewus van dié verwikkelinge. Nadat hy daarvan gehoor het, het hy by die Algemene Bestuurder van Nasionale Pers beswaar gemaak. Sake wat hom gekwel het was die onttrekking van

Nasionale Pers in Natal, die aandele wat Natallers uitgeneem het om die winsgewendheid van **Die Afrikaner** te verhoog, en die 1917-klousule in die Herschensohnn-Jansen en Van Reenen kontrak wat bepaal het dat dié saak nie in Engelse hande mag val nie. Hy was veral bekommerd dat mnr. Ferreira moontlik deur kapitaal van Engelssprekendes in staat gestel is om die koop moontlik te maak en dat dit later die redaksionele beleid en politieke standpunt van die blad kon beïnvloed.[93)] Die onrustigheid van adv. Jansen is deur mnr. J.A. Smith, die redakteur van **Die Afrikaner**, en ander vooraanstaande Natalse Afrikaners soos mnre. Adriaan Nel, Frikkie Scheepers en ds. Odendaal, gedeel. Laasgenoemde here was van mening dat Nasionale Pers Natallers in die steek gelaat het.[94)]

Mnr. W.A. Hofmeyr, die algemene bestuurder van Nasionale Pers, het adv. Jansen verseker dat hulle sake soos die beheer, die politiek en taalmedium van **Die Afrikaner**, goed in hul verkoopkontrak verskans het.[95)] Die naamsverandering van die maatskappy wat **Die Afrikaner** beheer het, naamlik van Natalse Nasionale Pers na Natalse Pers, het die besitsverwisseling voltooi.[96)] 'n Opgewonde mnr. Ferreira het ten spyte van adv. Jansen en andere se bedenkinge, met nuwe besieling as gevolg van die groter verantwoordelikheid wat op hom gerus het, ywerig gepoog om die Natalse Afrikaner en Nasionale Party van 'n goeie mondstuk te voorsien.[97)]

Ten spyte van dié verwagtings het die mondstuk 'n ekonomiese noodtydperk in die gesig gestaar. Die Natalse tradisie van onwinsgewende Afrikaanse dagblaaie het **Die Afrikaner** in sy ses-en-veertigste jaar ingehaal. Dit het die winsgewendheid van die Natalse Pers begin ondermyn.

Vanaf 1927 het adv. Jansen as pleitbesorger vir **Die Afrikaner** se voortbestaan, gepoog om die beherende maatskappy - Natalse Pers-

uit te bou, **Die Afrikaner** oor te neem en teen 1931 gehelp walgooi ten einde die blad aan die lewe te hou.

Gedurende 1927 het adv. Jansen met mnr. J. Elliot (sekretaris van die Natalse Pers), genl. Hertzog en senator W.J.C. Brebner (trustees van die Nasionale Persfonds), onsuksesvolle onderhandelings gevoer om **The Times of Natal** oor te neem en dit op besigheidsgrondslag deur die Natalse Pers te bedryf.[98)] Dit sou vir Natalse Nasionaliste 'n Engelstalige mondstuk gee en vir die Natalse Pers groter besigheid beteken.

Twee jaar later het adv. Jansen verneem dat die Natalse Pers moontlik geneë sou wees om **Die Afrikaner** aan 'n direksie of maatskappy te verkoop. Adv. Jansen het belangstellend na 'n moontlike oorname verneem maar terselfdertyd volledige inligting oor die finansiële toestand van die blad aangevra.[99)]

Na die twee bloutjies wat adv. Jansen geloop het, het daar bykans twee jaar verloop voordat hy **Die Afrikaner** se voortbestaan op 'n daadwerklike wyse kon bevorder. Gedurende 1931 het **Die Afrikaner** as gevolg van die destydse swak ekonomiese toestand, in finansiële moeilikheid beland. Die blad het onder andere met £2 000 se uitstaande intekengeld te kampe gehad en boonop was advertensies as bron van inkomste, moeilik bekombaar.

In hul nood het mnr. Ferreira vir minister Jansen gevra om genl. Hertzog en senator Brebner vir 'n lening van £3 000 te nader.[100)] Adv. Jansen was by ontvangs van die versoek egter in besit van 'n hoofartikel deur **Die Afrikaner** wat kwetsende opmerkings oor die Nasionale Party bevat het.[101)] Hy het mnr. Ferreira oor die ongelukkige sameloop van

omstandighede geroskam, omdat dit die moontlike finansiële steun van genl. Hertzog en senator Brebner kon benadeel.[102] Hoewel laasgenoemde here nie lenings toegestaan het nie, was senator Brebner gewillig om moontlik te help as 'n maatskappy gevorm word waarin hulle aandele kon belê.[103]

Terwyl mnr. Ferreira volgens dié voorwaardes sake vir die stigting van 'n maatskappy in orde gekry het, is hy vir 'n operasie in die hospitaal opgeneem.[104] Die vertraging het die al hoe swakker wordende finansiële posisie van die Natalse Pers op die spits gedryf. Dit het mnr. Ferreira genoop om adv. Jansen te vra om 'n tussentydse lening van £1 000 by die Vrystaatse Helpmekaar te bekom, tot tyd en wyl die te stigte maatskappy geregistreer is.[105]

Gewapen met die Akte van Oprigting en balansstaat van die maatskappy kon adv. Jansen eers gedurende Augustus 1931 vir senator Brebner nader, om £3 000 se aandele in die maatskappy op te neem. Adv. Jansen se motivering vir die versoek het daarop berus dat die maatskappy finansieel gesond is en dat die £3 000 nodig is om dit met sukses uit te brei. Die feit dat die Natalse Pers die 1925-koopsom van £6 700 op £1 750 na kon afwerk, drukkersmasjiene en eiendom kon bykoop en nog 'n wins van £2 600 kon toon, het ook op die lewenskragtigheid van die besigheid gedui.[106] Die teleurstellende nuus van senator Brebner dat daar hoogstens £1 500 vir **Die Afrikaner** beskikbaar was,[107] het die Natallers gebelg omdat **Ons Vaderland** terselfdertyd met £20 000 ondersteun is.[108]

Adv. Jansen het dié saak met genl. Hertzog bespreek. Gedagtig aan die waarde van **Die Afrikaner** as mondstuk in Natal teenoor die grootskaalse hulp aan **Ons Vaderland,** was die Generaal se antwoord net so teleurstellend. Genl. Hertzog was van plan om al die beskikbare geld in **Ons Vaderland** te ploeg ten einde die blad op vaste voet te plaas.

In die lig van dié planne het adv. Jansen die "paar krummels" wat sou oorbly vir **Die Afrikaner** gevra.[109]

Dié poging van adv. Jansen was suksesvol. Op 14 September 1931 het genl. Hertzog hom meegedeel dat hulle £1 500 in die Natalse Pers sou belê. Adv. Jansen het met waardering onderneem dat 'n verteenwoordiger van die Party in die direksie opgeneem sou word en dat hy 'n wakende oog oor die aanstelling van 'n redakteur sou hou.[110]

Adv. Jansen was vol vertroue dat die maatskappy en die blad met die ekstra kapitaal goeie vordering sou maak.[111]

Mnr. Elliot het adv. Jansen bedank vir die kapitaal wat hy vir die maatskappy bekom het, en die versekering gegee dat "ons ons uiterste bes sal doen om die vertroue wat u in ons stel na te kom".[112] Mnr. P. Bruchhausen is ook as nuwe redakteur aangestel en adv. Jansen was van mening dat hy 'n groot aanwins vir die blad sou wees.[113]

Skaars ses maande na die finansiële hupstoot het **Die Afrikaner** hom in 'n onvoorsiene benarde finansiële posisie bevind. Die blad se uitgewers het adv. Jansen uit nood weer genader met die hoop dat hy weer eens vir hulle finansiële uitkoms kon beding. Gedagtig aan adv. Jansen se vorige ywer om addisionele kapitaal te bekom het mnr. Elliot die volgende onderneming gegee: "As ons dan met **Die Afrikaner** teen die muur gedruk word, en by gebreke aan hulp die koerant moet staak, gee ek my erewoord dat ek sal sorg dat die Party sy hele kontribusie, wat hy ses maande gelede gemaak het, terugkry sodra die besigheid weer verbeter het."[114]

Adv. Jansen het met teleurstelling en spyt van die benarde finansiële posisie van die blad kennis geneem. Hy het mnr. Elliot gevra om alle

kragte in te span om die blad aan die lewe te hou.[115] Senator Brebner het ewe sterk gereageer oor die £1 500 belegging wat in die water gegooi is.[116]

Adv. Jansen was gegrief oor die verlies van 'n mondstuk vir die Natalse Afrikaner. Uit 'n partyoogpunt moes hulle 'n ander mondstuk vind en die keuse het op daardie stadium tussen **Die Vaderland** en **Die Volksblad** gelê.[117] Adv. Jansen het mnr. J.J. Boshoff, die Partyverteenwoordiger op die direksie van die Natalse Pers, versoek om mnr. Elliot te gaan spreek en alles oor die saak uit te vind.[118] Adv. Jansen het op sy beurt mnr. Elliot se kop gewas oor die blad se finansiële probleme nadat hy £1 500 se aandele bekom het om die blad se lewenskragtigheid te verhoog.[119]

Na al die moontlike pogings om die voortbestaan van die enigste Afrikaanse koerant in Natal te verseker, het mnr. Elliot teen April 1932 die handdoek ingegooi. Hy het gevrees dat die al hoe groter wordende verlies op **Die Afrikaner** die hele maatskappy kon ruïneer. Hy het met 'n opgehoopte verlies van oor die £800 besluit dat die laaste uitgawe van die koerant op Vrydag 29 April 1932 sou verskyn.[120]

In **Die Afrikaner** se swanesang het adv. Jansen, as provinsiale leier van die N.P., en mnr. Bruckhausen, as redakteur die gebeurtenis betreur.

'n Gedeelte van mnr. P. Bruckhausen se hoofartikel het soos volg gelui: "'Die Afrikaner' (uitgewers die Natalse Pers) het sy laaste skof afgelê, en op 46-jarige leeftyd lê hy hom neer om te sterwe. Nie 'n krygsman se dood op die slagveld nie; nie met die banier van ons volk nog vas in 'n vuis wat geen vyand kon oopdwing nie, hoe ook sy bloedige liggaam verpletter is, ook nie, na 'n lang lewe in diens van sy volk, op 'n roemvolle

sterfbed omring deur die skare van 'n treurende volk nie - nee in sy beste jare, met 'n hele lyf, opgesluit in 'n kooi waar sy vriende hom nie kan help nie, sonder nering gelaat om daar in ellende te vergaan. Tog 'Die Afrikaner' het met moed volhard tot hierdie bitter einde toe; hy weet dat hy in die hart van sy volk geen ander hom uit die ereplek kan verdring nie. Hy weet dat hy in die bitter dae van die ver-verlede - asook in die beter dae van die pas-verlede - sy plig gedoen het ... Dis nie ons volk - en nog minder die Nasionale Party wat hom doodmaak nie, dis die kommersiële kanker ... 'Die Afrikaner' het een troos en dit is, dat as die nasiestryd oorwin is, daar onder die segevierende ridders menigeen sal wees wat 'n traan sal stort oor die broeder wat op die krygspad verlore en weggesleep is om in die keldergraf van geldsug te versmag ..."[121)]

Adv. Jansen wat bly hoop het dat die blad staande sou bly[122)] het in die laaste uitgawe onder meer geskryf dat hy met diepe leedwese van die uitgewers se besluit verneem het: "Ons het gedoen wat ons kon om te help en dit is vir my 'n diepe teleurstelling dat nou wanneer ons weer 'n sware stryd ingaan daar besluit word om die blad nie meer uit te gee nie ..."[123)]

**Die Volksblad** het in sy huldeblyk **Die Afrikaner** - ondanks sy vele eienaars, redakteurs en soms wankelrige treë - geloof vir die buitengewone moed en volharding waarmee die blad die kultuurstryd in Natal gevoer het: "Elke opregte vaderlander kan met dankbaarheid terugdink aan die groot geestelike werk wat deur hierdie voorvegter vir die Afrikaanse taal en kultuur in 'n onsimpatieke omgewing gedoen is. Met die afsterwe van **Die Afrikaner** het die Afrikaanse kultuurbeweging 'n stryder verloor wat hy kwalik op hierdie kritieke tydstip kan mis en die Nasionale Party in Natal het 'n voorvegter verloor wat veel gedoen het om die vuur van nasionalisme daar gaande te hou ..."[124)]

Tydens die 18de jaarkongres van die Natalse N.P. is daar met leedwese kennis geneem van dié Partymondstuk se verdwyning.[125] Die Natalse Afrikaner was egter na die verdwyning van **Die Afrikaner** nie sonder 'n Afrikaanse koerant nie. **Die Vaderland** is alreeds in Natal versprei en die adresse van **Die Afrikaner** se intekenaars is aan **Die Volksblad** gegee. **Die Volksblad** sou voorlopig gratis aan **Die Afrikaner** se lesers verskaf word.[126] **Die Volksblad** het onderneem om sy bes te doen om Natallers van diens te wees.[127]

Adv. Jansen was ook betrokke by twee ander Afrikaanse nuusblaaie wat hul verskyning in Natal gemaak het.

Vanaf 4 Oktober 1932 het mnr. P. Bruckhausen **Die Brandwag** vir bykans 'n jaar in Ladysmith uitgegee.[128] Die nuusblad was gedurende sy kort bestaan die Natalse N.P. se amptelike mondstuk.[129] Mnr. Bruckhausen het in sy eerste optimistiese hoofartikel die Natalse Nasionaliste tot groter strydlustigheid aangemoedig. Hy het verklaar dat met die koms van **Die Brandwag**, Ladysmith die Natalse Afrikanerdom se politieke hoofstad gaan word.[130] Minister Jansen het op 4 Oktober 1932 die blad tydens 'n funksie "amptelik" in Natal verwelkom.[131] Nadat die uitgawe daarvan in April 1933 gestaak is, is **Die Volksblad** as die Natalse Nasionaliste se amptelike spreekbuis beskou.[132]

Na ongeveer vier jaar het mnr. J. Ferreira vanaf 11 Oktober 1937 weer 'n nuusblad vir Natalse Afrikaners uitgegee.

Hy het sedert 1934 voelers begin uitsteek om 'n klein maatskappy te stig om 'n nuusblad uit te gee. Hy het eers Natalse Malaniete soos mnr. Adriaan Nel en mev. M. Jansen genader met die versoek om 'n belegging te maak en so mededirekteure van die te stigte maatskappy te word.[133]

Hy het blykbaar ook V.P.-ondersteuners genader en meer sukses met die groep gehad. Sen. A.T. Spies het die stigting van 'n Afrikaanse nuusblad bepleit. Die gevolg was dat **Die Natalse Afrikaner** sedert sy verskyning in Oktober 1937, 'n ondersteuner van die V.P.-beleid was. Sen. A.T. Spies het in die eerste uitgawe 'n kragtige pleidooi gelewer dat Natalse Afrikaners dié mondstuk van hulle moes ondersteun.[134)]

Die oorlogtydse omstandighede in Natal en die klein Afrikaanssprekende leserskorps het dié nuusblad se ondergang beteken. Die laaste uitgawe van **Die Natalse Afrikaner** het waarskynlik op 31 Maart 1942 verskyn.[135)]

Drie jaar later, op 1 Maart 1945, het genl. Smuts **Die Natalse Afrikaner,** as V.P.-mondstuk, met sy herverskyning verwelkom.[136)] Die nuusblad wou nie net 'n spreekbuis wees waarop elke Natalse Afrikaner trots kon wees nie, maar wou ook 'n samehorigheidsgevoel tussen Afrikaners onderling en tussen Afrikaner en Engelsman kweek.[137)]

Die Natalse Nasionaliste was intussen nog steeds sonder 'n mondstuk. Adv. Jansen het na sy hertoetrede tot die Natalse H.N.P. in 1946 opnuut gepoog om 'n spreekbuis vir die Party te bekom. Gedurende die tyd het hy waarskynlik ondersoek oor die stand van **Die Natalse Afrikaner** ingestel. Mnr. J.C. Greyling, wat vanaf 1946 die F.A.K.-organiseerder in Natal was,[138)] het gevind dat die blad se sirkulasie ongeveer 1 040 beloop, dat dit as drukkersbesigheid goed voorsien is en goeie drukwerk lewer, dat die blad die Verenigde Party ondersteun maar dat al die personeel - behalwe die redakteur - oortuigde Nasionaliste is, dat die belangrikste aandeelhouers hul aandele verkoop het en dat 'n redelike aanbod om die besigheid oor te neem waarskynlik aanvaar sou word, en dat die Afrikaanse Pers (Die Vaderland) ook van plan was om die besigheid oor te neem.[139)]

Ter bereiking van die ideaal om 'n nasionalistiesgesinde dagblad vir Natal te bekom het adv. Jansen addisionele ondersteuning van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (F.A.K.) ontvang.

Die F.A.K. het as oorkoepelende kultuurfederasie deur middel van sy verskillende Institute ook op 'n deurlopende basis omgesien na knelpunte in die kulturele ontwikkeling van die Natalse Afrikaners. Adv. Jansen se verbintenis met die organisasie is aangewend tot voordeel van die ideaal om 'n Nasionalistiesgesinde dagblad vir Natal te bekom.

Op die wyse het hy op 8 Maart 1946 die geskiedenis van **Die Natalse Afrikaner** vir die Dagbestuur van die Instituut vir C.N.O. geskets. Hy het ook melding gemaak van 'n Aksiekomitee wat op daardie stadium aandag gegee het aan die moontlike stigting van 'n nasionalistiesgesinde Afrikaanse tydskrif vir Natal. Die vergadering het na simpatieke bespreking van die saak besluit dat advv. Jansen en G.F. de V. Hugo gedurende April 1946 die saak met die betrokke Natallers moes bespreek.[140)]

Adv. Hugo het op 11 Mei 1946 die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. oor die verwikkelinge ingelig en die feit benadruk dat aandag aan die saak gegee word. Volgens mnr. J.C. Greyling, die F.A.K.-organiseerder in Natal, wou die betrokke Natallers wat aan die saak gewerk het, toesien dat die voorgestelde blad - ideologies gesproke 'n besliste rigting sou aantoon. Mnr. J.J. Boshoff was van mening dat Natalse Afrikaners ook vrymoedigheid kon hê om met Nasionale Pers en Voortrekkerpers oor die saak te beraadslaag, omdat hulle heelwat aandele met die oprigting van albei die persgroepe gekoop het. Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het hierop besluit dat 'n afvaardiging, bestaande uit adv. Jansen, dr. T.E. Dönges en prof. G.C. Cillie, die direksies van Nasionale Pers en Voortrekkerpers oor die moontlike uitgee van 'n Afrikaanse blad in Natal, moes gaan spreek.[141)]

Adv. Jansen het op 15 Junie 1946 tydens 'n gesamentlike Dagbestuursvergadering van die F.A.K. en die Instituut vir C.N.O., oor die onderhoude met die direksies van beide persgroepe verslag gelewer. In albei persgroepe se toekomsplanne was die moontlikheid van 'n Afrikaanse blad vir Natal opgeneem. Adv. Jansen het intussen ook die saak met mnr. J.C. Greyling bespreek, om uit te vind of **Die Vaderland** alreeds met hul beoogde uitbreidingsplanne in Natal begin het. Nadat die noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse blad in Natal bespreek is, is besluit om advv. Jansen, Hugo en mnr. Boshoff as 'n kommissie te benoem om die moontlike stigting van 'n Afrikaanse blad in Natal te ondersoek. Die kommissie moes ook toesien dat onderhandelings met Voortrekkerpers en Nasionale Pers voortgaan. Hulle moes Natalse Afrikaners versoek om geduldig te wees totdat die uitslag van die onderhandelings bekend is.[142)]

Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het op 1 Julie 1946 kennis geneem van die verwikkelinge en besluit dat die kommissie van drie (d.i. advv. Jansen, Hugo en mnr. Boshoff) met die saak moes voortgaan. Dr. Dönges moes ook weer die bestuurder van Nasionale Pers oor die saak gaan spreek.[143)]

Die F.A.K.-inisiatief was onsuksesvol en die Natalse Nasionaliste het ewe-eens nie veel sukses gehad om 'n spreekbuis te bekom nie. Adv. Jansen en die Hoofraad van die Natalse H.N.P. moes noodgedwonge teen Oktober 1946 besluit om **New Era** vanuit Natal te ondersteun en om dr. H.F. Verwoerd se aandag daarop te vestig dat Natal feitlik geen publisiteit in **Die Transvaler** ontvang nie. Adv. Jansen het die saak met dr. Verwoerd bespreek.[144)] Die Natalse Hoofraad het in Maart en Junie 1947 tevergeefs beswaar gemaak teen die verdwyning van **New Era**, omdat dit met die oog op die 1948-verkiesing 'n effektiewe spreekbuis vir die H.N.P. sou wees.[145)]

Teen die einde van 1946 het adv. Jansen weer die ideaal van 'n nasionalistiesgesinde koerant vir Natal aangeroer. Hy het weer met die direksie van Voortrekkerpers in verbinding getree. Hoewel die direksie van Voortrekkerpers simpatiek gesind was oor die idee van 'n nasionalistiesgesinde koerant vir Natal, het hulle nie oor voldoende kapitaal beskik om so 'n koerant te finansier nie.[146)] Die ideaal het hiermee uit die notuleboeke van die belanghebbende organisasies verdwyn. Dit sou egter vir nog nege jaar as 'n sluimerende begeerte onder baie Natalse Nasionaliste bly voortleef, voordat dit kon realiseer.

**Die Natalse Afrikaner** het intussen as V.P.-spreekbuis ook 'n breër joernalistieke rol in Natal vervul. Vanaf 3 Oktober 1947 het die vergrote nuusblad in samewerking met Unie-Volkspers 'n nuwe tydperk op joernalistieke gebied in Natal betree.[147)] Die politieke polarisasie van nuusblaaie in Natal het egter ook **Die Natalse Afrikaner** se einde beteken. Op 12 Januarie 1951 het die nuusblad na ses lewensjare ook sy swanesang gesing.[148)] Dit is vanaf 19 Januarie 1951 tot 25 Februarie 1955 deur 'n uniale weekblad van die V.P., **Ons Blad**,vervang waarin Natalse nuus weinig voorgekom het.[150)]

Op Saterdag, 1 Oktober 1955, het Natalse Nasionaliste met 'n nuwe nuusblad vorendag gekom, wat as een van die belangrikste mylpale in die politieke stryd in Natal beskou is.[151)] Die pakkende nuusblad het as **Die Nataller** bekendgestaan.[152)] **Die Nataller** is uitgegee deur 'n maatskappy wat as Drakensbergpers bekend gestaan het. 'n Groep Nasionaliste het aandele in die maatskappy gekoop, met die doel om kapitaal te voorsien om **Die Nataller** uit te gee.[153)] Die nuusblad het aanvanklik onder die bekwame leiding van mnr. Theo Gerdener gestaan en is as een van die beste nuusblaaie in die land beskou.[154)]

In die eerste uitgawe van **Die Nataller** het adv. Jansen, as goewerneur-generaal, 'n boodskap van gelukwensing gehad. Hierin het hy nostalgies

teruggedink aan die tyd, "toe ek ook te doen gehad het met die uitgee en redigeer van 'n Afrikaanse blad te Pietermaritzburg. Destyds was daar nie soveel Afrikaanssprekendes in Natal as nou nie en dit het maar moeilik gegaan ... Dit is bemoedigend om te weet dat daar weer 'n blad in Afrikaans in Natal sal verskyn. Elke provinsie het sy eie Afrikaanse koerant(e) en daar is genoeg Afrikaanssprekendes in Natal om ook 'n eie weekblad daar te regverdig".[155)]

## VOETNOTE : HOOFSTUK 3

1) **De Kondschapper, De Bode, Die Afrikaner, Die Natalse Afrikaner, Die Brandwag, Die Voortrekker.** Vergelyk G.S. Nienaber : Honderd jaar Hollands in Natal, pp.210-217; A.J. van Wyk, Die Afrikaanse koerantwese in Natal, in NEON, 18 Augustus 1975, pp.95-100.

2) Vergelyk De Afrikaner, 22.4.1909 en 1.7.1909 : Berigte; Die Afrikaner, 1.9.1925 : Berig; Die Natalse Afrikaner, 1.4.1945 : Hoofartikel; A.J. van Wyk : Openbare mening, die pers en die historikus, in Historia, jrg. 21, nr. 2, September 1976, pp.100-120.

3) De Kondschapper, jrg. 1, no. 1, Oktober 1908, p.1; G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, pp.213, 215; P.J. Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika, p.79.

4) De Kondschapper, jrg. 1, no. 1, Oktober 1908, p.1.

5) De Kondschapper, jrg. 1, no. 4, September 1909, p.1.

6) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.213.

7) De Kondschapper, jrg. 1, no. 1, Oktober 1908, p.3.

8) Vergelyk De Kondschapper, jrg. 1, no. 1, Oktober 1908 - jrg. 3, no. 11, Januarie 1912; vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.213.

9) De Afrikaner, 8.5.1917, 15.5.1917, 23.4.1918 : Berigte, De Kondschapper, jrg. 1, no. 1, Oktober 1908, pp.1, 4, 9.

10) Kyk pp.192, 327.

11) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.215.

12) De Afrikaner, 28.8.1914 : Berig.

13) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, pp.215, 216; De Bode, 15 Junie 1914, p.17; 1 Julie 1914, p.44; 15 Julie 1914, pp.58, 60; 15 Oktober 1914, p.159; 15 Desember 1914, pp.193, 201, 207; 1 Mei 1915, pp.353, 367; De Afrikaner, 9.2.1915 : Berig.

14) De Afrikaner, 28.8.1914 : Berig.

15) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.216.

16) Kyk p. 242.

17) Kyk p. 161.

18) Kyk p. 162. Die lidwoord **De** is op 17 Januarie 1917 deur **Die** vervang.

19) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 305 : Notule van stigtingskongres, 24 en 25 Mei 1917, p.2; De Afrikaner, 29.5.1917 : Berig.

20) De Afrikaner, 28.5.1918 : Berig.

21) De Afrikaner, 7.6.1918 : Notule van kongressitting.

22) Die Afrikaner, 6.6.1919, 10.6.1919, 13.6.1919 : Notule van kongressitting.

23) Die Afrikaner, 21.5.1920 : Berig.

24) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.186.

25) Die Afrikaner, 20.5.1921 : Jaarverslag van die Korresponderende Sekretaresse, Mei 1920-Mei 1921.

26) Die Afrikaner, 20.5.1921 : Jaarverslag van die Korresponderende Sekretaresse, Mei 1920-Mei 1921; P.J. Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, p.80.

27) Kyk pp. 58, 59.

28) Kyk pp.62, 63.

29) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 304 : Voorsittersrede van adv. Jansen op die Wintertonkongres in 1920; Die Afrikaner, 21.5.1920 : Berig.

30) Die Afrikaner, 13.4.1920 : Berig.

31) Die Afrikaner, 20.5.1921 : Jaarverslag van die korresponderende sekretaresse, Mei 1920-Mei 1921.

32) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.187; vergelyk O. Maarschalk, Die Betekenis van die Saamwerk-Unie, in Die Saamwerk, Maart 1935, jrg. 5, no. 59, p.4; Die Saamwerk, September 1929, jrg. 1, no. 1, p.1; P.J. Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, p.81.

33) Die Voortrekker, Augustus 1928, jrg. 1, no. 1, p.3.

34) Die Voortrekker, September 1928, jrg. 1, no. 2, p.26.

35) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief J.J. Boshoff-Jansen, 21.10.1932.

36) Die Voortrekker, 27 Mei 1932, jrg. 1, no. 4, p.5.

37) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief J.T. Elliot-Jansen, 30.4.1932; kyk p.166.

38) Die Afrikaner, 29.4.1932 : Hoofartikel; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 30.4.1932.

39) Die Voortrekker, 6 Mei 1932, jrg. 1, no. 1, p.1; 6 Mei 1932, jrg. 1, no. 1, p.1; G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.217; P.J. Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, p.80; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 30.4.1932.

40) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief J.J. Boshoff - Jansen, 20.5.1932.

41) Kyk p. 169.

42) Vergelyk A.J. van Wyk : Die Afrikaanse Koerantwese in Natal, in NEON, 18 Augustus 1975, pp.95, 100; kyk p.152.

43) De Afrikaner 22.4.1909 : Berig; Die Afrikaner, 1.9.1925 : Berig; Die Natalse Afrikaner, 1.3.1945 : Berig.

44) De Afrikaner, 1.7.1909 : Hoofartikel.

45) Vergelyk De Afrikaner, 8.6.1917 : Hoofartikel.

46) Die lidwoord De is op 17 Januarie 1919 deur Die vervang.

47) Vergelyk hoofstukke 2 en 4.

48) Die toesighoudende komitee oor die Afrikaner Drukkery nadat dit deur Nasionale Pers oorgeneem is.

49) Dit is **De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aanteekenaar**, 5.4.1844-29.9.1846; **De Patriot - The Patriot**, 4.12.1846-25.8.1848; **The Natal Witness - De Natalsche Getuige**, 27.2.1846-2.3.1847; **De Natalsche Drogenes of De Nacht Wandelaar**, 1847; **De Natal en Zuid-Oost Afrikaan**, 2.4.1853-28.5.1853; **De ZuidOost Afrikaan**, 7.10.1853-17.8.1855; **De Natalse Bode**, 17.2.1862, 9.12.1862; **De Natal Boeren Vriend**, 24.9.1885-4.11.1887; **De Natal Afrikaner**, 3.6.1886-4.10.1904. Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.212 e.v.; P.J. Nienaber, 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, pp.72-77; A.J. van Wyk, Die Afrikaanse Koerantwese in Natal, in NEON, 18 Augustus 1975, p.95 e.v.; J.M. Herschensohnn, Hollands in Natal en in Zuid-Afrika, in De Afrikaner, 22.4.1909; M.J.A. Basson, Een en andere oor die vroegste tydskrifte in Natal, in Die Afrikaner, 1.9.1925.

50) Vergelyk Die Afrikaner, 25.2.1919 : Hoofartikel; G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.p.104 e.v., 213 e.v.

51) Vergelyk Die Natalse Afrikaner, 1.3.1945 : Hoofartikel.

52) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 19.8.1915.

53) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van Sentrale Bestuur, 18.1.1916.

54) De Afrikaner, 4.1.1916 : Hoofartikel.

55) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van Sentrale Bestuur, 4.4.1916.

56) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 25.4.1916.

57) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notules van Sentrale Bestuur, 20.2.1917, 10.7.1917.

58) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief W.A. Hofmeyr - Jansen, 16.3.1925.

59) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.211 e.v.; P.J. Nienaber, 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, p.71 e.v.; F.C.I. Bosman, Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika. Gedurende die 19de eeu, p.11.

60) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van Sentrale Bestuur, 3.10.1917.

61) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van kongressitting, 3.10.1917.

62) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/1 : Notule van Sentrale Bestuur, 1.11.1917.

63) Vergelyk De Afrikaner, 18.1.1918 en 1.2.1918 : Plaaslike Varia.

64) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 11.9.1918; vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Algemene Bestuurder-Jansen, 9.12.1920 en Koopkontrak, 1921.

65) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 1.10.1918.

66) Vergelyk Die Afrikaner, 5.12.1919 : Berig.

67) De Afrikaner, 15.11.1918 : Prospektus van De Nasionale Pers Beperkt.

68) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief W.A. Hofmeyr - Jansen, 16.3.1925.

69) De Afrikaner, 15.11.1918 : Prospektus.

70) Die Afrikaner, 2.12.1919 en 5.12.1919 : Berigte; INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 26.11.1919.

81) Die Afrikaner, 5.12.1919 : Berig.

72) Die Afrikaner, 28.11.1919 : Hoofartikel.

73) Die Afrikaner, 28.11.1919 : Hoofartikel.

74) Die Afrikaner, 28.11.1919 : Hoofartikel.

75) Die Afrikaner, 2.12.1919 : Hoofartikel.

76) Vergelyk Die Afrikaner, 26.12.1919, 16.12.1919 en 14.12.1920 : Hoofartikels; kyk W.J. Esterhuysen, Twee Gedenkwaardige Dagen, in De Kondschapper, jrg. 1, no. 2, Desember 1908, pp.32-34.

77) Die Afrikaner, 2.1.1920 : Hoofartikel.

78) Die Afrikaner, 2.12.1919 : Hoofartikel.

79) Die Afrikaner, 2.12.1919, 2.3.1920, 16.3.1920, 27.8.1920, 30.11.1920, 11.2.1921 : Hoofartikels.

80) Vergelyk Die Afrikaner, 7.9.1920 en 28.9.1920 : Hoofartikels.

81) Die Afrikaner, 18.3.1921 : Stadsnuus.

82) Kyk p.83.

83) Die Afrikaner, 24.10.1922 : Berig.

84) Vergelyk Die Afrikaner, 12.8.1921 : Berigte.

85) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van Sentrale Bestuur, 17.10.1921.

86) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/2 : Notule van kongressitting, 18.10.1921.

87) Die Afrikaner, 14.9.1923 : Berig.

88) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/23 : Notules van sewende en agste kongressiting, 18.10.1921 en 18.10.1922.

89) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Hofmeyr -Jansen, 7.3.1925.

90) Die Afrikaner, 24.10.1924 : Hoofartikel en berig.

91) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Hofmeyr -Jansen, 16.3.1925.

92) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Briewe Hofmeyr -Jansen, 7.2.1925, 16.3.1925 en Koopkontrak, d.d. Maart 1925.

93) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Hofmeyr , 11.3.1925.

94) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief J.A. Smith - Jansen, 17.3.1925.

95) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Briewe Hofmeyr -Jansen, 7.3.1925 en 16.3.1925.

96) Die Afrikaner, 21.9.1926 : Hoofartikel.

97) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief S. Ferreira - Jansen, 14.3.1925; Die Afrikaner, 4.6.1926 : Hoofartikel.

98) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 117 : Brief J. Elliot - Jansen, 6.8.1927; Brief Jansen - Mei, 8.8.1927; Brief Jansen - Elliot, 9.8.1927.

99) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Elliot, 6.2.1929.

100) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Ferreira - Jansen, 28.1.1931.

101) Vergelyk Die Afrikaner, 27.1.1931 : Hoofartikel.

102) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Ferreira, 2.2.1931.

103) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Ferreira, ongedateer.

104) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief M. Bekker-Jansen, 3.3.1931.

105) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Ferreira - Jansen, 12.5.1931.

106) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 8.8.1931; Brief Jansen - Brebner, 18.8.1931.

107) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Brebner - Jansen, 20.8.1931.

108) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 25.8.1931; Briewe Jansen - Elliot, 26.8.1931 en 27.8.1931.

109) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Brebner, 26.8.1931; vergelyk brief Jansen - Elliot, 26.8.1931.

110) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Brebner, 15.9.1931; Brief Brebner - Jansen, 17.9.1931.

111) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Ferreira, 15.9.1931.

112) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot (besturende direkteur) - Jansen, 22.9.1931.

113) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 22.9.1931; Brief Jansen - Elliot, 29.8.1931.

114) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 12.3.1932.

117) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - J.J. Boshoff, 25.4.1932; Die Afrikaner, 29.4.1932 : Brief Jansen - die Nasionaliste van Natal.

118) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Boshoff, 25.4.1932.

119) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Telegram Jansen - Elliot, 15.4.1932; Brief Jansen - Elliot, 25.4.1932.

120) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 30.4.1932.

121) Die Afrikaner, 29.4.1931 : Hoofartikel.

122) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Elliot, 25.4.1932.

123) Die Afrikaner, 29.4.1932 : Brief Jansen - die Nasionaliste van Natal; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Jansen - Elliot, 25.4.1932; Die Volksblad, 2.5.1932 : Berig.

124) Die Volksblad, 2.5.1932 : Hoofartikel; vergelyk J. Ferreira, Die Afrikaner 1886-1932, in Die Afrikaner, 29.4.1932.

125) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 6/2/1/1/1 : Jaarverslag van Sentrale Bestuur vir die 1932 kongressitting.

126) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief Elliot - Jansen, 30.4.1932; Die Afrikaner, 29.4.1932 : Berig.

127) Die Volksblad, 2.5.1932 : Hoofartikel en berig.

128) Die Brandwag, 4.10.1932 : Hoofartikel.

129) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van Hoofbestuur, 30.7.1932; Die Brandwag, 11.10.1932 : Berig.

130) Die Brandwag, 4.10.1932 : Hoofartikel.

131) Die Brandwag, 4.10.1932 : Berig.

132) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/4 : Notule van Hoofbestuur, 1.7.1933.

133) INEG, UOVS, M.M. Jansenversameling, Lêer 11 : Brief J. Ferreira-M. Jansen, 12.4.1934.

134) Die Natalse Afrikaner, 11.10.1937 : Hoofartikel en berig.

135) Die Natalse Afrikaner, 31.3.1942 : Berig.

136) Die Natalse Afrikaner, 1.3.1945 : Berig.

137) Die Natalse Afrikaner, 1.3.1945 : Hoofartikel.

138) INEG, UOVS, F.A.K.-versameling, Lêer 1/3/1/1/2 : Agenda van Uitvoerende Komitee, 19.2.1946.

139) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 88 : Brief J. Greyling-Jansen, ongedateerd.

140) INEG, UOVS, F.A.K.-versameling, Lêer 1/3/2/1/3 : Notule van Dagbestuursvergadering van die Instituut vir C.N.O., 8.3.1946.

141) INEG, UOVS, F.A.K.-versameling, Lêer 1/3/2/1/4 : Notule van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K., 11.5.1946.

142) INEG, UOVS, F.A.K.-versameling, Lêer 1/3/2/1/4 : Notule van 'n gesamentlike Dagbestuursvergadering van die F.A.K. en die Instituut vir C.N.O., 15.6.1946.

143) INEG, UOVS, F.A.K.-versameling, Lêer 1/3/2/1/4 : Notule van Uitvoerende Komitee, 1.7.1946.

144) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notule van Hoofraadvergadering, 31.10.1946.

145) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/5 : Notules van Hoofraadsvergaderings, 31.3.1947 en 28.6.1947.

146) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 5 : Brief A.J. van Zyl (Hoofbestuurder) - Jansen, 7.12.1946.

147) Die Natalse Afrikaner, 3.10.1947 : Hoofartikel.

148) Die Natalse Afrikaner, 12.1.1951 : Hoofartikel en berig.

149) Ons Blad en Die Volkstem, 19.1.1951 en 25.2.1955 : Hoofartikels.

150) Vergelyk INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyvergadering, Lêer 2/1/1/5 : Brief T. Gerdener - E. de Beer, 1.2.1955.

151) Die Nataller, 1.10.1955 : Berig.

152) INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 6/2/1/1/2 : Verslag aan die Hoofraad i.s. **Die Nataller**, 11.8.1961.

153) Die Nataller, 24.7.1959 : Berig.

154) Die Nataller, 1.10.1955 : Berig.